

MAART | MARCH 2015

Volume 17 | No 3

GRAAN SA GRAIN

AMPTELIKE GRAAN SA-TYDSKRIF/OFFICIAL GRAIN SA MAGAZINE



Besoek ons op die web

Visit us online



EERSTEKLAS SAAD EN KUNDIGHEID
VERSEKER 'N SUKSESVOLLE OES



Saam boer
ons vir die
toekoms™

AGRICO Spilpunte & Lineêre Besproeiers



Spilpunte word in-huis gegalvani-seer; minimum 100 mikron (1.8 keer die ISO 146 standaard). Dit beteken 80% langer lewensverwagting.



"Windsaver" masjiene is stabiel en vir 4 jaar gewaarborg teen omwaai.



"Cablesaver" beperk kabel diefstal. Die kabel loop binne-in die pyp en word nie maklik bygekom nie.



"Autoflush" spoel die spilpunt wanneer die pomp aankom.



Die AGRICO 3-been senter met sy wye voetspoor is besonder stewig.



AGRICO naatlose diens: Opmeet, ontwerp, vervaardiging, aflewing, oprigting en naverkopiediens.

NAVRAE: Alfred Andrag ☎ 082 824 1214 ☎ 021 950 4111 ☎ 950 4208 ☎ alfred.andrag@agraco.co.za

VERKOPE EN DIENS MET TAKKE OOR DIE LAND:

- Aliwal-Noord • Bellville • Bethlehem • Bloemfontein • Bothaville • Caledon • Ceres • Cradock • Estcourt • George •
- Hartswater • Humansdorp • Kakamas • Kimberley • Kroonstad • Lichtenburg • Malmesbury • Moerreesburg •
- Nelspruit • Nigel • Nylstroom • Pietermaritzburg • Piketberg • Rawsonville • Tzaneen • Upington • Vredendal •

AGRICO

Meer as 100 jaar van diens!
More than 100 years' service!



Ontmoet ons medewerkers...

moses Tshekgene Ramusi was born and bred in a small village between Polokwane and Louis Trichardt called Bottlakwa (Sekonye). He obtained a Bachelors degree in Agriculture from the University of Venda and continued with an Honours and a Masters majoring in Plant Pathology at the University of Pretoria.

He works as a plant pathology researcher at the ARC-Grain Crops Institute in Potchefstroom. His duties include among others, conducting technical research projects on grain crops, pathology, general planning of action and preparation of field and greenhouse trials (planting, maintenance, inoculation, sampling and data collection). Surveying maize and sunflower diseases also form an integral part of his duties.

During his spare time he either travels or watches soccer, movies and he appreciates music. Read his article "Sclerotinia disease of sunflower: A devastating pathogen" on page 95.

Op bladsy 20 vertel ROBBIE LINDEQUE (LNR-KGI) ons meer oor Shingwedzi: 'n Splinternuwe droëlandkoringkultivar wat deur die LNR-KGI geregistreer is vir vrystelling in die somerreënvalstreek. Hierdie kultivar volg kort op die hakke van Koonap, Senqu en Kouga. Produsente behoort saad van hierdie nuwe kultivar beskikbaar te hê teen 2016.



Buffelsiekte (so genoem omdat buffels die siekte oordra) is 'n akute, gewoonlik dodelike, siekte vir beeste en stem ooreen met of toon dieselfde simptome as Ooskuskoers by beeste. Buffelsiekte is 'n bosluisoorgedraagde besmetting van die protozoiese bloedparasiet *Theileria parva*. DR JAN DU PREEZ (Instituut vir Suiweltegnologie) lig ons meer hieromtrent in op bladsy 64.



Sclerotinia stem rot of sunflower is not a direct major threat to sunflower production in South Africa. However, according to Moses Ramusi and BRADLEY FLETT (ARC-GCI), Sclerotinia head rot can cause major damage, particularly in early-planted crops that ripen in cool, wet conditions. On page 95 they discussed "Sclerotinia disease of sunflower: A devastating pathogen".



Oestyd is een van die mees intense tydperke van die grondboonproduksiesiklus. Besluite wat hier geneem word, kan groot impakte hê op die finale winsmarge wat in die produsent se sak eindig. Op bladsy 105 weeg LOUREINE SALOMON (LNR-IGG) meganiese oes teenoor die pak van hopies op. Wanneer die twee tipes oesmetodes aan die skaal gehang word, is daar beide voor-en nadele.



MEDEWERKERS vir hierdie uitgawe

Abrie Coetzee, Kim Coetzee, Chris Dannhauser, Stephan de Groot, Petrus Delport, Ron Derby, Jannie de Villiers, Jan du Preez, Wimpie du Toit, Gert Els, Gerhard Engelbrecht, Bradley Flett, Petru Fourie, Eddie Goldschagg, Jan Greyling, Dirk Hanekom, Elmarie Helberg, Daniel Herbst, Steve Hochfeld, Elbé Hugo, Mary James, Jaco Kellerman, Koos Kirsten, Francois Koekemoer, Wessel Lemmer, Robbie Lindeque, Hans Lombard, Corné Louw, Lebogang Madubanya, André Malan, Jim McDermott, Chrissie Miles, André Nel, Leana Nel, Leonard Oberholzer, Willem Otto, PJ Pieterse, Moses Ramusi, Stephanus Richter, Loureine Salomon, Nemera Shargie, Gerie Smit, Hendrik Smith, Elmarie Stoltz, Ruan Stander, Joubert Swanepoel, Wayne Truter, Gennie Trytsman, Lodewyk van der Merwe, Peet van der Walt, Japie van der Westhuizen, Barry van Houten, Danie van Niekerk, Barent Wentzel en Andries Wessels

VOORPUNT



ESTIE DE VILLIERS, redakteur

my hart verlang vandag sommer net plaas toe. Al weet ek die mielies staan witgebrand en toegedraai op die lande; die voer vir die skape is min en die produsente loop met strak gesigte rond...

Ek sit nou die dag by die haarkapper en ewe skielik val daar 'n bui reën. "O, ek hoop dit reën op Lydenburg ook," sê die haarkapper. "Hoekom?" vra die een kliënt. "Want my pa-hulle boer daar en het reën baie nodig," kom die antwoord.

Hoe bekend klink dit nie! Soos hulle sê: "Eenmaal 'n boer se kind; altyd 'n boer se kind." 'n Mens sal maar altyd wonder oor of dit reën by jou ouers op die plaas. My kinders vra ook al as dit by ons in die stad reën: "Ek wonder of dit by Oupa-hulle op die plaas reën?" Dit is dan ook die eerste ding wat 'n mens vra as jy bel: "Het dit gereën?"

Oom Petrus van Verkeerdevlei skryf nou die dag in 'n e-pos aan my: "Jy is seker al moeg vir die landbouers se gepraat oor die weer?" En dan sê hy 'n baie waar ding: "Wat sal 'n mens dan anders doen as 'n mens se hele bestaan daarvan afhang?!"

'n Mens kan mos nie anders as om oor die weer en die droogte te praat nie.

Wessel Lemmer van Graan SA kyk in dié maand se *Graanmark-oorsig* na die impak van die midsomerdroogte op die vraag en aanbod van mielies. In die artikel word drie scenario's geskets. Die aanname wat gemaak word, word deeglik bespreek. Sonder voldoen-de reënval, word voorsien dat oesskade teen 'n toenemende tempo aangeteken kan word.

In 'n nuusvrystelling wat Graan SA in Februarie uitgereik het, voorspel die organisasie ook dat 'n ondergemiddelde oes (indien geen reën binne die volgende tien dae sou voorkom nie) sal lei tot tragiese omstandighede in die graanboerderygemeenskappe en die landelike ekonomie. "Dit sal lei tot hoë voedselprysse vir ten minste die volgende twaalf maande."

Maar dan raak Jannie de Villiers (uitvoerende hoofbestuurder: Graan SA) weer iets anders aan in *Graan SA Standpunt* wat 'n mens nuwe perspektief gee: "Dit bly maar moeilik om te keer dat 'n mens se gedagtes met jou op hol gaan. Ons enigste rem in dié geval, is ons geloof: Ons krag lê in stil wees en vertroue!"

Ons vertrou dat weervoorsigtige verbeter het teen die tyd wanneer jy die tydskrif in jou hande hou.

Estie



105



64



PROFILE: MINISTER SENZENI ZOKWANA

108

INHOUD | CONTENTS

MAART/MARCH 2015

• GRAAN SA | GRAIN SA

- 8 Recognising farming excellence on all levels adds value
- producers awarded in 2014 give their views
- 10 Bemagtigingsmodelle wat werk in die Wes-Kaap
- (Deel 2a)
- 15 *Graan SA/Omnia Boerepatentekompetisie-*
inskrywingsvorm

• FOKUS OP SAAD | FOCUS ON SEED

- 18 Dowwe sonneblompitte van die afgelope seisoen
bly 'n raaisel
- 20 LNR-KGI regstreer splinternuwe droëlandkoringkultivar
- 22 Uitblinkers in die Instituut se hawerteeltprogram
- 23 Koedoes: A flagship irrigation wheat cultivar for
the ARC-SGI
- 25 Toppresteerders in elke kategorie
- 28 The flexible forage herb – tonic plantain
- 31 Low-cost drought and low nitrogen-tolerant maize
hybrids for food security in South Africa
- 32 Droogteverdraagsame mielie bekend gestel
- 34 Clearfield-tegnologie – van nuweling tot staatmaker
- 39 Beskerm jouself deur gesertifiseerde saad aan te koop
- 40 **Inset-oorsig:** Wintergraan- en kanolasaadpryse vir 2015
- 42 The value of biotechnology in crop production
- 44 GM maize seed: Contribution to yield gain
- 46 Monsanto se Acceleron hou tred met
saadbehandelingsgroei
- 47 Tap into free resources – inoculation of lucerne
coated with Agricote
- 49 Link Seed: Mielie- en sojaboontkultivars vir
die 2015/2016-seisoen

- 50 Sensako-koringkultivars – die eerste stap na
winsgewende koringproduksie
- 52 Sojaboontverbouing onder die loep
- 53 In the spotlight: Sorghum seed production by
smallholder farmers
- 54 Graansorghum – nuut in die pyplyn
- 55 Voortydige uitloop: Produsente moet weet waar
die risiko's lê
- 56 Weiding bied legio geleenthede
- 58 'n Strewe na goeie mieliekultivars teen billike prysse
- 59 Hierna kan kanolaproodusente uitsien

• FOKUS OP DIEREGESONDHEID | FOCUS ON ANIMAL HEALTH

- 64 Wat jy moet weet oor Buffelsiekte
- 69 Dieregesondheid – die graanprodusent se las
of belegging?
- 70 Presisieboerdery vir melkkuddes:
Die gebruik van maatstawwe om doelwitte te bereik
- 75 Funksiionele vleisbeesvoerkrale
- 77 Pneumonia in sheep

• OP PLAASVLAK | ON FARM LEVEL

- 78 SACOTA and arbitration's role in our grain
and oilseed industries
- 80 **Graanmark-oorsig:** Die impak van die midsomerdroogte
op die vraag en aanbod van mielies
- 85 **Conservation agriculture:** Integrated crop and
pasture-based livestock production systems (Part 13)
- 89 **Onkruide in die winterreënvalstreek:** Sterremuur
(Chickweed) (Deel 10)

- 95 Sclerotinia disease of sunflower: A devastating pathogen
- 101 Die onkruidsaadbank se effek op gewasverbouing
- 102 Bewaringsbewerking of bewaringslandbou?
- 104 Hoe akkuraat was die Oesskattingskomitee?
- 105 Die oes van grondbone: Meganiese oes versus die pak van hopies

AKTUEEL | RELEVANT

- 108 I invest in agriculture because I want to lead from the front
- 110 A look at the contribution of the agricultural sector to the South African economy
- 112 Political analysis: Our politics...
- 113 Good labour practices and relationships in the spotlight
 - Vastrap Enterprises (Part 1)
- 114 SA Graan/Sasol Chemicals (Kunsmis) fotokompetisie: Interpretasies van plaaslike beïndruk
- 116 Hoe "goed" is die kwaliteit van die broodmeel op die winkelrak?

RUBRIEKE | FEATURES

- 1 Voorpunt
- 4 Graan SA Standpunt: Tafeltennis op sy beste
- 5 Grain SA Point of View: Table tennis at its best
- 5 Uit die Woord
- 7 Om die waarheid te sê...
- 7 Op die kantly
- 117 Kuier saam met Abrie: 'n Marokkaanse boerebraai
- 119 Wheels for the farm: New Mercedes-Benz CLS range
 - one of the best cars on the road
- 120 E-posse aan Grootneef: Oliekolonies kry hot agter

Acknowledgement is hereby given to the Maize Trust for its financial contribution towards the distribution of this magazine.



Voorblad | Cover

Kom wat wil, ons boer vir die toekoms.



EIENAAR/UITGEWER

GRAAN SA, POSBUS 88, BOTHAVILLE, 9660
BESTURENDE REDAKTEUR: Johan Loxton
 Tel: 08600 47246 • Faks: 086 509 7276
 E-pos: johan@grainsa.co.za

SUBSKRIPSIE EN VERSPREIDING
(ADRESVERANDERINGE): Marina Kleynhans
 Tel: 08600 47246 • Faks: 086 509 7281
 E-pos: marina@grainsa.co.za

REDAKSIE

REDAKTEUR: Estie de Villiers
 Tel: 013 752 5731 • Sel: 083 490 9449
 Faks: 086 275 4157
 E-pos: estiedv@mweb.co.za

SA GRAAN/GRAIN TEGNIESE REDAKTEUR: Johan Smit
 Tel: 018 468 2716 • Faks: 018 468 7782
 Sel: 082 553 7806
 E-pos: johan@infoworks.biz

REDAKSIONELE ASSISTENT: Elmien Bosch
 Tel: 018 468 2716 • E-pos: elmien@infoworks.biz

BLADUITLEG EN REPRODUKSIE: Ashley Erasmus en Jesseme Ross, Infoworks
 Tel: 018 468 2716 • E-pos: ashley@infoworks.biz

DRUKWERK: Colorpress
 Tel: 011 493 8622

SPOTPREENTEKENAAR: Frans Esterhuyse

ADVERTENSIEVERKOPE

KOLBE ADVERTISING – Kaapstad
 Jurgen van Onselen
 Tel/faks: 021 976 4482 • Sel: 082 417 3874
 E-pos: jurgenvo@iburst.co.za

KOLBE ADVERTISING – Kaapstad
 Johan van Onselen
 Tel: 022 451 2773

GRAAN SA HOOFKANTOOR

Blok C, Alenti Office Park
 Witheritestraat 457
 Die Wilgers
 Pretoria
 0041
 Tel: 08600 47246
 Faks: 012 807 3166
 Besoek Graan SA op die web: www.grainsa.co.za



- Die menings van die skrywers van artikels in hierdie blad is hul eie en verteenwoordig nie noodwendig die mening van Graan SA nie.
- *The opinions expressed by contributors are their own. They do not necessarily express the opinion of Grain SA.*
- "Promosie-artikels" is betaalde artikels; terwyl "produk-inligting"-artikels feitlik kan bevat oor kommersiële produkte.
- "Advertisials" are paid articles; while "product information" articles may contain facts on commercial products.

ALLE regte van reproduksie van alle berigte, foto's, tekeninge, advertensies en alle ander materiaal wat in hierdie tydskrif gepubliseer word, word hiermee uitdruklik voorbehou ingevolge die bepalings van Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg Nr. 98 van 1978 en enige wysigings daarvan.

Graan SA STANDPUNT POINT OF VIEW



JANNIE DE VILLIERS, uitvoerende hoofbestuurder/CEO

TAFELTENNIS op sy beste

ek het die afgelope klompie maande 'n interessante verskynsel beleef: Daar het op 'n gereeld basis iets sommer baie positiefs met my persoonlik of met Graan SA gebeur om maar net weer in 'n baie kort oomblik gevolg te word deur iets slegs aan die teenoorgestelde pool van die lewe.

Dit is soos tafeltennis. Die verskynsel van vreugdediewe is nie vir my iets onbekends nie, maar die absolute tydsberekening daarvan en die hoe vlak van intensiteit was beslis anders. My emosionele grense van op en af was erg getoets. Een dag word prominente, lojale ondersteuners van Graan SA sommer 'n opponent en die volgende dag kom daar 'n kompliment vanuit 'n geweste wat jy nooit verwag het nie. Ons beleef groot deurbrake met sake waarmee ons al jare stoei, om maar net weer die volgende dag 'n nuwe berg te ontdek wat ons moet oor.

Dit is seker hoe 'n weermark ook werk. As daar 'n kans vir reën is, daal prysie in oormaat en as dit nie goed lyk nie, klim dit sommer baie. Uiterstes is natuurlik 'n wonderlike teelaarde vir konflik, spanning en misverstande. Dit is in sulke tye wat jou karakter getoets en gebou word.

Een van my mentors het dit jare gelede aan my uitgewys dat 'n mens maar min leierskap nodig het as alles vlot gaan, maar dat dit in die moeilike tye is wat jy dit nodig het – dan is selfbeheersing, geduld en geloof van die vakke wat jy sal moet slaag om na die volgende vlak te kan beweeg. Daar is 'n gesegde wat sê dat as die studente eksamen skryf, is die professore en lektore doodstil. Dit is juis in dié stilte wat ons as organisasie onself nou bevind.

Ons leierskapvergaderings is baie intens, ernstig en beslis rigting-gewend vir die toekoms. Die span leiers is toegewyd aan die saak van die graanprodusent en hulle pak die sake met groot erns aan. Die organisasie is baie gelukkig om sulke manne en vroue aan die stuur van sake te hê. Hulle maak klokslag die kopskuif om van plaasvlak na nasionale probleme oor te skuif.

“ ...dat dit in die moeilike tye is wat jy dit nodig het – dan is selfbeheersing, geduld en geloof van die vakke wat jy sal moet slaag om na die volgende vlak te kan beweeg. ”

Die hoofbestuur van Graan SA het vroeg in Februarie vergader en alhoewel die inhoudelike van die vergadering baie goed was, was die gemoedstemming glad nie lekker nie. Die somergrane was besig om te verdroog en alle moontlike lewe in die plante (en hulle eienaars) was vinnig besig om te kwyn. Daar is selfs uitgewys dat die huidige regering nog nie 'n algemene droogte beleef het sedert hulle aan bewind gekom het nie. Dit het 'n hele waterval van emosies losgemaak.

Eskom gaan alreeds ver uit hulle pad om die ekonomie te sink en 'n droogte met rampspoedige gevolge vir die landbou en platteland gaan regtig 'n moeilike kombinasie wees. Die tweede helfte van Februarie gaan beslissend wees. Dit bly maar moeilik om te keer dat 'n mens se gedagtes met jou op hol gaan. Ons enigste rem in dié geval is ons geloof: Ons krag lê egter in stil wees en vertroue!

Dit is in hierdie tye van tafeltennis-emosies wat ons ankers moet hê om ons deur te dra – hierdie ankers is ons geloof en manne en vroue wat al menigmaal deur hierdie prosesse gegaan het. Sterk! ■

TABLE TENNIS at its best

In recent months I have experienced a very interesting phenomenon. On a regular basis something extremely positive has happened to me personally or to Grain SA, only to be followed within a very short time frame by something bad at the opposite pole of life.

It is like table tennis. The occurrence of pleasure thieves is something not unfamiliar to me, but the specific timing of it and the high level of intensity were undeniably quite different. My emotional boundaries of ups and downs were definitely severely tested. I would on the one day find prominent, loyal supporters of Grain SA becoming opponents, and the next day a compliment comes from a totally unexpected corner. We are experiencing breakthroughs with matters we have been grappling with for years, only to discover a new mountain to be crossed the next day.

That is most likely the manner in which a weather market operates. Should there be a possibility of rain, prices decrease too drastically and if the weather forecast is not positive, prices climb excessively. Extremes are of course a remarkable breeding ground for conflict, stress and misunderstandings. It is under these conditions that your character is tested and formed.

One of my mentors, years ago, pointed out to me that a person requires very little leadership ability when everything is going smoothly, but in difficult times it is needed the most – then self-control, patience and faith are the subjects you have to pass to move on to the next level. There is a saying which states that when the students are writing exams, the professors and lecturers are

dead quiet. It is in such a lull that we as an organisation find ourselves now.

Our leadership meetings are very intense, serious and definitely directional for the future. The team of leaders are dedicated to the affairs of the grain producer and they go about these matters with great gravity. The organisation is very fortunate to have such men and women steering the business. They regularly make the mind shift from farm level to national problems.

The Executive of Grain SA had a meeting early in February and although the content of the meeting was very good, the general frame of mind definitely was not. The summer grains are dying off from the drought and all possible life in the plants (and their owners) were wilting rapidly. It was even pointed out that the current government had not yet experienced a general drought since coming to power. This unleashed a whole waterfall of emotions.

Eskom is already going out of its way to sink the economy and a drought with disastrous consequences for agriculture and the rural areas will really be a very difficult combination. The second half of February is going to be decisive. It remains difficult to prevent one's thoughts from playing havoc with you. Our only compensation in this instance is our faith. Our strength, however, lies in quietude and trust!

It is during these times of table tennis emotions that we need anchors to carry us through – these anchors are our faith and men and women who have gone through these processes many times. God speed! ■

Uit die
WOORD

DS KOOS KIRSTEN



Wat gaan ons eet? Baie ma's en vrouens hoor hierdie vraag gereeld. Deesdae is dit ook nie meer net 'n vraag wat in huise gevra word nie, maar ook in raadsale en regeringskantore regoor die wêreld. Voedselsekerheid is 'n saak waaraan al hoe meer regerings aandag gee en met reg, want voedselskaarste kan 'n regering tot 'n val bring.

Ons moet die vraag na wat ons gaan eet egter nie net tot aardse kos beperk nie. In Deut 8:3 sê die Here aan Israel dat 'n mens nie net van brood alleen sal lewe nie. Hy sal lewe van elke woord wat uit die mond van die Here gaan. Wanneer die duiwel die Here Jesus versoek nadat Hy 40 dae sonder kos was, haal Jesus hierdie gedeelte aan as antwoord op dit wat die duiwel gesê het.

Ons raak baie keer so besig met ons aardse werk om kos te kry, dat ons hierdie belangrike beginsel vergeet. Die Here stel egter nie aardse kos en sy Woord teenoor mekaar nie. Jesus leer ons immers in die Onse Vader dat ons ook vir ons daagliks brood moet bid. Dit is dus nie die een of die ander nie, maar albei. Ons moet net die regte balans handhaaf.

In Joh 4:31 - 34 lees ons wat die Here Jesus hieroor te sê het. Sy dissipels het gaan kos koop en by Hom aangedring dat Hy moet eet. Hy antwoord hulle toe dat hy ander voedsel het waarvan hulle nie weet nie. Toe hulle dit nie verstaan nie, sê Hy dat sy voedsel is om die wil van sy Vader te doen. Dit het tot gevolg gehad dat Hy aan die kruis moes sterf om vir ons sondes te betaal.

Wat gaan ons vandag eet? Ons liggame vereis aardse kos en wanneer ons eet, bly ons aan die lewe. Wat gaan ons vandag eet? Ons moet vandag ook die wil van ons Vader doen. Dit kan egter onder sekere omstandighede tot ons liggaamlike dood lei, maar dit sal altyd tot gevolg hê dat ons geestelik bly lewe. Ons moet dus vandag en elke ander dag eet en "eet". ■

Wen 'n Bybel

Ook beskikbaar in Engels, Zulu en Xhosa.

Stuur 'n e-pos na estledv@nweb.co.za of faks na 086 275 4157 voor die einde van die maand waarin die uitgawe verskyn en staan 'n kans om hierdie Bybel te wen.

Baie geluk aan Petrus Fourie van Verkeerdelei wat vir die Desember-uitgawe van SA Graan/Grain die gratis Bybel gewen het.



KENMERKE VAN DIE STROPER TAFEL

- Oumatiese dekplate
- Beperk vermorsing en afstamp van pitte
- Langer rollers = sagter hantering van materiaal
- Lae onderhoudskoste
- Met of sonder stronkekappers beskikbaar
- Aanpasbaar by enige stroper
- Kan sonneblom en mielies stroop *
- Sonneblom toestelle opsioneel beskikbaar



Die Drago Stropertafel is uitstekend wat vermorsingsbeperking betref, die oumatiese dekplate keer dat enige kleiner koppe deur die dekplate getrek word. Ek maak ook nie meer gebruik van optellers agter die stroper nie. Ek is baie beïndruk met die tafel se vermoe om sonneblom te stroop met byna geen vermorsing en die omskakeling van 'n ry tafel is vinnig en eenvoudig, en daar is geen behoefte meer vir 'n tweede sonneblom tafel nie. Die onderhoud op die tafel is ook verbasend laag. Kortom is daar nie 'n ander opsie vir my as Drago nie.

-Jerry Basson-Bossies, Delareyville distrik-NW



Ek persoonlik dink Drago tafels is die beste in die mark. Lae onderhoudskoste, baie maklik verstelbaar van mielies na sonneblom, baie gebruikersvriendelik. Die kop stroop ook besonders skoon. Die hoeveelheid funksies van die tafels maak dit bekostigbaar vir enige boer en sodoende kry jy 'n veeldoelige en uitstekende geharde produk.

-Bennet Pretorius - Coligny - NW

SUNSTORM



DIE BESTE KEUSE OM SONNEBLOM TE OES

Maklik
Professioneel
Lae instandhouding



Om die
WAARHEID *te sê...*



'n Droogte wat tans in die somersaaigebiede voorkom, is nie die enigste dreigende slaggat wat druk plaas op Suid-Afrika se voedselsekerheid nie. Hernude uitsprake deur die regering oor drastiese grondhervorming; die impak van beurtkrag én groeiende mynbouaktiwiteite op bewerkbare landbougrond, is kort op die hakke hiervan.

A drought that currently occurs in the summer rainfall areas is not the only looming "pothole" that puts pressure on South Africa's food security. Renewed statements by the government on drastic land reform; the impact of load shedding as well as the impact of growing mining activities on arable farmland, is hot on the heels of this.

Op die KANTLYN



Ek geniet u blad terdeë en leef behoorlik saam met die boere. Op 'n plaas grootgeword; later op ons kleinhoeve deeltyds geboer en nou nog arbeidsaam – praktiseer as prokureur op die ouderdom van 87 jaar en doen al my huiswerk sowel as kantoorwerk self. Dit hou mens jonk!

Ek sien Kleinneef skryf oor die verhale uit die "boere-oorlog". My ouers het altyd van die "Drie-jarige oorlog" of die "Engelse oorlog" gepraat. 'n Boer kan mos nie teen homself oorlog voer nie!

My man is gedurende 1972 dood en vandaar moes ek ons vier kinders alleen grootmaak en die boerdery voortsit; benewens my praktyk as prokureur.

Ons vrouens is mos "nimmer-einders".

– Mev HJ Smal, Eldoraigne (Brief verkort – Red.)

ONTHOU HIERVAN!!!

12 tot 15 Mei:
Graan SA se NAMPO Oesdag

“ During this year of the 60th anniversary of the Freedom Charter, land has become one of the most critical factors in achieving redress for the wrongs of the past. ”

– President Jacob Zuma, State of the Nation address on 12 February 2015

“ Die ANC se standpunt dat die besit van plaasgrond tot twee please per eienaar asook 'n maksimum van 12 000 hektaar beperk moet word om grondverdeling te bespoedig, is vir die landbousektor totaal onaanvaarbaar en kan die ekonomiese en verbruikers tot groot nadeel strek. ”

– Johannes Möller, president van Agri SA in 'n mediaverklaring uitgereik op 29 Januarie 2015

-72,7%

Die ses stropereenhede wat in Januarie verkoop is, verteenwoordig 'n skerp daling vergeleke met die 22 eenhede wat Januarie verlede jaar verkoop is.

– Persverklaring van die Suid-Afrikaanse Landboumasjinerie-assosiasie; 9 Februarie 2005

Gee gerus jóú mening van die kantlyn af:

estiedv@mweb.co.za

083 490 9449



▲ Katlego Maboe (master of ceremonies) leads the guests in singing the national anthem at last year's Grain SA awards ceremony.


Recognising farming excellence on all levels adds value

– producers awarded in 2014 give their views

ELMARIE HELBERG, SA Graan/Grain contributor

Whilst grain producer excellence on farm level has been recognised by Grain SA for many years, 2014 represented a year of change as the format of the Grain Producer of the Year awards was expanded to also include a category for subsistence farmers and one for

smallholder farmers. The latter categories now share the podium with the New Era Commercial Farmer of the Year and the Grain Producer of the Year. SA Graan/Grain asked each winner's opinion about what taking part in the adjudication meant for their farming operations.



▼ Enoch Khumalo



Enoch Khumalo

– Grain SA/Absa Subsistence Farmer of the Year

Mr Enoch Khumalo was a farm worker for about 30 years, mainly working with sheep and cattle. He is now a maize farmer.

What is the key to your success?

Listen and learn – I joined Grain SA's Donkerhoek study group a few years ago and attended all the courses as well as all the meetings and lectures. I went back to my farm and applied my knowledge. I farm scientifically, fertilisation recommendations are done with soil analysis; weed control is excellent and done chemically. I plant suitable cultivars and keep to the correct planting time and practices.

What value has the competition and the judging thereof had for you and your farming operation?

I have the qualities to expand and it is here where the competition will be very valuable to me. Everything I have done to this point has been with my own finances; I've received no financial help from the government. I hope this award will enable me to get the help that I need to expand my farming operation.

Lungelwa Kama

– Grain SA/Syngenta Smallholder Farmer of the Year

The Department of Rural Development and Land Reform made available a farm in the Eastern Cape to Ms Lungelwa Kama and also provided some implements. She has managed to lease additional land on which she plants maize and in addition to that, she also farms with potatoes and cattle.



▲ Lungelwa Kama

What value has the competition and the judging thereof had for you and your farming operation?

It exposed me to the expertise of other farmers in South Africa and to what makes them successful, as well as to what Grain SA is all about. I have also received financing for my inputs from Humansdorp Co-op. Being part of the programme boosted my ego and I have positively influenced other farmers in the area, particularly women and youth. The Department of Agriculture, Forestry and Fisheries has paid visits to my farm with a view to a possible partnership.

I've also received the support of Syngenta, Monsanto and Profert and for me that hasn't gone unnoticed.

Ralph Swart

– Grain SA/Absa New Era Commercial Farmer of the Year

Ralph Swart has been farming for over 32 years and plants wheat, barley, triticale and oats and also runs a livestock division that consists of sheep, cattle and ostriches.

What value has the competition and the judging thereof had for you and your farming operation?

It has given me a lot of exposure. Doors began to open and we can now start to reap the fruits of all our hard work – we have received donations, inputs, cash prizes and tours. We have been to Argentina and there is a possibility of us going to Paris to the International Agricultural Show.

What is your advice for other farmers who want to be considered for this award?

Good decision-making and planning is cardinal. Start to seriously consider conservation farming. Be constantly on the lookout for new challenges. Participate in agricultural invitations and ask questions where necessary. Become part of Grain SA's programmes, it is a must. Hang in there if you are a farmer and want to stay a farmer. Mentoring is also very important for farmers.



▼ Ralph Swart

Richard Hobson

– Grain SA/Syngenta Grain Producer of the Year

Mr Richard Hobson's farming operation consists of three branches, namely grain, cattle and wildlife.

What value has the competition and the judging thereof had for you and your farming operation?

The adjudication team is very professional and competent and producers can really learn from them. It is very valuable to see yourself compared to world class producers and criteria.

What is your message to other producers in South Africa?

Let's be positive about our industry and about the opportunities it offers as well as the challenges it presents. Let us join hands with organised agriculture, let's make their hands strong, so that they can give us a channel to communicate with the policymakers of the country. Let's make agriculture an industry with a bright future, for both black and white producers. ■



Bemagtigingsmodelle

wat werk in die Wes-Kaap

- Deel 2a

STEPHANUS RICHTER, produsent, Windheuwel en Genadeshoop Boerdery, Piketberg

If you base your security in the fulfilment of your own needs, you will enslave yourself – if you base it on your contribution, you will be free."

Dit is wat my ouers in die tagtigerjare besef het. Die stelsels van ons land in die verlede, het groot skade aan verhoudings en aan ons plattelandse mense se identiteit aangebring.

Dit gaan egter nie oor hoe die lewe begin is nie, maar hoe mens dit eindig. My pa het verantwoordelikheid geneem om regstellings aan te bring en het my daardeur geleer dat wanneer 'n mens verantwoordelikheid vir iets neem, goed of sleg, dit aan jou sak sal vat. As jy egter die regte dinge doen, sal God dit eer en jou bonatuurlik bystaan.

My ouers het tot die beste van hulle vermoë begin om te bou aan die lewens van diegene rondom hulle en deur hulle naaste se verskillende vaardighede te identifiseer en dit uit te bou. Soos ons weet was dit moeilike tye en aan albei kante "van die draad" was dinge maar deurmekaar. In 1987 het my pa-hulle elke ooggend op die plaas met skriflesing en gebed begin. Dit is daar waar die Here in almal se harte, veral my pa's'n, begin werk het.

Vir my as kind, was ons een groot familie op die plaas, al was daar kultuur- en kleurverskille. Toe ek begin boer het, was daar alreeds groot genesing, maar steeds sekere regstellings wat hanteer moes word. Ek self was ook 'n jong man wat nou moes kies watter rigting ek wou inslaan. Deur die genade van die Here, die beste vrou in die wêreld, goeie vriendskappe op die plaas en die voorbeeld van my ouers, het ek gelukkig gekies om te glo in die liefde.

Dit bring my by die volgende stappe wat gevvolg is:

Stap 1: Vergifnis

Ons moes nederig erken dat daar foute in ons lewens was en deur ons families gemaak is. Ons moes vir Jesus om vergifnis vra, alles teruggee aan Hom en ook jammer sê aan mekaar op die plaas. Ons titels en magsposisies moes ons verruil vir die lewens van dienaars. Ons moes ons identiteit vind in Christus. Dit is Hy wat 'n mens neem na die funksie van jou lewe en

jou ook funksioneel maak daarvoor. Nou het ons die voordeel vir mekaar begin soek, bo ons eie begeertes. Ons moes die vakbonde, boere-unies, kerke en invloede almal opsy skuif en fokus op mekaar.

Vanaf 2003 tot 2005 het ons 'n erg droogte saam meegemaak en het mekaar se belang op die hart begin dra en aan elkeen se roeping begin bou. Daar in die droë jare het ons elkeen genoegsaam in onsself gesterf, om mekaar vir die eerste keer werkelik raak te sien en lief te hê.

Hiermee saam het ons dienaars van die grond geword en alles in ons vermoë begin doen om tekorte in die grond reg te stel en die beste praktyke, wat vir die grond goed is (nie noodwendig vir ons sakke nie) toe te pas. Vinnig het ons gesien hoe opbrengste verbeter asook ons vermoë om meer te kan hanteer. Ons moes leer om in geloof te investeer in die grond. Dit het ons voorberei, sodat ons later in geloof in mekaar kon begin belê.

Stap 2: Opoffering

Om deur 'n onsigbare plafon in ons verhoudings te breek, moes daar iets moois gebeur. Gee dus van wat jy het om vir ander 'n begin te gee. Hierdie "vredesoffer" is as 'n beginpunt gebruik om vanaf uit te bou. Moenie jou besluite deur "somme" laat bepaal nie – die somme sal nie vooraf klop as dit geloofstappe is nie.

In my geval was dit die beskikbaarstelling van 100 ha grond en 100 skape (jaar 1), al het ons op daardie stadium R2,5 miljoen droogteskuld gehad. Van die span op die plaas se kant af was dit liefde, vertroue en ondersteuning wat ek weer baie nodig gehad het. In die tweede jaar is 170 ha beskikbaar gestel, in jaar drie 300 ha en in die vierde jaar nog 300 ha huurgrond (in totaal dus 600 ha).

Daar is begin deur streng volgens 'n begroting te werk en vir die werkersgroep hul eie besigheid te registreer (Genadeshoop BK). Op dié stadium was dit belangrik om drie jaar se finansiële state bymekaar te kry om sodoende vir 'n produksieling te kon kwalificeer.

Dit is egter goed vir die vestiging van goeie verhoudings om aanvanklik hulp uit eie fasiliteite te verleen, sonder rente.

'n Begroting is opgestel en daaruit is die afleiding gemaak dat dit tot finansiële voordeel sou wees indien hulle op daardie stadium steeds vir my besigheid (Windheuwel) moes werk en daaruit salarissee trek. Die persone betrokke moes ook self besluit wat hulle met hul besigheid wou bereik.

Genadeshoop BK se doel was om hulle eie plaas te bekom. Met hierdie skuif moes hulle dienskontrakte met Windheuwel BK beëindig en hulself aanbied as kontrakteurs. Dit was dus 'n skuif van werknemer (pligte uitvoer) na kontrakwerker (werk vir hulself). Jy kan nie 'n eienaar van 'n plaas word, of in twee besighede vennote wees, as een die werkgewer en een die werknemer is nie. Dit is 'n groot kopskuif aan albei kante. Die aard van julle verhouding sal die moontlikheid van hierdie tree bepaal.

Daar is konstant bly werk na hulle mikpunte toe, deur korttermynndoelwitte te stel. Die groep het uit eie geledere 'n voorsitter aangewys, wat 'n nou pad met die Here gestap het. Hy het soggens begin, terwyl ek Woensdagoggende die Boodskap oorgedra het wat die Here met my gedeel het. Uit 'n finansiële oogpunt is besluit om 'n buitepersoon aan te stel om die finansies te hanteer. Hierdie persoon moes beide besighede se werkzaamhede binne die begrotings hou en sonder emosie sorg dat mikpunte bereik word en verantwoordelikhede nagekom word.

Stap 3: Opleiding

Opleiding is baie belangrik en daar is geopoog om die begunstigdes volgens hulle verskillende passies, belangstellings en gawes op te lei en aan te wend. Daar is besluit dat die manne een dag per week op hulle eie plaas sou werk.

Hierdie vryheid was nodig om inisiatief aan te wakker, maar ook dat die groep beter as 'n span sou saamwerk. Die manne se boerdery is egter hanteer soos nog 'n "kamp" van Windheuwel en hulle plaas is nie slegs een dag 'n week gedien nie, maar soos nodig.

Die volgende stap was om hul besigheid vir befondsing by die staat te registreer – hiervoor moes hulle 'n mentor aanstel en dit het my in die posisie geplaas om vorentoe te tree as "pa" van hulle besigheid.

1



“

Om deur 'n onsigbare plafon in ons verhoudings te breek, moes daar iets moois gebeur.

”

- ◀ 1: Die span by Genadeshoop se plaasingang.
- ▶ 2: Whernit Dirks, Johannes Alkaster en Ashley Wes by een van hul kontrakimplemente.
- ▼ 3: Leon Davids en sy seun, Renzo, by een van die werktuie van hul kontrakbesigheid.

3



2





Bemagtigingsmodelle wat werk in die Wes-Kaap

Die staat se mikpunt is dat die besigheide 'n mentor het wat self in die area boer, met dieselfde boerderyvertakkings en wat toesig hou oor die projek, tot almal se voordeel. Tyd is saam met elkeen spandeer, sodat elkeen sy verantwoordelikhede onder die knie kon kry.

Kaap-Agri se Akademie in Porterville bied 'n baie goeie boerderyontwikkelings/akademieprogram aan wat baie besigheids- en bestuurswyshede asook boerderypraktyke hanteer.

Daar is ook by Graan SA se opleidingskursusse ingeskakel. Die besigheid se behoeftes en tekortkominge is soos volg geïdentifiseer:

- Masjineriekontrakkostes
- Sekuriteit: Identifiseer eiendom
- Onkundigheid: Opleiding
- Karakterboukursusse
- Langtermyndoelwitte: Beplanning
- Kinders se toekoms: Werk met kinders deur hul pa's

Daar is aan die begin besluit dat winste so ver as moontlik in die besigheid teruggeplaag moet word. Die gedagte was om 'n deposito bymekaar te maak vir 'n eerste stap (*stepping stone*) ('n bekostigbare plaas), wat kon lei tot 'n ekonomiese eenheid.

Stap 4: Eie grond/sekuriteit

Díe fase het die aankoop van eie landbougrond behels. Hierdie besit van eiendom het 'n volwassenheid in elkeen bewerk. Dit vereis nog meer verantwoordelikhed omdat dit dalk maklik is om iets te koop en te onderhou, maar dit is 'n groot uitdaging om iets te groei tot finansiële onafhanklikheid (met boonop vyf gesinne wat saam in die besigheid is).

Dit is 'n uitdaging om 'n paaiement te betaal en ook te ontwikkel op 'n nuwe plaas. Dit het egter gedien as 'n verpligte besparing, wat 'n bate is, om sekuriteit te skep. Om by 'n ekonomiese eenheid uit te kom, sou 'n mens egter érens moes begin.

Nou moes 'n kultuur van rentmeesterskap geskep word. 'n Eienaar dink lang termyn, terwyl 'n huurder kort termyn dink. 'n Eienaar investeer, terwyl 'n huurder onttrek. Identiteitvaslegging en geloofsgroei is waar iemand beweeg vanaf slaaf na seun van God.

Daar sou nou meer op hulle eiendom gewerk word, dus moes goed beplan word,

want dit sou beteken dat minder aandag aan Windheuwel spandeer sou word. In ons geval is daar in jaar sewe 'n plaas van 450 ha aangekoop.

Stap 5: Eienaarskap

Verantwoordelikhed en groei kan nie van iemand verwag word sonder om eienaarskap aan daardie persone te gee nie. Jy kan ook nie oorwinning verwag oor onderliggende persoonlike sake, as jy nie ook bereid is om vryheid en spasie aan daardie persone te gee om hulle eie besluite te maak en die gevolge daarvan te dra nie.

Elkeen moet sy eie kruis optel. Dit is egter ook belangrik om te beweeg van "elkeen vir homself" na "elkeen vir die familie." Dit is hier waar 'n paar mense "uit die bus" gevall het. Gelukkig hanteer die Here self hierdie ongemaklikhede.

Die familie, die "wedstryd" en ons getuienis is groter as die individu. Tot 'n groot mate is dit waar die jongmense vashaak. Jy kan nie nou meer mense probeer manipuleer vir jou eie begeertes nie. Jy moet self God jou bron maak en op Hom staatmaak vir die aanmekaarsit van jou toekoms. Ook moet jy nederig besef dat Hy deur hulle rondom jou gaan werk en dat jy hulle sal moet dien, liefhe en jou *commitment* sal moet bewys.

Kwaliteitverhoudings bewerk 'n kwaliteit lewe. Dit was nou sinneloos om twee van alles op die plase aan te hou. Toerusting vir hulle boerdery en ook vir joune. Ons het geleer dat die mate van potensiaal bepaal word deur die mate van jou ondersteuning. Die besighede sou beide vinniger verder groei en vooruitgaan deur mekaar te ondersteun as om elkeen 'n eie pad te loop.

'n Inventaris van alle toerusting is derhalwe opgestel. Hierdie toerusting is verdeel tussen die vyf pa's op die plaas. Elkeen van hulle was teen hierdie tyd in elk geval reeds verantwoordelik en werksaam met toege-deelde toerusting.

Die vyf werkende seuns is elkeen na sy pa geallokeer, sodat hulle as 'n span verantwoordelikhed kon neem. Al die toerusting is in 'n trust geplaas en financiering is daarvoor gekry. Aanvanklik het ek nik vir myself uitgehou nie, maar met die oorskakeling na geenbewerking (*no-till*) op 'n groot gedeelte van my plaas, het ek toe vir my ook 'n kontrakbesigheid ('n trekker met 'n geenbewerkingsplanter, rolmoer en strooier) gestig. Elke pa het nou sy

nie kontrakbesigheid gehad. Die twee besighede (Windheuwel en Genadeshoop) het sewe jaar kontrakte gegee aan die kontrak BK om funksies op die plase te verrig. Hierdie aksie het die pa se utoriteit oor sy seun gevestig.

Ook het die seuns iets gehad waarvoor hulle saam met hul pa's kon werk om dan later weer by hom oor te neem. Dit gesê, het verhoogde salarisso onmiddellik 'n impak gemaak op Genadeshoop en Windheuwel. As daar samewerking en respek is, sal Hy dit eer en geleenthede bygee om die somme te laat klop.

Masjinerie sou nou tussen vyf en agt jaar afbetaal word. Nou was daar 'n motief om harder te werk en ook om hektare by te kry om masjinerie so gou as moontlik af te betaal. Die skuif vanaf venoot na eienaarskap word gemaak in die volgende termyn. Die manne wat nie skouer aan die wiel sit nie en nie hulself aandryf om eienaarskap en verantwoordelikhed te neem van hulle besighede nie, sal hulself in 'n hoek dryf uitwerk.

Dit is vir die pa nodig om saam met sy seun te betaal vir wat hulle bekom en sodoende hulle besigheid saam opbou. As my seuns plaas toe kom sal hulle hierdie kontrakbesigheid moet deurwerk voordat hulle meer kan kry. Ons hart is dat ons kinders oorvat, maar hulle sal toetse moet slaag, soos ons hulle moes slaag – dit is deel van karakterbou.

Die afgelope 15 jaar was vol bonuslose jare, swak salarisso, droogtes, uitdagings en groot teleurstellings, maar 'n mens se karakter is versterk en verbeter om te wys ons staan bymekaar. Ook moes ons wys dat ons die Here toelaat om ons toekoms te bestuur.

Ek wil 'n beroep op elkeen maak: Ons moet raaksien dat die vryheid en groei in 'n eie besigheid, die saamwerk en ondersteuning met en vir jou naaste, tyd vir familie en vriende, 'n geleenthed om iets vir God te doen, 'n erfenis opbou vir ons kinders, spaar vir ons oudag, spasie om ons probleme (*issues*) deur te werk en tyd vir God, baie meer as geld werd is. Geld bevredig in die kort termyn, maar los 'n groot gat in die lang termyn.

In die volgende uitgawe skryf Stephanus Richter verder oor die res van die stappe wat hulle op Windheuwel en Genadeshoop Boerderye gevolg het. – Red. ■



VERLAAG JOU KOSTE VAN EIENAARSKAP

- Nuutste enjintegnologie – doeltreffende kraglewering, 16% laer brandstofverbruik
- Beste transmissiekeuse vir presisiewerk in strawwer toepassings
- Gereed vir integrering met enige presisieboerderyproduk
- 7 modelle van 96 tot 177 kW
- Ook met Row Crop-bande: MF 7615 van 103 kW (enkelwiele); MF 7624 van 162 kW (dubbelwiele); MF 7626 van 177 kW (dubbelwiele)

KONTAK JOU MF HANDELAAR NUU!
Of skakel 011 898 0474 vir jou naaste handelaar

MF 7600-REEKS NOU OOK BESKIKBAAR MET ROW CROP-OPSIES

VAN MASSEY FERGUSON

DIE REGTE KEUSE MAAK SAAK




KIES DIE BETROUBARE NAAM IN BEMESTING

DIT MAAK NET SIN

60+ JAAR SE KENNIS, NAVORSING EN VERHOUDINGS

VOORDELE: VENNOTE • LANDBOUKUNDIGE DIENSTE • INVESTERING • WAARDE • PRODUKREEKS
KWALITEIT • VERHOUDINGS • ONDERSTEUNINGSDIENSTE • NAVORSING & ONTWIKKELING • OMGEWING & VEILIGHEID
TEGNOLGIE • PRODUKSIEFASILITEITE



 **omnia**
NUTRIOLOGY • NUTRILOGIE*

*the science of growing • wetenskap vir groei

Kontak ons 011 709 8778 / 011 709 8916 of jou plaaslike Omnia landboukundige - besoek www.omnia.co.za
Omnia Kunsmis, Posbus 69888, Bryanston, 2021 Reg No: 2006/013996/07



Graan SA/Omnia **Boerepatentekompetisie:** Beweeg saam met die tye

GRAAN SA SE NAMPO OESDAG 2015: 12 - 15 MEI



AMPTELIKE INSKRYWINGSVORM

Aangebied deur Graan SA en Omnia. Vindingryke produsente kry weer geleentheid om gemodifiseerde landbutoerusting te demonstreer.

Die doel van die Boerepatentekompetisie is om produsente met oorspronklike idees aan te moedig om toerusting wat deur hulle gebou is vir spesifieke aanwending of vir die doel om hul eie probleme op die plaas te oorkom, met hul medeprodusente te deel wat sal lei tot algemene en groter doeltreffendheid en gerief op die plaas.

Wat is 'n boerepatent?

Dit is 'n oorspronklike toestel of toerusting wat deur 'n individu ontwerp en gebou is om in 'n spesifieke behoefte te voorsien wat nie deur bestaande toerusting bevredig word nie. Die toestel of toerusting mag nie gepatenteer wees nie en mag deur enige persoon vir eie gebruik naegebring word. Sien ook Reël 9.

Inskrywings

Rig alle inskrywings aan mnr Wim Venter, Graan SA, Posbus 88, Bothaville, 9660. Daar sal dan 'n eerste keuring gedoen en 'n sertifikaat van deelname aan alle gekeurde inskrywings uitgereik word. Inskrywingsvorms is ook beskikbaar by die Graan SA-kantoor – skakel hulle by 08600 47246.

Let wel: Sou jou patent van so 'n aard wees dat dit nie voor die tyd vervoer kan word nie, is ons meer as bereid om 'n DVD/video te ontvang (ten minste 'n maand voor die kompetisie) of as jy graag van die nuutste inligtingstegnologie wil gebruik maak, kan jy dit op YouTube plaas – stel egter dan net vir Wim Venter daarvan in kennis.

REËLS VIR DIE KOMPETISIE

1. Ingeskreve artikels moet op die voorgeskrewe wyse by die Graan SA NAMPO Oesdag ten toon gestel word. Daar sal van die uitsteller verwag word om sy patent praktiese te demonstreer vir die duur van die NAMPO Oesdag, met ander woorde, al vier dae.
 2. Inskrywings sal slegs op die ampelike inskrywingsvorm aanvaar word.
 3. Inskrywingsvorms moet Graan SA se kantoor minstens twee weke voor die aanvang van die NAMPO Oesdag bereik. Behalwe in die geval van 'n DVD/video, moet dit die beoordeelaars ten minste een maand voor die tyd bereik.
 4. Die uitsteller is verantwoordelik vir die vervoer van en toesig oor sy patent gedurende en na afloop van die uitstalling.
 5. Graan SA of Omnia kan geensins verantwoordelik gehou word vir enige verliese gely deur die uitsteller weens sy deelname aan die kompetisie nie.
 6. Patente (en uitstellings) moet die oorspronklike idee van die uitsteller wees.
 7. Slegs bona fide produsente of ander individue wat geen belang by die kommersiële vervaardiging van soortgelyke toerusting of toestelle het nie, mag inskryf.
 8. Geen toerusting wat kommersieel bemark of in die proses van registrasie is, mag meebring nie.
 9. Die inskrywing van gepatenteerde produkte wat omgeskakel word in 'n nuwe patent, sal toegelaat word mits dit nie kommersieel beskikbaar is nie.
 10. Die aangewese beoordeelaars se beslissing ten opsigte van die toekenning van prysie is finaal en geen appèl teen enige besluit sal aangehoor word nie.
 11. Die beoordeelaars sal prysie toeken na goeddunke en inskrywings afkeur wat volgens hul oordeel nie inpas nie.
 12. Afdelings waaronder deelgeneem kan word:
 - A. Masjinerie, implemente en landbutoerusting
 - A1: Nuut
 - A2: Gemodifiseer/aangepas
 - B. Gereedskap
 - B1: Nuut
 - B2: Gemodifiseer/aangepas
 - C. Huishoudelike-/tuintoerusting
 - C1: Nuut
 - C2: Gemodifiseer/aangepas
 - D. Ope-afdeling

Enigquets nie hierbo vervat nie, maar wat betrekking het op die verbetering van landbou/landboubestuur op graan- en veelplase (byvoorbeeld rekenaar- en enige bestuursprogramme, programmatuur ensvoorts).

13. (a) Uitstellings moet op die laaste Maandag, 11 Mei 2015, teen 14:00 op die terrein wees. Kundige wettenoordigheid vir die duur van die NAMPO Oesdag word verwag. Inskrywingsvorms moet saam met die patent by die ingangshek getoon word.

(b) Geen uitstalling mag voor Saterdag, 16 Mei 2015, verwyder word nie.

(c) Alle inskrywings word as permanente uitstellings vir die duur van die NAMPO Oesdag beskou. Waar daar byvoorbeeld van 'n voertuig soos 'n bakkie gebruik gemaak word om 'n patent te demonstreer, sal die bakkie as 'n permanente deel van die uitstalling beskou word en mag dit nie tydens die periode wat die NAMPO Oesdag duur, van die terrein verwyder word nie. *Sien 13(a).*

Beoordeling vind op 12 Mei 2015 plaas en produsente word genooi om patente te kom besigtig op standplaas 104 langs die Omnia-gebou. Moet dit nie misloop nie!

AS JOU LEWE DAARVAN AFHANG, TEL ELKE DRUPPEL.

*Reën of droogte, goeie of slegte tye...
ons is, soos altyd, reg langs jou.*



Jóu greep op die mark

By NWK weet ons dat elke suksesvolle boer 'n slim vennoot nodig het wat rotsvas langs jou staan en hand bysit wanneer dit nodig is.

As 'n maatskappy is NWK trots op ons vermoë om jou by te staan met raakvat-oplossings wat help om jou landboubesigheid vooruit te laat gaan. Ná meer as 'n eeu in die landboubedryf, fokus ons steeds daarop om ons klante en produsente te help om hul geleenthede ten volle te benut. Ons holistiese benadering tot innoverende oplossings en uitmuntende dienslewering is die ruggraat van ons wenspan wat die uitdagings van die landbou-industrie voluit aanpak.



TEL +27 (0) 18 633 1000 FAKS +27 (0) 18 633 1900
SCHOLTZSTRAAT 81 POSBUS 107 LICHTENBURG 2740
www.nwk.co.za

NWK Beperk is 'n gemagtigde finansiële diensteverkaffer (lisensienr. 44998) en 'n geregistreerde kredietverkaffer (registrasiernr. 2789).

NWK
BEPERK • LIMITED
SEDET • SINCE 1909

Fokus op saad

SA Graan/Grain gee erkenning aan die volgende adverteerders en instellings vir hul deelname aan die fokus op saad:

- Advance Seed
- Agricor
- Barenbrug Suid-Afrika
- Bayer CropScience
- Graan SA
- Klein Karoo Saad Bemarking
- Link Seed
- LNR-Instituut vir Graangewasse

- LNR-Kleingraainstituut
- Monsanto
- Pannar Saad
- Pioneer
- SANSOR
- Sensako
- Syngenta
- United Seeds ■

**PLANT VIR
VOLGEHOUE
SUKSES**

Met **DEKALB®**-saad as deel van jou boerdery, sorg jy vandag reeds vir die dag van mōre, omdat jy weet, met **DEKALB®** plant jy sukses. Ons tegnologie en navorsing gerugsteun deur spanwerk en professionele advies dra by tot jou volgehoue sukses, nie net vandag nie, maar ook in die toekoms.

Monsanto tel: 011 790-8200 | www.monsanto.co.za

Kontak gerus ons kliëntediens by: 011 790-8200 of customercare.sa@monsanto.com

DEKALB® en Monsanto is geregistreerde handelsname van Monsanto Technology LLC.

Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.



MONSANTO

Dowwe sonneblompitte van die afgelope seisoen bly 'n raaisel

ANDRÉ NEL, LNR-Instituut vir Graangewasse

Die 2013/2014-seisoen het almal verras. Sekere dele het die welbekende midsomerdroogte ondervind, maar uiteindelik het dit goed gereën. Sonneblom wat onder die droogte deurgeloop het, het bykans sonder uitsondering goed herstel en alles het baie belowend gelyk – tot met oestyd.

In baie gevalle was die opbrengs laer as wat verwag is. 'n Groot deel van die oënskynlike groot oes het as dowwe pitte op die land agter die stroper oorgebly. Swak bestuiwing is aanvanklik as die skynbare rede vir die dowwe pitte beskou.

Die probleem het wyd kop uitgesteek en enkele gevalle is in Limpopo en die Vrystaat gesien, maar dit was meer opvallend en gelokaliseerd in die Noordwes Provinse, veral in die Delareyville-, Schweizer-Reneke-, Migdal-produksiegebied. Aanvanklik is die vinger na sekere kultivars gewys wat veral die probleem getoon het, maar later het dit geblyk dat meer sonneblombasters van verskillende maatskappe ook deurgeloop het. Ook is aanplantings met verskillende plant-datum en 'n variasie van produksie-omstandighede geraak.

Oorsaak

Dowwe pitte kom byna altyd by sonneblom voor, maar die hoeveelheid wissel van een geval na 'n ander. Die literatuur noem dat tot 20% dowwe pitte nie ongewoon is nie, maar dit is gewoonlik nie so opmerklik nie omdat die res van die pitte daarvoor kompenseer. Die voorkoms van dowwe pitte gedurende die afgelope seisoen was egter bogemiddeld in sekere produksie-areas, wat dit duidelik maak dat die oorsake daarvan nagevors moet word. Dit is logies dat een of ander gebeurtenis of omstandigheid gedurende die blom- en graanvulperiode daartoe aanleiding moes gegee het.

Op die land kom die koppe normaal voor en is produsente nie altyd van die probleem bewus nie. Sodra daar egter gestroop word, is dit duidelik, maar om dan te probeer vasstel wat vroeër in die seisoen gebeur het, is haas onmoontlik. Leidrade bestaan teen oestyd nie meer nie. Tog kan daar na aangetekende navorsing gekyk word en die moontlike oorsake van dowwe pitte minstens beredeneer of afgelei word.

Moontlike oorsake

Insekte

Insekte kan op twee wyses betrokke wees as moontlike oorsake vir die probleem. Eerstens as 'n moontlike plaag. Die Afrika bolwurm en koolvalslandmeter (*looper*) kom jaarliks voor en word in baie gevalle met insekdoders bestry. Dat hierdie insekte bydra tot die probleem van dowwe pitte is onwaarskynlik, maar dit is tog iets wat nie buite rekening gelaat moet word nie en toekomstige navorsing vereis.

Buisblomme op die kop wat nie bestuif nie gee gewoonlik aanleiding tot dowwe pitte. Insekte en veral bye en stuifmeelkewers speel 'n belangrike rol as bestuiwers. Die gebruik van insekdoders kan die bestuiwing en vrugvorming indirek beïnvloed as dit die bestuiwers doodmaak of afweer.

Voor die koms van basters in die 1970's, het insekte 'n belangrike rol in die bestuiwing van sonneblom gespeel. Moeite is dikwels gedoen om korwe by sonneblomlande te plaas sodat bye die bestuiwingsproses kon bevorder. Alhoewel moderne sonneblombasters selfverenigbaar is en dus self bestuif, speel insekte steeds 'n klein rol in kommersiële sonneblomlande.

Die afwesigheid van insekte en bestuiwing, of insekte as plaag as die hoofoorsake van dowwe pitte die afgelope seisoen is dus onwaarskynlik, maar kennis moet daarvan geneem word en dit vereis ook verdere navorsing deur entomoloë.

Siektes

Siektes kan plante voortydig laat afsterf en die opbrengs ernstig benadeel. Houtskoolvrot het in die 2012/2013-seisoen skade aan mielies onder stremmingstoestande veroorsaak. Hierdie siekte is 'n groter probleem by sonneblom as wat dit by mielies is, dus is daar groot onsekerheid oor tot watter mate die oordrag-inokulum uit die vorige seisoen se mielialande, die opvolgsonneblom beïnvloed het.

Siektes wat die stuifmeel vernietig of die bestuiwings- en bevruggingsproses direk benadeel, is onbekend, maar dat dit die beskikbaarheid van fotosintaaft kan veroorsaak, is 'n feit. Weer eens is dit onwaarskynlik dat siektes hier 'n hoofoorsaak was, maar dit verg verdere navorsing en die evaluering van sonneblombasters vir weerstand teen die siektes, soos onder andere houtskoolvrot, is veral belangrik.

Boortekort

Boor is een van die noodsaaklike elemente by sonneblom, en tekortsimptome, soos nekbreek en misvormde koppe, bestuiwing en ook vrugvorming, is bekend. 'n Boorgebrek kan swak bestuiwing en dowwe pitte tot gevolg hê aangesien die stuifmeel van plante met 'n boorgebrek se lewenskragtigheid laag is. Die stempel word ook beïnvloed wat verder tot swak bestuiwing kan aanleiding gee. In 1981 is in *Oliesade Nuus* berig dat sonneblom in sekere gevalle vegetatief besonder goed gegroeи het en hoë saadopbrengste verwag is. As gevolg van 'n boortekort was 'n hoë persentasie van die sade dof en uiterse swak saadopbrengste behaal met ooreenstemmende groot finansiële verliese. Oesverliese as gevolg van 'n boortekort van meer as 60% is daardie betrokke seisoen in talle produksiegebiede waargeneem.

Alle sonneblombasters is sensitief vir boortekorte, maar daar is groot verskille in hul vermoë om boor op te neem. Die verskille verklaar dan ook moontlik tot 'n mate waarom die dowwepitverskynsel meer by sekere basters as ander waargeneem is. Boortekort kan egter nie alleen as hoofoorsaak beskou word nie, want dit het gewoonlik 'n interaksie met die heersende weersomstandighede. Ernstige boorgebrekke is bekend tydens droogte, maar dit blyk voorts dat dit ook onder besonder gunstige reën kan voorkom. In die 1981-seisoen is daar spesifiek melding gemaak dat die gunstige reën sterke vegetatiewe groei gestimuleer het, maar dat 'n hoë persentasie (50% - 80%) ongevulde saad voorgekom het.



▲ Op die land kom die koppe normaal voor en is produsente nie altyd van die probleem van dowe sonneblompitte bewus nie.

Die beskikbaarheid van boor onder sekere toestande en die boor-behoefte van moderne kommersiële sonneblombasters verg dringende verdere navorsing om die interaksies beter te verstaan en probleme in die toekoms te kan voorkom.

Fotosintaatvoorsiening

Die produk van fotosintese word kortweg fotosintaat genoem en bestaan uit suikers wat na die verskillende dele van die plant versprei word. Tydens graanvulling vloeи van die fotosintaat na die sonneblomkop en word dit deur biochemiese prosesse tot olie, proteїen en ander bestanddele omgeskakel om die kern van die pit te vul.



▲ 'n Groot deel van die oënskynlike groot oes het as dowe pitte op die land agter die stroper oorgebly.

Onvoldoende voorsiening van fotosintaat is 'n baie bekende oorsaak van swak gevulde en dowe pitte. In so 'n geval is swak bestuiwing nie die oorsaak van dowe pitte nie. Wat kenmerkend is van 'n gebrek aan fotosintaat, is dat die dowe pitte hoofsaaklik in die middel van die kop voorkom om 'n dowe kol te vorm.

Navorsing het getoon dat sonneblom wat onder skadunet gekweek word, se dowe-pitgetal baie kan toeneem teenoor sonneblom wat in volle sonlig groei, veral as dit in die graanvulperiode plaasvind. Beperkte sonlig as gevolg van bewolkte weer, is een moontlike oorsaak vir dowe pitte.

Alles duï daarop dat sonneblom oor die algemeen 'n baie hoë sonlig-behoefte het, veral in die blom- en graanvul-groeistadia. Wêreldwyd word dit in semi-arieide klimaatstreke verbou wat deur baie sonskyn en beperkte reënval gekenmerk word.

Die afgelope seisoen het relatiewe lang, nat, bewolkte periodes in die geaffekteerde areas voorgekom, wat moontlik langer geduur of 'n bepaalde intensiteit oortref het as wat gewoonlik die geval is. Dié buitengewone humiede, bewolkte weer het waarskynlik 'n groot rol in die dowe-pitverskynsel gespeel.

Slotsom

Uit al die bogenoemde is dit duidelik dat die dowe-pitverskynsel wat die afgelope seisoen in sekere areas waargeneem is, 'n kompleks probleem is wat nie bloot net aan 'n enkele faktor toegeskryf kan word nie.

Dit duï eerder op 'n sameloop van omstandighede in die onvoorspelbare natuur. Dit is noodsaaklik dat die saak uitgepluis moet word, want dit is slegs met voldoende insig in 'n probleem, dat sinvolle oplossings gevind kan word.

Weer eens bevestig dit ook die belangrikheid van voortgesette landbounavorsing op verskeie van hierdie fokusareas in 'n gewas soos sonneblom, wat so belangrik is in die Suid-Afrikaanse gewasverbouingsstelsel. ■

LNR-KGI registreer splinternuwe droëlandkoringkultivar

ROBBIE LINDEQUE, LNR-Kleingraaninstituut, 'n Instituut van die LNR-Veldgewasdivisie

Shingwedzi is 'n splinternuwe droëlandkoringkultivar wat deur die LNR-Kleingraaninstituut (LNR-KGI) geregistreer is vir vrystelling in die somerreënvalstreek. Hierdie kultivar volg kort op die hakke van Koonap en Senqu (albei in 2011) en Kouga (2013).

Beskikbaarstelling van hoëpotensiaal, genetiese agtergronde aan koringprodusente is een van die belangrike pilare waarop die lewensvatbaarheid van koringverbouing rus. Gereelde vrystelling van nuwe droëlandkultivars dui op 'n gesonde program, nes die destydse rekordafmetings van die Krugerwildtuin se olifanttande.

'n Versameling van relevante genetiese agtergronde, die inbou daarvan in koringlyne wat aangepas is vir die binneland en akkurate seleksieprosedures lei tot gereelde kultivarvrystellings. Die nuwe kultivar, Shingwedzi, styg ook op verskeie gebiede bokant die gemiddelde standarde uit en beloof om hoë opbrengste te lewer, maar om ook enersyds hierdie goeie opbrengste met stabiele kwaliteit aan te vul.

Graanopbrengs van Shingwedzi in 2012 en 2013

Met die vroeë aanplanting (tweede en derde week van Junie) in 2012 het Shingwedzi nie betekenisvol hoér opbrengs as enige van die drie kommersiële kultivars gehad nie. Opbrengsresultate uit die verskillende proeflokaliteite van die Oos-Vrystaat toon egter dat Shingwedzi beter aangepas is vir hoëpotensialomgewings, soos Clarens, Kransfontein en Meets. In die 2013-seisoen, gekenmerk deur laat reëns vanaf November, verander die opbrengsprentjie heeltemal. Shingwedzi se opbrengs in die vroeë aanplanting van hierdie seisoen is betekenisvol hoér as Standaard D, betekenisvol minder as Matlabas en dieselfde as Standaard C (**Grafiek 1**).

Die graanopbrengs van Shingwedzi in 2012 by 'n laat plantdatum (derde week van Julie) was betekenisvol hoér as Standaard D, betekenisvol laer as Standaard E en dieselfde as Elands (kwaliëtystandaard). In 2013 baat die meeste van die inskrywings by die

laat reën en die opbrengs van Shingwedzi is net betekenisvol hoér as Elands. In die Wes-Vrystaat in die 2012-koringseisoen, verskil die opbrengs van geeneen van die inskrywings in die April-aanplanting betekenisvol van mekaar nie. Tydens die marginale groeitoestande van 2013 was die opbrengs van Shingwedzi dieselfde as Elands, maar betekenisvol laer as Matlabas en Standaard B. Dit ondersteun die waarneming dat Shingwedzi beter aangepas blyk te wees vir hoëpotensialtoestande (Grafiek 1).

Maal- en bakkwaliteit van Shingwedzi in 2012 en 2013


Maal- en bakkwaliteit (**Foto 2**), soos gedefinieer deur hektolitermassa, valgetal, proteïeninhoud en broodvolume, bepaal die markaanwending van 'n kultivar. Hierdie eienskappe is ook belangrik omdat dit die finale prys vasstel waarvolgens 'n koringprodusent vergoeding vir sy oes ontvang.

Daar word algemeen aanvaar dat koring met goeie opbrengs dikwels inboet op maal- en bakkwaliteit. Dit is dus verblydend dat die kwaliteit van Shingwedzi in 2012 en 2013 gelykstaande is aan of beter presteer as Elands (wat die kwaliteitstandaard vir droëlandkoring in die somerreënvalstreek is) – Grafiek 1.

Broodvolume van Shingwedzi in die 2011-seisoen was laer as dié van Elands, maar kan toegeskryf word aan die hoë proteïeninhoud daarvan in hierdie seisoen (**Tabel 1**). Terugvoer vanaf die Suider-Afrikaanse Graanlaboratorium (SAGL) oor die maal- en bakeienskappe van Shingwedzi aan die einde van die evalueringsperiode (2011 tot 2013), was:

- Die hoë proteïeninhoud van Shingwedzi in sekere seisoene mag lei tot lae broodvolumes;
- Hektolitermassa, mealopbrengs en proteïeninhoud is oor die algemeen beter as dié van Elands; en
- Die mengtyd en waterabsorpsie van Shingwedzi is aanvaarbaar.

Die boek *Increasing yield potential in wheat: Breaking the barriers* maak 'n belangrike stelling: "Yield is the primary objective. Despite



Grafiek 1: Graanopbrengs van Shingwedzi oor planttyd en produksiegebiede.



- ▲ 1: Shingwedzi toon beter aanpassing vir hoëpotensiaal-toestande.
- ▲ 2: Maal- en bakkwaliteit, soos gedefinieer deur hektolitermassa, valgetal, proteïeninhoud en broodvolume, bepaal die markaanwending van 'n kultivar.
- ▼ 3: Goeie ontkieming en lang koleoptiele help ook om saailinge vinnig bokant die grondoppervlak uit te kry.
- ▲ 4: Die uitloopweerstand van Shingwedzi is uitstekend.
- ▼ 5: Voorlopige geelroesevaluerings is gedoen. Daarvolgens wil dit voorkom asof Shingwedzi oor poligeniese weerstand beskik aangesien dit vatbaar was in saailingstadium (enkelgeenweerstand), maar wissel tussen vatbaar en weerstand in die volwasse plantstadium.

a new cultivar's improvements, including quality capable of attracting premiums, producers will not grow it unless they expect it to yield well on their farms". Al is hierdie stelling hoe waar, speel kwaliteitseienskappe en weerstand teen peste en plae 'n groot rol in die langtermynbehou van kommersiële koringenehede en nasionale voedselsekerheid.

Agronomiese kenmerke van Shingwedzi

In die verbouing van droëlandkoring in die somerreënvalstreek is sekere planteienskappe baie belangrik vir die toepassing van noodsaklike produksiepraktyke in 'n streek.

Koleoptiellengte van Shingwedzi is goed (tussen 80 mm tot 85 mm) met 100% ontkieming. Hierdie eienskappe maak dieper plant moontlik in seisoene waarin grondvog skraps is. Goeie ontkieming en lang koleoptiele help ook om saailinge vinnig bokant die grondoppervlak uit te kry en verhoed saailingmortaliteite in sandgronde wat neig om te waai (**Foto 3**).

Die uitloopweerstand van Shingwedzi is uitstekend, met 'n waarde van 2,3. Uitloopweerstand verseker die kwaliteitsgraad van 'n oes ten spyte van 'n nat oesperiode en by vatbare kultivars kan verlaging van valgetal reeds onder nat toestande voorkom al is nog geen uitloopskade met die oog sigbaar nie (**Foto 4**).

Toleransie teen aluminiumtoksisiteit dra verseker by tot hoër opbrengste op gronde met 'n lae pH, maar vervang geensins 'n bekalkingsprogram nie. Shingwedzi beskik nie soos Koonap oor toleransie teen aluminiumtoksisiteit nie. Dit kan dalk deels

TABEL 1: GRAAN- EN BAKKVALITEITE VAN SHINGWEDZI.

KVALITEITSPARAMETER	EVALUERINGSJAAR					
	2011		2012		2013	
	ELANDS	SHINGWEDZI	ELANDS	SHINGWEDZI	ELANDS	SHINGWEDZI
Hektolitermassa (kg per hl) (afsnypunt vir Gr 1 is 77 kg/hl)	79,0	79,4	80,8	81,4	80,0	80,6
Valgetal (sekondes) (afsnypunt vir Gr 1, 2 en 3 is 220 sek)	385	379	343	412	298	339
Proteïeninhoud (%) (afsnypunt vir Gr 1 is 12%)	12,4	13,4	12,2	12,6	12,9	12,3
Broodvolume (cm ³) (± 10% variasie met kwaliteitstandaard toegelaat)	929	797	963	920	894	926

Betekenis van Shingwedzi

Die Tsonga woord "shingwedzi" beteken plek van ysterklip en verwys na die ysterklipformasies wat algemeen in die noorde van die Krugerwildtuin voorkom. Dit is die naam van die rivier wat deur die streek vloei, maar ook een van die legendariese *magnificent seven* olifantbulle wat in die sewentigs en tagtigs hier voorgekom het. Die sewe bulle was merkwaardig deurdat beide ivoortande van elkeen meer as 50 kg per tand geweeg het. Die Nasionale Parkeraad het die rekords van hierdie sewe bulle as toonbeeld gebruik om die effektiwiteit van hul natuurbewaringspraktyke te beklemtoon.



Maak seker jy kry joune

Wees op die uitkyk vir die nuwe produksiehandleiding wat vroeg in 2015 verskyn en inligting van al die droëland- en besproeiingskultivars bevat. Andersins is jy baie welkom om vir mnr Robbie Lindeque te skakel by 082 563 1553 of 058 307 3439.



verantwoordelik wees vir die nuwe kultivar se voorkeur vir hoëpotensiaaltoestande.

Voorkoms van geelroes (**Foto 5**) en Russiese koringluis op droëlandkoring is sporadies, maar kan in gunstige seisoene tot ernstige oesverliese lei. Voorlopige geelroesevaluerings is deur die LNR-KGI op Kranfontein (2012) en die Universiteit van die Vrystaat by Greytown (2013) gedoen.

Daarvolgens wil dit voorkom asof Shingwedzi oor poligeniese weerstand beskik, aangesien dit vatbaar was in saailingstadium (enkelgeenweerstand), maar wissel tussen vatbaar en weerstand in die volwasse plantstadium oor 2012 en 2013. Hierdie variasie in die geelroesreaksiestatus van Shingwedzi is waarskynlik as gevolg van variasie in siekbedruk tussen toetslokaleitee oor die twee jare. Shingwedzi kom vatbaar voor teenoor Russiese koringluis.

Presies wat die omvang van Shingwedzi se waarde en sy impak op die koringbedryf gaan wees, gaan alleenlik bereken kan word sodra saad van Shingwedzi kommersieel beskikbaar is en deur saaiprodusente uitgetoets word.

Hierdie nuwe kultivar beloof egter om net soos sy voorlopers 'n belangrike rol in koringverbouing te vervul. Basissaad word tans genoegsaam vermeerder waarna 'n saadbemarkingskontrak toegeken sal word sodat Shingwedzi sy staal kan wys. Produsente behoort saad van hierdie kultivar beskikbaar te hê teen 2016 indien kommersialisering volstoom verloop. ■



Uitblinkers in die Instituut se hawerteelprogram

PETERUS DELPORT (Stellenbosch) en ANDRÉ MALAN (Bethlehem), LNR-Kleingraainstituut, 'n Instituut van die LNR-Veldgewasdivisie

Die LNR-Kleingraainstituut (LNR-KGI) se hawerkultivars was weer eens die toppresteerders in die Wes-Kaap die afgelope seisoen volgens data verkry vanaf die Nasionale Hawerkultivarevalueringaprogram. In die Rûens was die bekende Towerberg die toppresteerder met 'n opbrengs van 3,45 ton/ha, gevolg deur Kompasberg met 3,28 ton/ha en Simonsberg met 3,06 ton/ha.

Drie nuwe lyne is ook geëvalueer, naamlik H13/07, H13/09 en H13/10. Dié inskrywings se opbrengste het gewissel vanaf 2,26 ton/ha tot 2,71 ton/ha. Hierdie lyne het uitstekende siekteweerstand asook goeie opbrengs en hektolitermassas.


In die Swartland het die nuwe lyne baie goed gedoen. Kompasberg was die voorloper met 5,25 ton/ha gevolg deur H13/10 met 4,52 ton/ha en dan H13/09 met 4,35 ton/ha. Simonsberg, Towerberg en H13/07 het almal so 'n rapsie oor die 4 ton/ha geproduseer.

Die hektolitermassadata is van ongesifte saad soos dit van die proefpersel geoes is. In die Rûens was Towerberg die toppresteerder met 51,75 kg/hl, Kompasberg was tweede met 51,45 kg/hl en H13/09 was derde met 51,25 kg/hl. In die Swartland het die


nuwe lyne heelwat beter as die bestaande kultivars gedoen. H13/10 het 'n hektolitermassa van 50,35 kg/hl gehad en H13/09, 49,95 kg/hl; Simonsberg was derde met 48,65 kg/hl. Die hawerseleksieprogram van die LNR-KGI bestaan uit ingevoerde materiaal van verskeie internasionale bronre. Materiaal word as segregerende materiaal van F2 tot F5 asook suiwertelende materiaal ontvang. Hierdie materiaal gaan deur verskeie fases van evaluering en word in die Wes-Kaap, Vrystaat, Noord-Kaap en Noordwes Provinsie aangeplant.

Aanvanklik word die materiaal vir drie jaar as enkelrye geplant om suwer materiaal te genereer en dan later as persele en stroke om opbrengs en agronomiese data te verkry. Die gesegregerde materiaal word dieselfde hanteer as enige vroeëgenerasiemateriaal van 'n kruisingsprojek. Spesifieke aandag word gegee aan siekterverdraagsaamheid/weerstand, omgewingsaanpasbaarheid, opbrengs en hektolitermassa.


Ons is tans baie opgewonde oor die nuwe lyne wat deurkom en hoop om binnekort weer 'n nuwe hawerkultivar vry te stel. Enige navrae kan gerig word aan Petrus Delport by 021 809 3552 of delportp@arc.agric.za. ■




Grafiek 1: Opbrengs in die Rûens vir die 2014-seisoen.



Grafiek 2: Hektoliterprestasie in die Rûens vir die 2014-seisoen.



Grafiek 3: Opbrengs in die Swartland vir die 2014-seisoen.



Grafiek 4: Hektoliterprestasie in die Swartland vir die 2014-seisoen.

Hierdie navorsing is moontlik gemaak deur befondsing van die Wintergraantrust.

Koedoes: A flagship irrigation wheat cultivar for the ARC-SGI

KIM COETZEE (Stellenbosch), **WIMPIE DU TOIT** (Vaalharts) and **ANDRÉ MALAN** (Bethlehem), ARC-Small Grain Institute, an Institute of the ARC-Field Crops Division

As majestic as a Kudu bull in the wilderness – this is Koedoes, the new cultivar in the ARC-Small Grain Institute's (ARC-SGI) trials and it will be cultivated on a commercial scale.

This cultivar has already been approved by the industry and currently the ARC-SGI is in the process of obtaining plant breeders' rights to be able to commercialise the cultivar. A suitable marketer will be appointed after a tender process at the end of 2015 and the cultivar will then be commercially available for the irrigation areas in 2017.

The cultivar is a high yielding cultivar and we at the ARC-SGI are confident that it will become one of the leading cultivars in the irrigation areas. During the 2013 season, Koedoes compared very well with the cultivar Krokodil with yields of up to 10,6 tons/ha. Koedoes' yield potential is also higher than both Sabie and Duzi.

In the cooler irrigation areas, Koedoes had an average yield of 9 tons/ha and in the warmer irrigation area 9,4 tons/ha. The major difference of Koedoes from the current cultivars in the irrigation cultivar package of the ARC-SGI, is its short growing season (ten days earlier), making it more desirable for producers with a specific crop rotation system and water availability in the different irrigation schemes.

The falling number can however be affected if the cultivar is still irrigated after maturity, but still safe above 250 min for downgrading. The cultivar also has a good hectolitre mass, with an average of 79 kg/hl.

The cultivar has a normal straw length and like all the cultivars in the irrigation cultivar packages of the ARC-SGI, it has good baking quality. Often cultivars with a short growing season struggle to compete with yield against medium growth period cultivars, but the cultivar has the potential to compete with these cultivars and can even exceed the current cultivars with yield, if the correct management is applied. Koedoes is therefore a good replacement for the old short growth period cultivar, Steenbras; this will enable producers to realise high yields in a shorter growth cycle.

We are looking forward to the commercialisation of Koedoes and are positive that this short growing season cultivar will be a force to be reckoned with. ■



▲ Koedoes in front in the 2014 Elite trial at Groblersdal.

Research has been made possible by the financial support of the Winter Cereal Trust.

Cut losses with PRECISION Plant with VISION

Planter Monitor

- Seed per 100m per row, seed population
- Hectares worked and much more
- Easy to install and maintain
- Fertilizer and turning of axles
- Can be applied to most planters
- Real tough, rust and water resistant



Process Monitor for Air Seeder

- Area
- Speed
- Tacho up to 4 axles
- Alarm on each function
- Easy to install
- Bin / Tank full
- Bin / Tank empty



Tel: 012 345 3193

Fax: 012 345 6763
Web: www.electrolee.co.za
Email: info@electrolee.co.za
Sales: sales@electrolee.co.za

Proudly Made in South Africa





Ons het die navorsing gedoen; nou oes jy die voordele.

Koringkultivars, 'n wenkombinasie.
'n Volledige droëlandpakket asook uitstekende besproeiingskultivars.

Besproeiingskoringkultivars.
PAN 3400, PAN 3471 en PAN 3497,
groot sukses in kommersiële aanplantings
met goeie siektetoleransie en
graderingseienskappe. 'n Moet vir
die besproeiingsboer.



ULTRAMODERNE
NAVORSING EN
ONTWIKKELINGSTECHNOLOGIE



GEWASVOORSORG



PRESISIE-
BEPLANNING



GEWASBESKERMINGS-
BESTUURSPRAKTYKE

www.pannar.com
infoserve@pannar.co.za



Saam boer ons
vir die toekoms™

Toppresteerders in elke kategorie

PEET VAN DER WALT, advertensiebestuurder, Pannar Saad

By Pannar is risikobestuur en volhoubare boerdery vir ons baie belangrik. Daarom word al ons produkte aan 'n deeglike toetsprogram onderwerp voor ons enige kultivar begin bemark. Aspekte soos goede prestasie, stabiliteit oor seisoene en gebiedsaanpassbaarheid is belangrike fasette waaraan ons aandag gee.

Die vrugte van hierdie program word in die Pannar gewaspakket se prestasie in die LNR Nasionale Kultivarevalueringssproewe weerspieël. Ons is trots om in al die gewaskategorieë 'n eerste plek te kon behaal:

- Ultravinnige-basters onder besproeiing:
 - Warm gebiede; agt uit top tien (top drie basters)
 - Koel/matige gebiede; nege uit top tien (top nege basters)
- Droëland oostelike produksiestreek: Geelbasters; vier uit top tien (top twee basters)
- Witbasters; vyf uit top tien (top baster)
- Droëland westelike produksiestreek: Geelbasters; vyf uit top tien (eerste posisie)
- Witbasters; vier uit top tien (top twee basters)
- Sonneblom: Ses uit top tien (top vier basters)
- Sojabone: Vier jaar die topposisie
- Droëbone: Rooigespikkeld bone; vyf uit top tien (eerste posisie)
- Klein, wit inmaakbone; toppresteerder

Nuwe witmieliebasters

PAN 4A-111, PAN 4R-511R en PAN 4B-311B: Dié vinnige pakket is 'n uitstekende keuse vir al die oostelike produksiegebiede, insluitend die Noordoos-Vrystaat. Uitstekende prestasie in die misbelgtedeeltes. Die pakket word onder besproeiing vir al die produksiegebiede aanbeveel. Hierdie basters beskik oor goede algemene siekte-toleransie, staanvermoë, graankwaliteit en skepelmassa. Bestuur hierdie basters soos die ultravinnige geelpakketbasters en pas die Yieldboost™-swamddoderspuitprogram toe vir die beste resultate. PAN 6R-665R en PAN 6R-845CBGT: Dié glifosaat-tolerante en stapelgreenbasters is soortgelyk aan PAN 6Q-445B – wat die toppresteerder vir vyf jaar in die nasionale proewe was.

Hulle pas in die mediumgroeiklas en beskik oor 'n baie goede stabiliteit en kompensasievermoë onder verskillende produksiestoestande. Die basters droog relatief vinnig af en beskik oor goede staanvermoë en is sterk meeroppig. Hulle word as deel van die hoefaanplanting vir die hele Hoëveldproduksiegebied asook vir KwaZulu-Natal se noordelike gematigde en vir die misbelgtedeeltes aanbeveel. Hierdie basters beskik oor goede Diplodia kopvrot- en grysblaarvlek-toleransie.

Nuwe geelmieliebasters

PAN 4R-576R en PAN 4R-776BR: Dié glifosaat-tolerante en stapelgreenbasters pas in die vinnige groeiklas. Hulle word vir die Noordoos-Vrystaat en aanvullend in die oostelike produksiestreke aanbeveel. Die basters is meeroppig en droog vinnig af. Die Yieldboost-swamddoderspuitprogram word aanbeveel vir optimale produksie.

PAN 6R-680R: Hierdie mediumgroeiseisoen-baster met glifosaat-onkruiddodertoleransie lewer uitstekende, stabiele prestasie oor al die droëlandproduksiestreke. Dit is 'n uitstekende keuse vir kuilvoerproduksie en ook waar 'n enkele oes onder besproeiing of aanvullende besproeiing verbou word.



Dit is belangrik om die reeks medium-basters teen die aanbevole plantestand vir die betrokke produksiestreek aan te plant om die gewenste resultate te verkry. Dié baster het goede toleransie teen kopvrot. 'n Goeie keuse waar hoë onkruiddruk ondervind word asook as toevlugsoord vir PAN 6R-880CBGT.

PAN 6R-880CBGT: Hierdie stapelgreenbaster in die mediumgroeiklas bied die voordeel van stronkboorderbeskerming en toleransie teen glifosaat-onkruiddoder. Dit is soortgelyk aan die PAN 6Q-408CB en PAN 6R-680R en is goed aangepas vir al die produksiestreke.

Nuwe sojaboonkultivars

Die maatskappy het toegang tot die beste kommersiële sojaboonkultivars en pre-komersiële lyne van regoor die wêreld asook plaaslik ontwikkelde lyne. Pannar se beleid is om die beste moontlike kultivars in die Suid-Afrikaanse mark vry te stel, ongeag van waar hulle afkomstig is.

Vir die afgelope vier jaar en weer in 2014, het Pannar se kultivars die topposisie in al en oor al die streke heen behaal. Die maatskappy se veelsydige pakket van verskillende groeiseisoenklasse bied die optimale kultivar vir elke plantdatum in al die produksiegebiede.

PAN 1500R: 'n Opwindende nuwe kultivar wat deeglik getoets is. Dit is wyd aangepas en die kultivar in ons reeks met die beste opbrengsstabiliteitsindeks, alhoewel dit nie die toppresteerder in enige van die produksiestreke was nie.

Droë jaar of nat jaar?



Vinniger stroopgereed, hoër opbrengs, wyer aangepas

Platform vir Sukses

Phb 33H56
Phb 33H54BR
Phb 33H52B

Weeg & Wen

Tel: +27 12 683 5700 | www.pioneer.com

© 2013 PHII.

Die DuPont Ovaal Logo is 'n geregistreerde handelsmerk van DuPont.
®, SM, TM Geregistreerde handelsmerk van Pioneer.

DU PONT

PIONEER

Toppresteerders in elke kategorie

Dit beskik oor 'n onbepaalde groeiwyse met 'n baie kompakte planttipe en sy staanvermoë is beter as dié van sy spanmaats.

In hoëplantestandproewe staan hy soos 'n paal. Dit is voordelig waar die maksimumplantestand aangeplant word vir 'n hoë opbrengspotensiaal. Sy regop groeiwyse is bevorderlik in nouer rye sowel as die tradisionele 0,91 m rye. Hierdie 5,7 groeiklaskultivar is baie geskik vir die gematigde sowel as die koel produksiegebiede, uitgesluit KwaZulu-Natal. Die onbepaalde groeiwyse maak die kultivar geskik om te presteer as daar laat geplant word en dit is 'n goeie keuse vir die westelike hoëpotensiaalgebiede. Die kultivar toon potensiaal onder besproeiing as dit in 'n pakket saam met die ou staatmaker PAN 1583R geplant word.

PAN 1614R: 'n Baie aantreklike kultivar wat sterk vegetatiewe groei toon met goeie staanvermoë en goeie opbrengsstabiliteit by hoë opbrengspotensiale. Dit herinner baie aan PAN 1666R, net met baie meer oemf en word bestem om een van die groot kultivars in die mark te word.

Dit is 'n beter keuse onder besproeiing in die warm gebiede. Dit kan in alle produksiegebiede geplant word en met sy regop groeiwyse is die kultivar vir alle rywydtes aangepas. Die 6,4 groeiklaskultivar met 'n later blomdatum, sal presteer by laat sowel as vroeë plantdatums. Dit droog eenvormig af en stroop maklik. Sy sterk en diep wortelsel maak die kultivar geskik om goed in die westelike watertafelgrond te presteer. Ons verwag groot dinge van hierdie kultivar.

PAN 1729R: Dit is 'n laat kultivar en een van die min 7,3 groeiklaskultivars in die mark. Die langer groeiklas saam met uitstekende bewese droogteverdraagsaamheid, maak PAN 1729R een van die kultivars wat elke produsent in die harde westelike produk-



siegebiede moet plant. Dit bly langer groen en behou sy kapasiteit om te fotosinteer lank nadat ander kommersiële variëteite as gevolg van hitte- en droogtestres ingegee het.

Díe kultivar is geskik vir die warm en matige produksiegebiede en ook in KwaZulu-Natal. Tydens 'n wortelontwikkelingssondersoek in Bothaville was die kultivar een van min waarvan die wortels dieper as die 1,2 m profielgat awaarts gegroei het. Dit is baie kompetenter by opbrengste in die omgeving van 1,5 ton/ha.

In ag genome die nasionale gemiddelde opbrengs van 1,87 ton/ha is daar duisende hektaar waar hierdie kultivar die aangewese keuse behoort te wees. Díe eienskappe van hierdie kultivar gaan baie stabiliteit in sjaboonproduksie in veral die Wes-Vrystaat teweegbring.

Nuwe sonneblombasters

Die Pannar sonneblombasterpakket presteer goed in al die produksiestreke van Suid-Afrika en kan met uiterse gemoedsrus en vertroue aangeplant word met die wete dat die beste tegnologie in hierdie basters opgesluit lê.

Konvensionele sonneblombasters

PAN 7098: Dit is 'n konvensionele drie-rigtingbaster met baie goeie opbrengspotensiaal. Die baster bevat die geen vir toleransie teen die huidige rasste van bruinroes. PAN 7098 was onder die top vier basters in die LNR se 2013/2014-proewe. Dit is 'n baster wat met sukses verbou kan word in die hoof-sonneblomstreke. Dit is vergelykbaar met PAN 7057 en sodoende 'n volseisoenbaster. Dit beskik oor baie goeie stabiliteit en is een van die min drie-rigtingbasters wat goed kompeteer met die enkelkruisbasters.

PAN 7100: Dit was onder die top vier basters in die LNR-proewe van 2013/2014 en is

een van dié uitsonderlike stabiele basters. Dit bevat 'n bogemiddelde olie-inhoud in vergelyking met die meeste ander basters en beskik oor toleransie teen al die huidige bruinroesrasse. Hierdie volseisoenbaster bevat elemente van beide PAN 7049 en PAN 7050. Dit word vir al die sonneblomproduksiegebiede aanbeveel en is soos PAN 7098, een van die min drierigtingbasters wat kompeteer met enkelkruise, maar ook uitstekende stabiliteit na die tafel bring.

Clearfield-produksiesisteem

Pannar se reeks basters met die Clearfield®-geen kompeteer kop aan kop met die konvensionele staatmakers om 'n totale nuwe konsep in wisselbou daar te stel. Die Clearfield-produksiesisteem is 'n werkbare ekonomiese alternatief. Die Eurolightning®-onkruiddoder (L8436, aktiewe bestanddeel: Imasapir en Imasamoks) bied doeltreffende na-opkomsbeheer van 'n breëspektrum gras- en breëblaaronkruide.

PAN 7102CLP: Dit is een van die eerste Pannar basters wat met die Clearfield Plus-geen in Suid-Afrika vrygestel is. Hierdie enkelkruisbaster is effens vinniger tot by blom en is soortgelyk aan PAN 7049. In vergelyking met soortgelyke Clearfield-basters, hou die Clearfield Plus-geen die belofte in van beter opbrengspotensiaal, hoë olie-inhoud asook verbeterde onkruidbeheer (met die gebruik van Eurolighting Plus).

Die nuwegerasie Pannar-basters met die Clearfield- en Clearfield Plus-gene vergelyk baie gunstig en in baie gevalle selfs beter as die konvensionele groep. PAN 7102CLP is wyd aangepas en is veral van toepassing op lande met onkruidprobleme asook geenbewerkingslande. Hierdie baster bevat ook toleransie teen alle huidige rasste van bruinroes. PAN 7102CLP is een van die basters met die hoogste stabiliteit oor verskeie opbrengspotensiale volgens die LNR se 2013/2014-proewe.

PAN 7117CLP: Hierdie volseisoenbaster met die Clearfield Plus-geen beskik oor uitstekende opbrengspotensiaal. Hy presteer goed in alle produksiegebiede en het noemenswaardige hoë olie-opbrengste as soortgelyke basters gelewer. Díe tipiese baster is geneig om meer stabiel te wees as gevolg van die ekstra lyne wat betrokke is.

PAN 7160CLP: Hierdie is 'n drierigtingbaster wat die Clearfield Plus-geen bevat. Dit is gebaseer op die PAN 7100-resep en bevat elemente van die wennerbaster PAN 7049 en PAN 7050. Die baster lewer hoë olie-opbrengste as die norm en bevat die gene vir weerstand teen huidige rasste van bruinroes. Soos PAN 7102CLP en PAN 7117CLP, kan dit met sukses gebruik word in lande met onkruidprobleme. ■

The flexible forage herb – tonic plantain

RUAN STANDER, agriculturalist, Agricol

Tonic plantain (*Plantago lanceolata*) is a mineral-rich perennial grazing herb. It is a valuable pasture for the supply of minerals and dry matter production, particularly in drier regions and less fertile conditions.

New Zealand dairy and small stock producers are making tremendous strides with the incorporation of plantain into their forage systems. In one decade, this relative newcomer to the pasture world has become the second largest pasture crop – after ryegrass – in New Zealand.

Agricol's technical team believes the good drought tolerance and quality characteristics of this species offers great advantages to local milk, meat and fibre producers. The drought tolerance of this crop could make it a valuable species under dryland farming conditions in the coastal areas of South Africa. The fact that plantain tolerates acid soils and low P values, is also appealing.

Performance of tonic plantain

Recent DairyNZ research indicated that when the quality of ryegrass was moderate (10,5 MJ ME/kg DM), milk solid yields were similar from cows fed 100% perennial ryegrass pasture or perennial ryegrass pasture supplemented with herbs. However, when ryegrass quality dropped to 9,6 MJ ME/kg DM, cows fed first year tonic plantain as 20% - 40% of their diet, ate about 1 kg DM more and produced 17% more milk solids (Lee and Minee, 2012).

There seems to be several reasons for the improved milk production; tonic has good protein levels, contains condensed tannins which may improve protein supply to dairy cows, as well as high energy (average 11 - 12 MJ ME/kg DM). This quality does not deteriorate to the extent in which ryegrass does over summer, therefore in late

summer and autumn, quality differences between the two species can be large.

Other benefits

Tonic plantain, like chicory and legumes, is processed faster in the rumen than ryegrass; this has the potential to increase daily intakes. Cow appetite can be reduced in summer due to high temperatures; grazing tonic may overcome this problem due to tonic having a low dry matter percentage, being upright and easily grazed by the cow, especially compared to ryegrass at this time.

The high protein levels and digestibility of tonic in summer and autumn is ideal to balance with high fibre and low protein forages (e.g. maize silage, ryegrass pastures and kikuyu). Daily growth rates are around 80 kg - 100 kg DM/ha/day in summer and autumn, but can be as high as 120 kg DM/ha/day over January/February.

Second year crops can be equally as productive as first year crops due to plant numbers persisting and remaining relatively constant.

Some of the standout points from current tonic plantain research:

- Reduce impacts of summer/autumn deficits in pasture quantity and quality.
- The speed of recovery after hot and dry conditions.
- Improves milk production when pasture quality drops.
- A high level of stock health.
- Useful crop to reduce grass weeds.
- Exceptional summer/autumn and winter growth.
- High forage quality (protein and digestibility).
- Good drought tolerance (>450 mm rainfall per annum).
- High trace element content (Zn, Cu and Se). ■

TABLE 1: NUTRITIVE VALUE OF PLANTAIN CUT OR GRAZED BY COWS AT A 20 CM - 25 CM HEIGHT.

	ENERGY (MJ/KG DM)	PROTEIN (% DM)	FIBRE (% DM)	SUGARS + STARCH (% DM)	MINERALS (% DM)	% REPRODUCTIVE STEM OR SEEDHEAD IN THE SWARD
Tonic Plantain	11 - 12	16 - 28	25 - 33	9 - 20	11 - 16	0 - 20

Source: Lee and Minee, 2012

TABLE 2: ESTABLISHMENT (KG/HA).

PLOIDY	DIPLOID
Sowing rate (kg/ha)	2 - 3 in a perennial pasture mix
	4 - 5 with chicory and clover as a specialist crop
	2 - 3 in a lucerne stand
	3 - 4 into existing kikuyu
	8 - 10 as a pure stand
Annual production (tons/DM/ha)	12 - 20

TABLE 3: ADVANTAGES AND DISADVANTAGES OF USING DIFFERENT TONIC OPTIONS.

	ADVANTAGES	DISADVANTAGES
Pure species	Dedicated weed control and grazing management. Maximum benefit from herbs.	Slightly slower winter growth rates than ryegrass. Requires nitrogen fertiliser.
Tonic plantain with clover	Same as above with increased nitrogen. Clover fills sward gaps.	Slightly slower winter growth rates than ryegrass. Potential bloat risk if clover dominates. Reduced weed control options.
Herb in diverse pasture mix	Increased pasture production and nutritive value in summer/autumn. Longer growing season.	Grazing management cannot be optimised for all species. Quality of herbs diluted. Limited weed control options.

Source: Adapted from Lee *et al.*, 2012

Products

agricol
go for growth

Perennial Temperate Clovers

Red-, White-, Strawberry Clover

Annual Temperate Clovers

Arrowleaf-, Persian Clover

Perennial Temperate Grasses

Ryegrass, Fescue, Cocksfoot, Phalaris, Prairie Grass




Annual Temperate Grasses

Italian Ryegrass, Westerwolds Ryegrass

Winter Rainfall Annual Legumes

Medics, Clovers, Vetch, Serradella, Forage Peas, Lupins



Forage Cereal Crops

Oats, Barley, Triticale (Korog), Stooling Rye, Rye

Annual Summer Grasses

Babala, Millet, Sorghum, Teff



Perennial Summer Grasses

Subtropical Grasses, Kikuyu, Bermuda, Brachiaria

Annual Summer Legumes

Cow Peas, Dolichos Bean, Sunhemp

Perennial Summer Legumes

Desmodium, Sheepburnet, Crown Vetch, Lespedeza, Lucerne, Birdsfoot Trefoil



Forage Crops

Jap Radish, Fodder Rape, Fodder Turnips, Fodder Beet, Creeping Saltbush

Brackenfell (Head Office):

37 Eagle Street, Brackenfell, 7560 | PO Box 300, Brackenfell, 7561

Tel: (021) 981 1126 | Fax: (021) 981 1120 | Email: info@agricol.co.za | www.agricol.co.za

BRANCHES:

Howick: Tel: (033) 330 2765

De Tuin: Tel: (021) 981 1126

George: Tel: (044) 878 2408

Kimberley: Tel: (053) 841 0675

Nigel: Tel: (011) 814 4466

Port Elizabeth: Tel: (041) 373 9894

Potchefstroom: Tel: (018) 294 7470

Pretoria: Tel: (012) 803 6033



Belinda



Sy lyk mooi

BELINDA is 'n nuwe konvensionele canola baster wat aanpasbaar is onder verskillende produksietoestande **BELINDA** word gekenmerk deur:

- uitstekende saailing groeikragtigheid
- goeie staanvermoë
- 'n opbrengs wat vergelykbaar is met en beter is as die huidige standaarde
- die saad is reeds behandel met Galmano®

GALMANO®

Galmano® Reg. Nr. L9363 (Wet Nr. 36 van 1947).
Galmano® bevat Fluquinkonasool (Skadelik).
Galmano® is 'n geregistreerde handelsmerk van
Bayer CropScience AG, Duitsland.
Gebruik slegs volgens etiketaanwysings.

Bayer (Edms) Bpk. Reg. Nr. 1968/011192/07
Wrenchweg 27, Isando, 1601. Posbus 143, Isando, 1600,
Tel: +27 11 921 5252, Faks: +27 11 921 5671
Paarl-kantoor: +27 21 872 1771

www.bayercropscience.co.za



Bayer CropScience

Low-cost drought and low nitrogen-tolerant maize hybrids for food security in South Africa

MARY JAMES, ARC-Grain Crops Institute

South Africa, in general, is not suitable for crop production as only 13% of the country is arable due to low rainfall and poor soils. Maize yields obtained by smallholder farmers are very low because their crops are often subjected to moisture stress and they use very little fertiliser due to lack of financial resources.

Because of limited water resources, only an estimated 10% of the maize crop is grown under irrigation (mostly by large-scale commercial producers). Climate change is predicted to worsen the situation with more variable rainfall and above-average temperatures. Identifying ways to mitigate and adapt to climate change are fundamental to realising food security and improved livelihoods in South Africa and on the rest of the continent.

To address these challenges, the Agricultural Research Council (ARC) is participating in two public-private partnerships namely the Water Efficient Maize for Africa (WEMA) project and the Improved Maize for African Soils (IMAS) project. The WEMA project is aimed at developing and deploying drought-tolerant maize hybrids royalty-free to smallholder farmers in sub-Saharan Africa (SSA). The WEMA project is co-ordinated by the African Agricultural Technology Foundation (AATF) and involves national agricultural research systems (NARS) in five countries (Kenya, Mozambique, South Africa, Tanzania and Uganda).

In ons witmelieliereeks is daar die mediumvinnige LS 8533R wat as glifosaatweerstandbiedende baster uitstekende voordele bied en uitmuntend vertoon in die LNR-Nasionale proewe. Uitstaande kenmerke sluit in hoë-opbrengspotensiaal, baie goede staanvermoë, wye aanpasbaarheid en goede algemene sietkeweertand.

Nou reeds vir die tweede jaar op die mark, is daar LS 8539B, in die medium tot vinnige klas en LS 8537, 'n mediumgroeiseisoenbaster.

LS 8539B is 'n hoë-opbrengspotensiaal, meerkoppige baster met wye aanpasbaarheid, vinnige graanafdroging en baie goede weerstand teen roes.

LS 8537 daarenteen is meerdoelig, met uitstekende graanopbrengs en uitstaande kuilvoereienskappe. Verskeie kuilvoerprodusente is reeds gaande oor hierdie baster. Baie goede algemene sietkeweertand en wye aanpasbaarheid dra by tot 'n baster wat nog baie van gehoor sal word.

Nuut op die mark is LS 8541BR, 'n mediumgroeiseisoenbaster. Kenmerkend van hierdie stapelgeenbaster is sy sterk meerkoppigheid, stabiliteit en vinnige afdroging.

Aanvullend tot die witbasterreeks is daar 'n ou staatmaker soos LS 8519: Die vinnigste uit die grond uit, meerkoppig, met baie goede graankwaliteit en die ideale baster vir gebruik in 'n toevlugsarea.

Geelmelieliebasters

Toppresenterende geelmelieliebasters en die naam Link Seed is reeds lankal sinoniem:

LS 8518 is bekend vir sy uitstekende opbrengsvermoë en wye aanpasbaarheid en jaar na jaar se uitstekende resultate in die LNR-proewe. Voeg hierby uitstekende staanvermoë en graankwaliteit en hierdie mediumgroeier is gebrandmerk as 'n wenner.

Vir produsente met onkruidprobleme is die nuwe LS 8538R 'n seker keuse. Hierdie medium tot vinnige baster bied uitstekende opbrengste, het baie goede staanvermoë, is wyd aanpasbaar en met vinnige graanafdroging.

LS 8526 en LS 8536B is beide mediumvinnige basters, wyd aanpasbaar en met uitstekende meerkoppigheid – ideaal waar 'n laer planteestand verkieks word. Vinnige afdroging maak hierdie



▲ Link Seed spog met 'n volledige pakket sojaboon- en mieliebasters.

twee basters ook 'n goeie keuse in die koeler, korter groeiseisoenareas.

LG 3607Y is 'n nuwe, ultravinnige geelmelieliebaster met uitstekende opbrengs. Baie goede staanvermoë, stabiliteit en vinnige afdroging maak dit 'n uitstekende keuse vir hierdie marksegment.

Sojaboont-kultivars

Link Seed se wye sojaboontreeks is peul-vir-peul van die beste in die mark.

LS 6444R is welbekend as een van die kortste groeiklas sojabone in die land en is reeds verskeie jare 'n toppresteerd in die LNR-proewe vir die koeler gebiede, maar vaar ook uitstekend in die warmer en gematigde gebiede. Hierdie kultivar het baie goede staanvermoë en is uiter geskik vir nouer rye.

Nuut in hierdie groeiklas is LS 6240R met dieselfde uitstekende eienskappe, maar met 'n effens beter peulhoogte.

LS 6146R het 'n onbepaalde groeiwyse, is effens stadiger as LS 6444R, maar met wyer aanpasbaarheid, goede peulhoogte en is ons toppresteerd in die warm gebiede.

LS 6248R is semi-bepaald met wye aanpasbaarheid en 'n uitstekende stalmaat vir LS 6146R. Hierdie kultivar presteer baie goed in die gematigde en koeler areas.

LS 6164R in die medium groeiklas, is ons toppresteerd in die koeler en warm gebiede die afgelope drie jaar en lewer uitstekende opbrengste. Baie goede peulhoogte en weerstand teen oopspring is verdere uitstaande kenmerke.

LS 6453R is 'n nuwe kultivar in die medium groeiklas en 'n uitstekende stalmaat vir LS 6164R asook aangepas vir droëland en besproeiing.

LS 6161R – 'n smalblaar, donkergroen sojaboon wat aangepas is in al die klimaatstreke, met uitstekende staanvermoë en opbrengs en geskik is vir droëland sowel as besproeiing.

LS 6261R is 'n nuwe smalblaarkultivar met soortgelyke eienskappe as LS 6161R, maar met 'n effens korter, regop groeiwyse.

LS 6466R val in die groep 6-groeiklas. Hierdie kultivar het uitstekende peulhoogte en is baie goed aanpasbaar in die warm en gematigde produksieareas, met uitstekende opbrengspotensiaal. ■

Sensako-koringkultivars

– die eerste stap na winsgewende koringproduksie

FRANCOIS KOEKEMOER, STEPHAN DE GROOT en WILLEM OTTO, Sensako

Sensako is 'n bekende handelsmerk in die saadbedryf en is trots daarop om 'n eg Suid-Afrikaanse maatskappy te wees. Die maatskappy ontwikkel kompetenterende produkte vir die plaaslike mark met die doel om produsente winsgewend in bedryf te hou. Die hoë standaarde vir vrystelling van nuwe kultivars vereis intensieve opbrengstoetsing, met die behoud van uitstekende graankwaliteit waarvoor die Sensako-koringreeks bekend geword het. Kliëntetvredeheid en -vertroue in bestaande produkreeks is oor menige seisoene opgebou en dit is sprekend van die potensiaal en stabiliteit van die kultivars.

Die keuse van 'n gesikte kultivar wat by elke produksiesisteem se unieke vereistes inpas, is die eerste stap in die beplanningsproses en koring vorm steeds 'n onmisbare deel van gewasrotasies in verskeie produktiegebiede. Sensako se *Kultivargidse vir die winterreën- en somerreëngebiede* deel inligting van die kultivarreeks wat beskikbaar is en dui agronomiese eienskappe, siekteweerstand asook planttydspektrum aan.

Winterreënvalstreek

SST 087 het, soos **SST 88**, 'n lang groeiperiode, hoë-opbrengspotensiaal, goeie stabiliteit en is goed aangepas vir alle gebiede asook minimumbewerkingspraktyke. **SST 087** het weerstand teen streep- en blaarroes, is vatbaar vir stamroes en het goeie uitloopweerstand. **SST 056** is pitvas met 'n mediumkort groeiperiode, uitstekende uitloopweerstand, hoë-opbrengspotensiaal en is gesik vir droer gebiede waar korter groeiers presteer en minimumbewerking gevolg word. Dié kultivar is matig vatbaar vir stamroes met matige weerstand teen blaar- en streeproes. **SST 0127** – hierdie nuwe kultivar het 'n mediumlang groeiperiode en uitstekende opbrengspotensiaal (Nasionale Kultivarproefresultate; LNR-Kleingraaninstituut, 2015). Goeiestrooisterkte, pitvaste are, goeie siekteweerstand, kwaliteitseienskappe en uitstekende uitloopweerstand is verdere kenmerke.

Somerreënvalstreek

SST 3149: 'n Nuwe, egte winterkultivar met hoë-opbrengspotensiaal, 'n lang groeiperiode en is goed aangepas vir vroeë aanplantings in die Vrystaat. Beskik oor goeie

weerstand teen geelroes, goeie stabiliteit, goeie staanvermoë, uitstekende graderingskwaliteit en goeie uitloopweerstand. **SST 398** – 'n nuwe hoëpotensiaal, intermediêre, droëlandkultivar met 'n lang tot medium groeiperiode, goeie Russiese koringluisweerstand en droogteverdraagsaamheid. Vir vroeë tot laat aanplantings onder droëland in die Vrystaat, het dit goeie stabiliteit, uitstekende graderingskwaliteit en goeie uitloopweerstand. **SST 387** beskik oor uitstekende stoelvermoë, droogteverdraagsaamheid, goeie weerstand teen geelroes, Russiese koringluis en matige blaar- en stamroesweerstand. **SST 317** is 'n hoëpotensiaal winterkultivar met 'n langer groeiperiode spesifiek vir vroeë aanplantings in die Wes-Vrystaat. Uitstekende stoelvermoë bedek die grondoppervlak vinnig en beperk waaisandskade. Korter strooi en stewige halms bied omvalweerstand, beskik oor geelroes en Russiese koringluisweerstand, matige weerstand teen blaar- en stamroes en goeie uitloopweerstand. **SST 316** is 'n intermediêre kultivar vir later aanplantings in die Oos-Vrystaat, met uitstekende geelroes en Russiese koringluisweerstand. Kort, sterk strooi en sterk baard beperk voëlskade, met goeie kwaliteit, uitloopweerstand en hektolitermassa as verdere kenmerke.

Besproeiing

SST 8135 – nuut. 'n Hoëpotensiaal, semi-dwerg variëteit met 'n medium tot kort groeiperiode en goeie weerstand teen geelroes en poeieragtige meeldou. Aangepas vir die warm noordelike en koeler besproeiingsgebiede, met goeie stabiliteit, staanvermoë en uitstekende graderingskwaliteit. **SST 8125** – nuut. 'n Hoëpotensiaal, semi-dwerg kultivar met 'n medium groeiperiode en goeie weerstand teen geel-, stam- en blaarroes en poeieragtige meeldou. Goed aangepas vir die Noord-Kaap en KwaZulu-Natal se besproeiingsgebiede, met goeie staanvermoë, 'n goeie wortelstelsel en uitstekende graderingskwaliteit. **SST 896** – nuut. 'n Hoëpotensiaal, semi-dwerg kultivar met 'n medium groeiperiode en goeie weerstand teen geel-, stam- en blaarroes en poeieragtige meeldou. Beskik oor die *stay green* effek, goeie droogteverdraagsaamheid, goeie staanvermoë, 'n goeie wortelstelsel en uitstekende graderingskwaliteit. **SST 895** het 'n medium groeiperiode, goeie staanvermoë onder hoë-opbrengspotensi-

aalomstandighede asook volwasse plantweerstand teen stam-, blaar-, geelroes en poeieragtige meeldou, droogteverdraagsaamheid, goeie fotosinterende kapasiteit, 'n goeie wortelstelsel en graderingskwaliteit. **SST 884** is 'n semi-dwerg variëteit met enkele dae se langer groeiperiode as **SST 843**, uitstekend aangepas by laat aanplantings onder besproeiing. Volwasse plantweerstand teen stam-, blaar-, geelroes asook poeieragtige meeldou, besit die *stay green* eienskap, goeie droogteverdraagsaamheid, wortelstelsel en fotosinterende kapasiteit, met goeie staanvermoë en graderingskwaliteit. **SST 875** is 'n medium tot kort groeiperiode kultivar vir vroeë tot laat planttye, met goeie staanvermoë, droogteverdraagsaamheid en fotosinterende kapasiteit, volwasse plantweerstand teen blaar- en geelroes, en goeie graaneienskappe. **SST 867** en **SST 877** is langer groeiperiode kultivars vir vroeë aanplantings met uitstekende en stabiele opbrengspotensiaal, goeie staanvermoë, weerstand teen streeproes, met goeie graderingskwaliteit en uitloopweerstand. **SST 866**: 'n Kultivar met goeie aanpassing en hoë opbrengs vir die Noordelike, Noordwes, Wes-Vrystaat en Oranjerivierbesproeiingsgebiede, met goeie staanvermoë en graderingskwaliteit. **SST 843** is 'n welbekende, dubbel-dwerg kultivar met 'n kort groeiperiode en aanpassing vir laat aanplantings. Kan hoë bemesting hanteer sonder omval, het goeie weerstand teen geelroes, poeieragtige meeldou en toleransie teen Karnal Brand. Toon verdraagsaamheid vir aarskroei in vergelyking met bestaande kultivars en het uitstekende hektolitermassa, proteïeninhoud en valgetalwaardes. **SST 835** beskik oor uitstekende en stabiele opbrengspotensiaal in die koeler gedeeltes en KwaZulu-Natal se besproeiingsgebiede. Beskik oor goeie maal- en bakteienskappe, goeie staanvermoë, weerstand teen geelroes, poeieragtige meeldou en toleransie teen Karnal Brand. **SST 806** is 'n bekende kultivar met goeie opbrengspotensiaal en aanpassing in die koeler en warmer besproeiingsgebiede. Die kultivar het omvalweerstand, goeie geelroes- en meeldouweerstand en graankwaliteit.

Optimale gewasbestuur moet die keuse van 'n kultivar ondersteun, veral as die kultivar spesifieke bestuurspraktyke vereis om getiese potensiaal te verwesenlik. ■

Ons noem dit 'die SENSAKO effek' Vordering deur navorsing



We call it 'the SENSAKO effect'
Progress through research

Sensako is South Africa's leading wheat breeder, and supplier of improved wheat seed varieties.

For all your wheat seed requirements – plant Sensako for;

- Improved yield and quality potential
- Agro ecological adaptability
- Disease resistance
- Reduced input costs
- Peace of mind and nationwide affordable value for the farmer



SENSAKO
Beproevede Genetika • Proven Genetics

Sensako is Suid-Afrika se voorste verskaffer van unieke koringkultivars en die leier in koringteelt.

Vir al jou koringsaadvereistes –

plant Sensako vir:

- Beter potensiële opbrengs en kwaliteit
- Agro-ekologiese aanpasbaarheid
- Siekteweerstand
- Minder insetkoste
- Gemoedsrus en bekostigbare waardetoevoeging vir die produsent.

Bethlehem Tel: +27 (0) 58 303 4690
Napier Tel: +27 (0) 28 423 3313

www.sensako.co.za

Sojaboonverbouwing onder die loep

GERHARD ENGELBRECHT, Klein Karoo Saad Bemarking

Sojaboonaanplantings het daadwerklik gestyg as 'n uitstekende wisselbougewas asook 'n baie meer winsgewende een. Sojaboonektare (620 300 ha in 2015) het met 23,34% toegeneem teenoor verlede jaar, terwyl die gemiddelde opbrengs (ongeveer 1,6 ton/ha) nie baie toegeneem het nie. Daar is nog nie baie Suid-Afrikaanse navorsing om die beste verbouingspraktyke uit te wys nie. Ons wil egter graag in hierdie artikel 'n literatuurstudie oor wêreldnavorsing met produsente deel.

Kies die regte plantpopulasie

Hierdie is sekerlik een van die belangrikste praktykkomponente. Sojabone presteer die beste teen die regte stand. Daarom is dit goed om te plant met gehalte saad; met 'n versekerde ontkiemingspersentasie is die populasiemiekpunt makliker haalbaar. Ons vind dat 'n nouer rywydte (tot op 45 cm) 'n opbrengsverhoging sal gee, maar nouer as 45 cm gee geen verhoging nie.

Mikro-elemente

Sojabone is 'n goeie verbruiker van residuale voedingstowwe in die grond. Daar is 'n hele klomp mikro-elemente wat belangrik is vir sojabone, waarvan twee uiters belangrik is:

Molibdeen

Molibdeen (Mo) is veral belangrik met die vorming en werking van nodules. Hierdie nodules bind die stikstof vir die plant en begin dit beskikbaar stel wanneer die plant begin blom. Sojabone moet met

die regte entstof behandel word vir die beste nodulasie. Molibdeen is ook belangrik vir blomvorming en blomgesondheid.

Mangaan

Mangaan (Mn) is belangrik vir die plant se metaboliese prosesse, soos om glifosaat vinniger af te breek. Verbeterde metaboliese akties verminder stres op die plant en sal 'n beter opbrengs verseker.

Wanneer om glifosaat te spuit

Daar is verskeie studies wat die ideale toedieningstyd uitwys. Spuit klaar voor die sojabone blom. Toediening tydens R1- en R2-stadiums is die sensitiefste. Dit is wanneer die plant in volle blom is. Daarna kan glifosaat weer gespuit word met 'n kleiner benadeling van opbrengs. Alhoewel hierdie nie ideaal is nie, moet dit opgeweeg word teen die kompetisie van die onkruid.

K2 Saad het 'n volledige sojabonopakket beskikbaar:

- NS 5009: Vinnig, uitstekend in koeler gebiede.
- NS 5909 en NS 6448: Medium, uitstekend in koeler en warmer gebiede.
- NS 7211: Mediumlaat, uitstekend in warmer gebiede.

Voordat enige addisionele praktyk, soos blaarbespuitings, toegepas word, moet winsgewendheid bepaal word en nie opbrengsverhoging nie. ■



Geel Mielie

KKS 8326 B* • KKS 4270 B

KKS 8214 R • KKS 8216 BR

KKS 4410 • KKS 4412 B • KKS 4474 R

KKS 4520 • KKS 4522 B • KKS 8408 R

KKS 8410 BR

Wit Mielie

KKS 8301 • KKS 4555 • KKS 4577 B

KKS 4479 R • KKS 4581 BR

Soja

NS 5009* • NS 5909* • NS 6448 • NS 7211

Verdien gratis
AgriBonus
punte
eksklusief
verkrygbaar
vanaf
K2 SAAD



DIE ALLES-IN-EEN SAAD VERSKAFFER

In the spotlight: Sorghum seed production by smallholder farmers

NEMERA SHARGIE, ARC-Grain Crops Institute

To achieve food security for the poor at household level, smallholder farmers should be supported to increase food production. Smallholder farmers grow food to directly feed their households; if enabled they can create secure livelihoods for large numbers of people in communities that need it the most.

The Limpopo province, where sorghum is mainly produced by smallholder farmers, faces a major challenge in how to improve production and productivity. In addition to varietal improvement and enhanced crop management, use of quality seed significantly contributes to improved productivity of sorghum.

Open-pollinated varieties are used in Limpopo and other parts of South Africa. Training farmers in community-based seed production can have an impact on farmers' access to seed, provided that seed production costs can be kept lower than those of the formal seed sector and that the quality of the seed produced meets the farmers' expectations.

The ARC-Grain Crops Institute (ARC-GCI) started a sorghum seed production project with a group of smallholder farmers in the Limpopo province with funding obtained from the Department of Agriculture, Forestry and Fisheries (DAFF). The two projects are the Difahlane project, in Makhuduthamaga municipality, where twelve farmers took part; and the Ka-Dikweneng project, located in Lepelle-Nkumpi municipality where four beneficiaries participated.

These two groups of seed growers produced certified seed of sorghum over the last five years assisted by the ARC-GCI and local extension officers. The standards for seed production have been met and enforced by the South African National Seed Organisation (SANSOR), which controls the seed certification scheme.

When producing seed, a producer usually wants to maintain the characteristics of a variety. Cross-pollination between different sorghum varieties must therefore be prevented. Isolating the seed production field from other sorghum fields helps achieve this. If two different

varieties are grown next to each other, cross-pollination will occur between the two varieties and the crop grown from such seed will have unwanted characteristics from the other variety.

Quality control in sorghum seed production

The production and distribution of quality sorghum seed requires diligent efforts both during field production and post-harvest handling. Field inspections are commonly conducted at different crop development stages to ensure quality. The certified seed crop must be inspected at least three times by inspectors affiliated with SANSOR, i.e. during the vegetative growth stage, at flowering and at maturity.

Furthermore, various standard tests for moisture content, germination and physical purity can be conducted to evaluate the quality of the seed. The most common evaluation conducted is germination tests, designed to determine the seed's capacity to germinate and produce normal plants when sown under favourable conditions.

The model scheme adopted for the community-based seed production was a farmers' group producing certified seed and catering for the seed demands of neighbouring producers (**Table 1**).

Training seed producers

Training courses are offered to individuals in the respective groups. Sometimes field days are conducted to improve awareness of the improved cultivars available and illustrate important aspects of seed production (field selection, planting pattern, weeding and fertiliser rates, and plant protection).

Strong partnerships should be established between community-based farmers' groups/seed producers, extension officers from DAFF, the municipality and district administration and NGOs to promote the use of quality seeds on smallholder farms at municipality and district level. ■



TABLE 1: MODEL SCHEME FOR COMMUNITY-BASED SORGHUM SEED PRODUCTION.

Seed source	Basic seed from public sector breeding programme or a seed company; currently ARC
Transport of source seed to seed producers	PDoA/ARC
Sourcing of other inputs (land preparation, fertiliser and pesticides)	Seed producers group/some support from public funder
Training of seed producers	ARC/SANSOR
Certified seed crop – land registration and inspections	Paid by seed producers group
Quality control	DAFF Seed Quality lab paid by seed producers
Cleaning, storing, packaging and marketing	Processing facility at Madzivhandila Agricultural College/seed producers/PDoA
Output	Certified seed
Sustainability issues	Who is taking over the role of DAFF/PDoA in the long term? (Financial support for supply of free basic seed, transport, organisation)
Other issues	Marketing of certified sorghum seeds was a challenge for some seasons, but this current season's demand was high and all seed produced was taken

Graansorghum – nuut in die pyplyn

JOUBERT SWANEPOEL, Agricol

Graansorghum word as 'n baie waardevolle droogteverdraagsame gewas in Suid-Afrika beskou. Daar is ook min somergraangewasse wat só aanpasbaar en veeldoelig is soos graansorghum.

Die gewas se gebruik sluit in menslike verbruik, veevoere, mout en dit besit ook die potensiaal om as die kerngewas vir toekomstige biobrandstof gebruik te word.

Graansorghum het 'n aantal mechanisms wat help om droogte beter te weerstaan as die meeste ander somergraangewasse. 'n Goed ontwikkelde en baie fyn vertakte wortelstelsel, wat uiters doeltreffend is in die opname van water, is slegs een van die vele mechanisms wat help om hierdie gewas meer aanpasbaar te maak vir die onvoorspelbare plaaslike klimaatstoestande. Die sorghumplant se mechanisms om droogte te weerstaan, is ook 'n goeie rede waarom hierdie gewas meer sekuriteit kan bied in droogte-riskante gebiede.

Agricol is opgewonde oor die vordering wat daar met nuwe graansorghumkultivars wêreldwyd gemaak word. Die eienskappe van verbeterde kultivars sluit in: Aanpasbaarheid, stabiele opbrengste, siekteverdraagsaamheid en goeie graankwaliteit. Agricol, wat tans van die wêreld se voorste soet- en bittergraansorghumkultivars evaluateer, wil aan produsente kultivars bied wat nie net goed aange-

pas is vir plaaslike klimaatstoestande nie, maar wat ook terselfdertyd kompetenter is met ander kultivars op die Suid-Afrikaanse mark.

Die maatskappy se groeiende sorghumevalueringsprogram fokus hoofsaaklik op opbrengs wat gepaardgaan met siekteweerstandbiedendheid, uitstekende graankwaliteit en goeie agronomiese eienskappe. Agricol se huidige soetsorghumpakket sluit bekende asook nuwe kultivars in. Laasgenoemde sluit basters soos Enforcer, Dominator en NS 5655 in. 'n Nuwe toetreder tot Agricol se soetsorghumpakket is die baie aanpasbare Titan, wat uitstekend vaar by alle opbrengspotensiaalgebiede.

Wat nuwe kultivars betref, het Agricol ook 'n nuwe toetreder tot die bittersorghummark. Die veelsydige Avenger is 'n aanwins vir enige bittersorghumpakket en is ook 'n goeie aanvulling tot die welbekende NS 5511. ■



PLANT VIR
VOLGEHOUE
SUKSES

A11826/SAGREY

Met **DEKALB®**-saad as deel van jou boerdery, sorg jy vandag reeds vir die dag van môre, omdat jy weet, met **DEKALB®** plant jy sukses. Ons tegnologie en navorsing gerugsteun deur spanwerk en professionele advies dra by tot jou volgehoue sukses, nie net vandag nie, maar ook in die toekoms.

Monsanto tel: 011 790-8200 | www.monsanto.co.za

Kontak gerus ons kliëntediens by: 011 790-8200 of customercare.sa@monsanto.com

DEKALB® en Monsanto is geregistreerde handelsname van Monsanto Technology LLC.

Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Postbus 69933, Bryanston, 2021.



MONSANTO

Voortydige uitloop:

Produsente moet weet waar die risiko's lê

LEONARD OBERHOLZER, Monsanto

Voortydige uitloop, of viviparie, kom voor wanneer die mieliepitte wat reeds fisiologies ryp is, begin uitloop terwyl dit nog aan die stronk is. Pitté begin fisies ontkiem en kiemwortels en kiemplantjies vorm. Dit gebeur gewoonlik wanneer volwasse mieliepitte met 'n voginhoud van minder as 20%, weer nat word en daar terselfdertyd hoë temperatuur heers.

Die kombinasie van droë graan, reën en regopstaande mieliekoppe wat water kan opvang, voorspel dat viviparie kan kop uitsteek. Die kans dat uitloop sal voorkom by koppe met 'n hoër voginhoud, is skraal.

Voortydige uitloop op mieliekoppe is gewoonlik nie 'n groot probleem onder normale produksietoestande nie, maar dit is tog nodig om produsente se aandag daarop te vestig omdat dit in ernstige gevalle graankwaliteit kan beïnvloed en ook probleme kan veroorsaak met die droging en opberging van graan.

Swak graankwaliteit kan 'n produsent laat inboet op wins. Wins kan dramaties verlaag as 'n produsent se graan afgegradeer word weens graankwaliteit.

Nat herfsttoestande voorspel dus 'n gevaar wat betref die voortydige uitloop van mieliepitte.

Die ontkieming van die mieliepit word gereguleer deur hormoonbalansse. Hierdie hormone beheer die balans tussen die pit se vermoë om voedingstowwe op te berg en te ontkiem. Die regulering van hierdie balans verhoed dat die pit sal ontkiem terwyl dit nog aan die moederplant is.

Die verband tussen die twee planthormone, absisiensuur en gibberelliensuur, is kritiek in die bepaling van hoe dormant 'n saad is en of die saad sal ontkiem. Hierdie balans word geaffekteer deur die voginhoud van die pit en deur strestoestande in die omgewing tydens die ontwikkeling daarvan.

Voorbeeldelike hiervan is hitte- en droogstres. Gibberelliensuur word ook geproduceer deur swamme wat kopvrot veroorsaak. Hierdie hormoonproduksie aktiveer die saad se verdedigingsgene, maar kan ook inmeng met die absisiensuur/gibberelliensuur-verhouding en sodoende voortydige ontkieming aanhelp.



▲ 1: Voortydige uitloop kom voor wanneer die mieliepitte wat reeds fisiologies ryp is, begin uitloop terwyl dit nog aan die stronk is.



▲ 2: Pitté begin fisies ontkiem en kiemwortels en kiemplantjies vorm.

Tans heers daar uiterse droë toestande in groot dele van die mielieproduserende gebiede en dit kan veroorsaak dat baie pitte aan mieliekoppe die kritiese punt, wat die balans tussen opberging en ontkieming bepaal, heelwat vinniger as normaal bereik. Sou die droë periode opgevolg word deur reën, kan dit die ideale omgewing skep vir voortydige uitloop.

Bestuursriglyne

- Monitor lande noukeurig.
- Stroop vroegtydig as probleme voorkom, al moet die graan gedroog word.
- Min uitloop (minder as 5% van koppe) behoort nie graadprobleme te veroorsaak nie.

Omdat genetika verskil en daarom verskillend reageer teenoor omgewingstoestande, is dit beter om te kyk na 'n kultivarpakket om risiko te verskans.

Vir meer inligting rakende die kultivaraanbevelings, kan jou plaaslike Monsanto-verteenwoordiger, makelaar of landboukundige gekontak word. ■

Weiding bied legio geleenthede

JACO KELLERMAN, Barenbrug Suid-Afrika

Akkerbougewasse in Suid-Afrika word die afgelope paar dekades baie wyer verbou en veral in areas wat tradisioneel nie daarvoor geskik is nie. Stygende insetkoste en wisselvallige weerpatrone dwing produsente egter om meer te diversifiseer en beskikbare grond beter te benut.

Al hoe meer saaiprodusente is besig om hulle aanplantings te verklein deur hul marginale gronde te ontrek. Die hoëpotensiaalgronde word nou meer intensief verbou, terwyl die marginale lande omgeskakel word na een- of meerjarige weiding om 'n groter veekomponent te akkommodeer. Die kombinasie van vee saam met mielies, bied aan die produsent die geleenthed om te diversifiseer en sodoende sy plaas se potensiaal tot die maksimum te benut.

Vanjaar se laat reënseisoen hou voor- en nadele in vir die produsent. In baie gevalle was dit te laat vir natuurlike somerweiding en dit het ook 'n groot impak gehad op die beplante hoeveelheid kuilvoer en/of snysels hooi vir die droë winterseisoen van die somerreënvalstreke. Die laat reën was egter voordelig deurdat die grond se waterkapasiteit nou hoog is en danksy die beskikbare grondvog kan veeprodusente nou ander moontlikhede oorweeg om die wintervoertekorte te vermy.

By meeste produsente in die somerreënvalstreke is beskikbare weiding nie 'n probleem vanaf middel-somer tot middel-winter nie. Met voldoende reën is natuurlike veld 'n goeie bron van ruvoer in die somer en herfs. Sodra die mielies geoos is, beweeg diere gewoonlik oor na die mielereste tot in die winter, maar die periodes waar ons graag 'n voervloeioprobleem wil aanspreek, is gewoonlik die tydperk net voor ons mielereste toe gaan (as die mielies nie vinnig droog nie) en weer as die mielereste min raak tot en met die reënseisoen. Dit is gewoonlik net voor en net ná die winter. Hierdie kan natuurlik verskil tussen streke.

Hoe spreek ons hierdie tekorte in die jaar aan? Daar is definitief nie 'n goedkoper bron van hoëkwaliteit voer as weiding nie. Spesie-seleksie is egter baie belangrik aangesien marginale gronde reeds sy eie beperkinge het. Dit gaan ook beïnvloed word deur te besluit of voer geproduceer gaan word om weg te pak en/of dit primêr vir weiding gebruik gaan word.

Na gelang van area, kan soos volg geselekteer word:

Maak van hooi

- Tef en oulandsgras

Meerjarige, subtropiese grasse

- Smutsvinger/Rhodes/Panicum/bloubuffel as weiding of staande hooi



▲ Bonsmaras in subtropiese grasweidings.

Meerjarige peulgewasse

- Armmanslusern/droëlandlusern en rolklawer

Eenjarige weiding

- Babala en soetsorghums as weiding of staande hooi (kan met akkerbone gekombineer word vir beter kwaliteit)

Groenvoer

- Kleingrane en rape (konsentreer op die kombinasie van die twee vir hoër veselinhou)

Vleilande kan ook beter benut word deur gewasse te vestig wat natigheid beter hanteer. Hierdie spesies is geneig om ook sterk wortelsels te ontwikkel wat die potensiaal vir oorlewing verhoog. Sulke spesies sluit in langswenkgras, kanariegras (*Phalaris*), kikoejoe en rolklawer.

Die weidingsbedryf gaan tans deur 'n baie opwindende tyd, met nuwe variëteite en spesies wat byna elke jaar vrygestel word. Produsente kry kans om die nuutste tegnologie en konsepte wat die saadbedryf bied, op eie bodem te gebruik om sodoende waarde tot hul weiding en veld toe te voeg. Dit is belangrik om te weet dat elke gewas net 'n positiewe bydrae kan maak indien dit in die regte omstandighede met die regte bestuurspraktyke geplant word. Maak dus seker jy mis nie die geleenthed wat die regte weidingsgewasse vir jou kan bied nie. ■



BARENBRUG

Barenbrug - oor die 100 jaar 'n leier in weidingsgewasse wêreldwyd

Die mees omvattendste weidingsreeks in die land



**Spreek nou jou voervloei probleme aan met ons
wye reeks produkte van weidingsgrasse, peulgewasse
en alternatiewe voergewasse**

Nuutste Konsepte • Nuutste Materiaal • Nuutste Voordele

021 979 1303

www.barenbrug.co.za

 MEMBERS OF THE ROYAL BARENBRUG GROUP

'n Strewe na goeie mieliekultivars teen billike pryse

 LODEWYK VAN DER MERWE, bemarkingsbestuurder, United Seeds

United Seeds is 'n gevestigde Suid-Afrikaanse mieliesaadmaatskappy wat in 2004 gestig is deur dr Tobie Wickens, dr Gabor Barla-Szabo en mnre James en Jacques Wickens.

Die maatskappy se navorsing en ontwikkeling is die verantwoordelikheid van die

likheid van dr Wickens en dr Barla-Zsabo. Beide hierdie navorsers het meer as 80 jaar se gesamentlike ondervinding in mielieteelt. Dr Wickens was betrokke by Sensako as hoofmielieteler en later as assistenthoofbestuurder. Dr Barla-Szabo was betrokke as mielieteler by Syngenta en Pioneer saad.



**WENNER VAN
4 STROOKPROEWE
IN 2013.
Prys: R1 200/60k**



Dr Tobie
Wickens

MIELIEBASTERS

Telers: Dr Tobie Wickens en Dr Gabor Barla-Szabo

- Geel Variëteite (Nie GM): US9610, US9620 en US9640
 - Geel Variëteite(Roundup): USL9696R en USL9690R
 - Kuilvoer: Silmaster en US9630
 - Groenmielies: US9911
 - Wit Variëteit (Nie GM): US9755



Dr Gabor
Barla-Szabo

James Wickens, Hoofkantoor
Wykie van der Merwe, Bemarking
Tenie von Wielligh, Bethal
Dr. Frans du Toit, Bethlehem
Cobus Meintjies, Standerton/Brits
Org Vermeulen, Delmas
Ignus Gouws, Middelburg
Wessie Wessels, Ermelo
Dewald Els, Chryststad
Runaldo van Rensburg, Lichtenburg
Barry Brummer, Newcastle

083 230 8444
083 287 3699
082 550 8094
083 630 2645
082 448 4313
083 227 8326
082 388 0121
082 388 0507
079 526 2519
073 255 4255
084 707 6762

Melt van Zyl, Christiana
Machiel Engelbrecht, Vrede
Stephan Lambrechts, Wellington
Jan Rossouw, VKB Senekal
Annemarie Niebuhr, Paul Pietersburg
Hilgard Muller, Petrus Steyn
Lourens Botha, Virginia
Gert van der Merwe, Vereeniging
Duncan Little, Underberg
Tjaart Venter, Petrusburg
Jan du Toit, Mokopane

079 826 7506
071 675 0885
082 666 5152
082 770 2845
072 790 6888
082 824 3654
083 379 8778
083 444 8448
083 781 6691
083 257 4847
082 802 5888

SAAD LANDWYD BESKIKBAAR • www.unitedseeds.co.za



► James Wickens – besturende direktie van United Seeds.



Hierna kan kanolaprodusente uitsien

DIRK HANEKOM, Agricol, GERT ELS, Klein Karoo Saad Bemarking en JIM McDERMOTT, Pioneer

SA GRAAN/Grain het by 'n paar saadmaatskappye gaan aan-klop om uit te vind wat is tans nuut en wat is in die pyplyn vir kanolaprodusente.

Nuwe Agricol-kultivars

Agricol beskik oor 'n reeks van beide konvensionele en triasienvdraagsame (TT) kultivars. In albei hierdie groepe is daar oopbestuifde sowel as basterkultivars beskikbaar.

Agricol se vlagskipkultivar bly steeds **Agamax**, wat jaar na jaar, ongeag die seisoen, uitstekende opbrengste lewer. Dit is 'n baster konvensionele kultivar met 'n besonderse vermoë om uitstekend aan te pas by wisselende groeitoestande soos in die verskillende streke van die kanolaproduksiegebied aangetref word.

Uit dieselfde stal as Agamax, is daar vanjaar ook **CB Tango** beskikbaar. Tango is 'n baster konvensionele kultivar met die besonderse eienskap van 'n verkorte dae-tot-blom-periode. Tango se toepassing sal hoofsaaklik in gebiede wees waar die reënval dikwels neig om vroeg af te sny. In hierdie geval is Tango 'n uitstekende keuse aangesien die blomtydperk en die daaropvolgende vulling van peule 'n beter kans het om reeds voltooi te wees, sou die seisoen vinnig afsny.

Die gebruik van Tango waar groot hektare aangeplant word, kan ook 'n voordeel inhoud om die druk tydens oestyd effens te versprei. In gebiede waar sterk winde tydens oestyd voorkom, is Tango ook 'n goeie opsie om vroeër te begin stroop en oesverliese as gevolg van sterk winde te beperk.

Wat die TT-kultivars betref, is daar vanjaar genoegsame **Atomic HT** beskikbaar. Hierdie kultivar het die uiters gewilde Jardee HT vervang wat twee jaar in 'n ry die Swartland Kanola-kompetisie gewen het.

Atomic HT het in die 2014-seisoen getoon dat die opbrengspotensiaal van hierdie TT-kultivar gewis in 'n klas van sy eie is. Ook is daar

ATR Gem beskikbaar wat 'n nuwe TT-kultivar is en verlede seisoen met groot sukses deur 'n groot aantal produsente in die Swartland aangeplant is. Terugvoer uit die veld toon dat opbrengste uiterliggend was, afgesien van die feit dat die reënval effens vroeër afgesny het.

Heelwat nuwe teellyne is ook verlede jaar geïdentifiseer wat hopelik binnekort beskikbaar gaan wees.

Klein Karoo Saad Bemarking se kanolakultivars

Klein Karoo Saad Bemarking, oftewel K2 Saad soos wat dit meer algemeen onder produsente bekendstaan, bemark alreeds kwaliteit kanolasaad vanaf die babaskoentydperk van kanola in Suid-Afrika. K2 Saad is in noue kontak met kanolatelers om te verseker dat ons altyd bewus is van die nuutste genetika. Daarom was ons verskaffer die eerste maatskappy in die wêreld wat basterkanola vrygestel het.

Die maatskappy spits hul toe op die hele reeks, wat insluit konvensionele, Clearfield (CL) en triasienvbestande (TT) variëteite. Al hierdie variëteite is tans F1-basters wat vervang is met die oopbestuifde variëteite van die verlede.

Hierdie basters se saailinggroeikragtigheid, beter opbrengs en van die beste swartstamweerstand, maak hulle baie gewild onder produsente. 'n Verdere belangrike aspek vir K2 Saad, is om variëteite te bekom wat wyd aangepas is onder gunstige sowel as ongunstige omstandighede.

Die afgelope drie tot vier jaar, het die huidige variëteite hulself in die Swartland sowel as die Suid-Kaap bewys as konstante goeie presteerders.

Nuwe variëteite word gereeld getoets teenoor bestaande variëteite om te verseker dat die heel bestes vir Suid-Afrika geselekteer word.

In die afgelope seisoen is daar konvensionele, triasienvbestande en Clearfield-variëteite getoets, wat goed gekompeteer het.

In die volgende seisoen sal die uitskieters weer geplant en getoets word, om vas te stel of hulle aanpasbaar is en of hulle konstante goeie presteerders is. Ons kan nie nuwe variëteite op een jaar se resultate selekteer en vrystel in die mark nie. Variëteite wat vrygestel word, moet ten minste oor twee seisoene bewys dat hulle goeie presteerders is.


Elke produsent moet beplan watter tipe kanola (konvensioneel, TT of CL) hy wil plant en daarvolgens besluit watter variëteit om te plant. Dit is ook raadsaam om nie net een variëteit te plant nie, maar 'n pakket van verskillende groeilengtes. Die risiko moet versprei word om by veranderende weersomstandighede te kan aanpas.

Die volgende variëteite is met sukses in die laaste paar jaar aangeplant en is hierdie jaar beskikbaar:

- **Hyola 50** – konvensioneel (beste presteerder oor drie seisoene).



► Waarna kan kanolaprodusente in 2015 uitsien?





VERLAAG JOU KOSTE VAN EIENAARSKAP

ONDERDEELPRYSE GESNOEI

Goeie nuus! Ná 'n omvattende studie deur Barloworld Agriculture is die prys van 'n wye reeks AGCO-onderdele vir Massey Ferguson- en Challenger-toerusting verlaag – in sommige gevalle met meer as 70%.

Hierdie verlagings verminder eienaars se koste van eienaarskap en verlaag ook die koste van Barloworld Agriculture se diensplanne vir trekkers, stroopers, selfaangedrewe sputte en planters.

Prysnavorsing is gedoen ten opsigte van diensonderdele en ander algemene onderdele, waaronder aandrywingsbelde, aansitters, brandstofinspuuters en turbo-aanjaers, asook planteronderdele. Prysverlagings geld onder meer vir:

- MF-trekkerreeks – MF 400 Xtra, MF 5400, MF 7600, MF 8600
- MF konvensionele, wydwerk- en geenbewerkingplanters
- Challenger-rusperband en geartikuleerde trekkers
- Selfaangedrewe Challenger-sputte
- Challenger-stroopers

24/7 – 365 DAE PER JAAR

AGCO-onderdele vir toerusting wat deur Barloworld Agriculture versprei word, is nou 24 uur per dag beskikbaar – regdeur die jaar. Die doel hiermee is om eindgebruikers se produktiwiteit inveral kritieke tye soos plant- of oestyd te verhoog.

AGCO-onderdele kan nou ná kantoorure by Barloworld Agriculture bestel word vir onmiddellike versending per koerier. Onderdele kan ook na-ure by die AGCO-onderdeelpakhuis naby O.R. Tambo-lughawe in Kempton Park, Johannesburg, afgehaal word. Na-urese aflewering per koerier word deur die handelaar gereel en is nie ingesluit by die prys van die onderdeel nie.

Met inisiatiewe soos hierdie streef Barloworld Agriculture daarna om 'n suksesfaktor in boere en kontrakteurs landswyd se ondernemings te wees.

**Kontak jou naaste handelaar vir meer inligting of skakel
011 898 0278 om jou naaste handelaar te vind.**



Challenger



Saad

Hierna kan kanolaproduksente uitsien

- **Hyola 555 TT** – triasienbestand (beste presteerder in die TT-groep in 2011 en 2013).
- **Hyola 575 CL** – Clearfield (beste presteerder oor drie seisoene in die CL-groep).

DuPont Pioneer kanolakultivars vir 2015

DuPont® Pioneer® het die kanolasaadmark in 2004 betree met die vrystelling van twee oopbestuifde Clearfield®-kultivars naamlik 44C73 en 45C75. Clearfield-kanolakultivars is dié waaroor die onkruiddoder Cysure® ('n imidasolinoon groep onkruiddoder) gespuit kan word. Oor die jare het nuwe kultivars gevvolg en 'n belangrike mylpaal was die vrystelling van die eerste Clearfield-baster, 45Y77, in 2008, wat 'n deurbraak in opbrengspotensiaal tweeweeggebring het. Nuwe basters het gevvolg en die Pioneer-reeks bestaan nou uitsluitlik uit Clearfield-basters.

In 2015 stel Pioneer die sogenaamde nuwegererasie Clearfield-basters vry, wat nuwe opbrengsvlakke tot gevvolg kan hê vir produksente. Verwag gerus nuwe rekords van 45Y88 en 44Y87.

45Y88 is 'n kultivar met 'n mediumlanggroeiiseisoen met 'n baie hoë opbrengspotensiaal. Dit het besonder goed presteer in die Nasionale Kultivarproewe in 2013 en 2014. In dié twee jaar het dit in die Suid-Kaap onderskeidelik die hoogste en tweede hoogste gemiddelde opbrengs gegee van alle kultivars. In albei jare het dit die hoogste gemiddelde opbrengs gegee van die Clearfield-groep van kultivars. Dit het voorts in die Swartland die tweede hoogste gemiddelde opbrengs gegee van die Clearfields in die 2014-proewe en was vierde van alle kultivars.

45Y88 word aanbeveel vir mediumhoë- en hoë-reënvalareas.

44Y87 is 'n kultivar met 'n kortmediumgroeiiseisoen (dae tot fisiologies ryp) en met 'n baie hoë opbrengspotensiaal. Dit het ook baie goed presteer in die 2013 en 2014 Nasionale Kultivarproewe waar dit byvoorbeeld die hoogste gemiddelde opbrengs van alle kultivars in die Swartland in beide seisoene gelewer het.

44Y87 word in medium- en mediumhoë-reënvalareas aanbeveel.

Saad van die nuwe kultivars is vanjaar beskikbaar, maar redelik beperk. Saad van die ou staatmakers 44Y84, 45Y86 en 43Y85 is egter nog vryelik beskikbaar. **44Y84** is 'n mediumkortgroeiiseisoenkultivar en het homself bewys as 'n baie stabiele en bestendige kultivar wat goed presteer in goeie, sowel as swakker seisoene en is wyd aanpasbaar. **45Y86** is 'n mediumlangseisoenkultivar wat veral goed presteer in die kouer, hoë-reënvalareas van die Rûens. **43Y85** is die vinnigste van die Pioneer-kultivars en word aanbeveel vir lae reënvalareas of gebiede waar die reën geneig is om vroeg af te sny.

In 2016 sal die Pioneer-reeks heel waarskynlik net bestaan uit die twee nuwes wat hierbo bespreek is, plus 'n baie belowende nuweling vir die lae en mediumlae-reënvalareas, naamlik **44Y89**. Hy het goed gevaar in die 2014 Nasionale Kultivarproewe en blyk net so vinnig soos 43Y85 te groei en het 'n hoë opbrengspotensiaal as laasgenoemde. ■



Met **AgCelence®**
is jou erfenis verseker.

Wat jy vandag in jou grond inploeg – jou harde werk, passie en **AgCelence®** – bepaal vir nageslagte lank die toekoms.

AgCelence® steun BASF se verbintenis tot innovasie wat jou in staat stel om maksimum opbrengste volhoubaar te produseer, jaar na jaar. Ons **AgCelence®**-oplossings help jou om jou plaas beter te bestuur deur verhoogde plantgroeidoeleffek, uitstekende siektebeheer en verbeterde stresweerstand. Met **AgCelence®** is jy verseker van verbeterde produksiedoeltreffendheid, bemarkbare kwaliteit en die beste opbrengs op jou belegging.

AgCelence® – help jou om die belofte van 'n erfenis waaraan jy vandag bou, te vervul.



BASF
The Chemical Company



As jy nie VOERMOL **PREMIX 450** voer nie... ...kan dinge agter uitgaan

Indien u dus ernstig is om hierdie winter net die beste te behaal in:

- liggaamsmassa en algehele kondisie van u kudde
- dragtigheid en speenpersentasies

is daar net een keuse...

VOERMOL **PREMIX 450**

Aanbevole inname:
400 - 600 g per bees per dag



VOERMOL

Wat die natuur kort -
sal Voermol voorsien

50
50 Jaar van Uitstaande Produkte & Dienste

www.voermol.co.za

Voermol Premix 450
Reg. Nr. V4676 (Wet 36/1947)
Registrasiehouer: Voermol Voere (Edms) Bpk.
Posbus 13, Maidstone 4380.



OORGANGSLEK VERSEKER VOLGEHOUE DIEREPRESTASIE

• 032 439 5599 • www.voermol.co.za • info@voermol.co.za

McCosker en Winks (1994) van Australië beveel aan dat proteïen saam met fosfor, in die vorm van 'n Oorgangslek, in die laat groeiseisoen van natuurlike grasveld gevoer moet word. Die oorbrugging van die groen na droë seisoen met 'n Oorgangslek bevorder produksie en reproduksie omdat dit massa- en kondisieverlies beperk weens die voorsiening van ekstra proteïen.

VOORDELE

- Bewerkstellig 'n geleidelike oorgang van fosforaanvulling in die somer na ureumbevattende winterlekke.
- Bevat minder ureum as winterlekke wat die gevaar van ureumvergiftiging verminder wanneer diere na winterlekke (hoog in ureum) oorgeskakel word omdat hulle dan reeds ten volle op ureum aangepas is.
- Verseker dat diere hulle nie aan die hoë ureumbevattende winterlekke oorvrete nie omdat hulle geleidelik daarop aangepas is.
- Voorsien minstens 50 tot 80 g proteïen en 6 tot 9 g fosfor per bees per dag gedurende die stadium wanneer die voedingswaarde van die veld begin daal.
- Beperk massa- en kondisieverlies by beeste ('n matige groei is dikwels moontlik) waardoor produksie en reproduksie bevorder word.

WANNEER?

- Sodra drastiese styging in fosfaatlekinnames plaasvind en/of sodra gras volwassenheid bereik deur saad te begin vorm.
- In die hoër reënvalgebiede begin beeste alreeds op proteïenaanvulling reageer terwyl die weiding nog in 'n mate groen is.

OORGANGSLEKKE VIR VLEISBEESTE

In die soeter grasveldgebiede word Voermol Superfos (V17422) of 'n Super 18-gebaseerde Oorgangslek [80 kg Voermol Super 18 (V355) + 50 kg Rumevite 12P (V11994) + 50 kg sout] met groot welslae gebruik. In gevalle waar dit nodig is om meer proteïen te voorsien, veral op swakker en suurder grasveld, kan een van die volgende Oorgangslekke selfgemeng word.

Grondstowwe	Oorgangslek		
	1	2	3
Voermol Premix 450 (V4676) (kg)	200	-	-
Voermol Hoëveldlek (V16150) (kg)	-	250	-
Voermol Dundee Lekkonsentraat (V10737) (kg)	-	-	150
Voermol Rumevite 12P (V11994) (kg)	100	100	150
Sout (kg)	150	150	150
Totaal (kg)	450	500	450
Aanbevole inname (g/bees/dag)	250-400	250-400	185-300

Indien meer inligting verlang word, raadpleeg u naaste Voermol Agent (sien www.voermol.co.za vir besonderhede) of stuur 'n e-pos aan info@voermol.co.za

Fokus op dieregesondheid

SA Graan/Grain gee erkenning aan die volgende adverteerders en instellings vir hul deelname aan die fokus op dieregesondheid:

- Instituut vir Suiweltegnologie
- LNR-Instituut vir Landbou-ingenieurswese
- SA Stamboek
- Virbac
- Voermol
- Zoetis ■

GPS Leiding is nie meer moeilik of duur nie.

Met die Matrix 430 stelsel, sal jy in die veld wees in 'n kwessie van minute - nie ure - Geniet verbeterde produktiwiteit. En, jy sal jou belegging vinnig verhaal in die stelsel wat meer grond dek in minder tyd, terwyl die insetkoste verminder word.

Belangrike kenmerke

- Helder, kompak grafiese koppelvlak
- Veld grense word maklik gemerk en die area waar produk toegepas is word opgeneem
- Integrale GNSS ontvanger ondersteun GPS en GLONASS seine vir 'n maksimum werkverrigting
- Hoorbare waarskuwing sein uit wanneer die operateur in 'n area wat klaar bespuis is ingaan

TeeJet[®]
TECHNOLOGIES

Leer meer by www.teejet.com

Wat jy moet weet oor BUFFELSIEKTE

JAN DU PREEZ, besturende direkteur, Instituut vir Suiweltegnologie

Buffelsiekte (so genoem omdat buffels die siekte oordra) is 'n akute, gewoonlik dodelike, siekte vir beeste en stem ooreen met of toon dieselfde simptome as Ooskuskoers by beeste.

Buffelsiekte (*corridor disease*) word veroorsaak deur 'n besmetting van buffel-afkomstige *T. Parva*-stamme wat deur besmette *Rhipicephalus appendiculatus* asook ander *Rhipicephalus*-spesies (bruinoorbosluise) oorgedra word aan beeste.

Die Afrikabuffel (*Synacerus caffer*) is 'n lewenslange draer van die besmetting. Buffelsiekte is die eerste keer in 1934 in Zimbabwe ontdek en 20 jaar later is die siekte in Suid-Afrika aangemeld. Die siektervoorsakende organisme is in 1955 deur dr Neitz geïdentifiseer as *Theileria*.

Die eerste uitbreking van die siekte in Suid-Afrika het in die "gang" (*corridor*) tussen die Hluhluwe en iMfolozi wildreservate in Kwa-Zulu-Natal voorgekom. Daarom staan buffelsiekte vandag meestal as *corridor disease* bekend.

Die siekte kom sporadies in die oostelike, sentrale en suidelike dele van Afrika voor waar daar kontak tussen beeste en besmette Afrikabuffels is en waar die bruinoorbosluise, *Rhipicephalus appendiculatus*, of die laeveldbruinoorbosluise, *Rhipicephalus zambeziensis*, voorkom.

Hierdie bruinoorbosluise is die vektore (oordraers) van die siekte. Naas bek-en-klooseer is buffelsiekte die belangrikste siekte wat Afrikabuffels na beeste oordra met ernstige gevolge – die meeste besmette beeste vrek. Afrikabuffels is ook draers van brucellose en tuberkulose.

Oordraging van buffelsiekte

Buffelsiekte word oorgedra deur besmette (*Theileria-parasiete*) bruinoorbosluise en die laeveldbruinoorbosluise.

Die bruinoorbosluis is 'n driegasheerbosluis. Die bosluis het dus drie parasitiese stadiumse, naamlik larwes, nimfe en volwassenes. Die volwasse wyfie bruinoorbosluis voed/parasiteer op die gasheer (bees of buffel), val af as sy vol bloed gesuig is en lê dan eiers.

Die eiers (hulle is nie besmet nie en die larwes dra nie die besmetting oor nie) broei uit en die larwes voed op die eerste gasheer, val af en verval, waarna die nimf op die tweede gasheer voed, afval en verval om die volwasse bosluis voort te bring wat dan op die derde gasheer voed.

Die oordrag van die besmetting van die *Theileria*-parasiete deur bruinoorbosluise gebeur van stadium tot stadium. Wanneer die larwebosluis op 'n besmette buffel voed, val hy af, verval en daarna voed die nimf weer op 'n onbesmette buffel of bees en so word die besmetting (*Theileria*-parasiete) oorgedra.

Die mees doeltreffende oordrag van die besmetting gebeur wanneer die nimfbosluis wat op 'n besmette buffel gevoed het, afval en die volwasse bosluis weer op vatbare buffels of beeste voed. Die bosluislarwes wat uit die eiers van die volwasse wyfiebosluis

uitbroei, is nooit besmetlik nie, hulle moet eers op die besmette buffel voed om besmet te raak.

Theileria-parasiete word nie deur die bosluis se eiers (transovariaal) oorgedra nie. Buffelsiekte in beeste is baie akut (erg met 'n kort verloop), dodelik en selfbeperkend (doodloopsiekte).

Buffelsiekte in kort...

Buffelsiekte is 'n bosluisoorgedraagde besmetting van die protoïese bloedparasiet *Theileria parva*. Besmette Afrikabuffels is natuurlike draers van die *Theileria*-parasiete in hulle bloed. Die buffel wys gewoonlik geen sigbare tekens/simptome van die siekte nie en hy word ook nie sigbaar siek nie.

Buffelsiekte word ook *corridor disease* of buffelverwante *Theileriosis* (*Theileria parva*-besmetting) genoem. Buffelkalwers in die endemiese (streeksgebonde) gebiede waar *Theileria* voorkom, raak kort nadat hulle gebore is, besmet deur die bruinoorbosluis.

Die grootste aantal van die buffelkalwers oorleef en word doeltreffende lewenslange draers van die *Theileria*-parasiet. Besmette bruinoorbosluise (*Rhipicephalus* spp) dra die siektervoorsakende mikro-organismes na beeste asook na vatbare, onbesmette (skoon) buffels oor.

Ongeveer 80% van beeste wat die besmetting opdoen, vrek. Dit is onduidelik of beeste wat oorleef moontlik draers van buffelsiekte word. In Suid-Afrika is buffelsiekte blykbaar beperk tot twee gebiede waar besmette buffels (draers) en die bruinoorbosluis aanwesig is. Die twee gebiede is die oostelike laeveld van Mpumalanga en die Limpopo provinsie langs die Kruger Nasionale Wildtuin en sekere gebiede in Noord-KwaZulu-Natal.

Die res van Suid-Afrika is tans vry van buffelsiekte. Beeste wat buffelsiekte opdoen, vrek gewoonlik voordat die parasiete ontwikkel tot die stadium in sy lewensiklus dat hulle besmetlik is vir bruinoorbosluise wat op daardie stadium op die bees parasiteer.


Buffelsiekte is selfbeperkend en het daarom gewoonlik 'n "doodloopeinde" in die bees. Buffelsiekte moet van Ooskuskoers (in 1955 in Suid-Afrika uitgeroei) onderskei word – albei hierdie twee siektes word deur dieselfde parasiete, maar uit verskillende stamme veroorsaak.

Beeste met Ooskuskoers lewe lank genoeg dat bruinoorbosluise wat op hulle voed/parasiteer besmet kan raak. As gevolg hiervan kan Ooskuskoorsbesmette beeste die besmetting behou in die afwesigheid van buffels en dien dan as 'n bron van Ooskuskoorsbesmetting.



- ▲ 1: Skoon (nie besmette) buffels is baie gesog. Sulke buffels is nie besmet (draers) met brucellose, buffelsiekte, tuberkulose of bek-en-klouseer nie.
- ▲ 2: Hierdie buffel het tuberkulose gehad. Druiwetrosagtige tuberkulose letsets is baie prominent in die buffel se borskas. Siektevrye (skoon) buffels is vry van tuberkulose, buffelsiekte, brucellose en bek-en-klouseer.
- ▲ 3: Buffelkalwers in endemiese buffelsiektegebiede waar die *Theileria*-

- parasiet voorkom, raak kort ná hulle geboorte besmet deur die bruinoorbosluis. Die grootste aantal kalwers oorleef en raak lewenslange draers van buffelsiekte.
- 4: Bruinoorbosluise parasiteer op 'n bees se oor. Foto: Dr Tom Strydom
- ▼ 5: 'n Beesoor met baie bruinoorbosluise wat op die bees parasiteer. Die mees doeltreffende oordrag van buffelsiektebesmetting gebeur as die nimfbosluis op 'n besmette bufel voed, afval en die volwasse bruinoorbosluis weer op 'n vatbare bees of buffel voed. Foto: Dr Tom Strydom



- ▲ 6: Die meeste beeste (ongeveer 80%) met buffelsiekte sal vrek as hulle die besmetting opdoen.
- ▲ 7: Die buffel bad in modder en dit help soms om die uitwendige parasiete op sy vel te verminder.
- ▼ 8: Buffelsiekte is selfbeperkend in beeste indien hulle die besmetting opdoen en het daarom gewoonlik 'n "doodloopeinde" in die bees.
- ▼ 9: Buffelboerdery is hedendaags baie gesog en populêr in Suid-Afrika.
- ▲ 10: Die bruinoorbosluis se larwe (ses pote), nimf (agt pote) en volwasse (agt pote) stadium. Die nimf en volwasse bruinoorbosluis dra buffelsiekte-besmetting oor.
- ▼ 11: 'n Bees met buffelsiekte. Die bees haal moeilik en geforseerd asem weens die longedeem. Foto: Dr Hein Stoltz

Wat jy moet weet oor BUFFELSIEKTE

Besmette bruinoorbosluisse kan tot 18 maande in die veld oorleef en die besmetting oordra. Ná 'n buffelsiekte-uitbreking in 'n gebied moet beeste vir twee jaar uit die gebied verwijder word om te verseker dat hulle nie die besmetting opdoen nie.

Simptome van buffelsiekte by beeste

Die verloop van buffelsiekte by beeste is gewoonlik nie lank nie. Meestal vrek die beeste drie tot vier dae nadat die eerste simptome gesien word. Tydens die siekte vermaer beeste, ontwikkel diarree en hulle vreet minder of glad nie. Die bees se kondisie kan agteruitgaan.

Voor beeste vrek, ontwikkel hulle 'n erge longedeem (vog in longe) en haal moeilik asem. Met Ooskuskoors in beeste is die simptome baie dieselfde, maar duideliker as met buffelsiekte en die bees vrek nie so gou nie. Ongeveer 80% van beeste met buffelsiekte vrek. 'n Draertoestand in beeste wat oorleef, is nog nie bewys nie. Die beeste verloor die besmetting voordat die volgende seisoenale nimfstadium gereed is om parasiete op te tel.

Voorkoming en beheer van buffelsiekte


Buffels wat met buffelsiekte besmet is, word in Suid-Afrika net

toegelaat in twee siektebeheerde areas in die noorde van KwaZulu-Natal en die oostelike Laeveld van Limpopo en Mpumalanga – dit is bo en behalwe die besmette buffels in die Kruger Nasionale Wildtuin.

Buffelsiekte is 'n staatsbeheerde siekte in Suid-Afrika en word gereguleer en beheer ooreenkomsdig die Dieresiekte Wet (Wet 35 van 1984). Die biosekuriteitsvereistes ten opsigte van buffelsiekte moet ten alle tye nougeset nagekom word om die siekte te voorkom en te beheer.

Daar word nie toegelaat dat beeste en buffels in dieselfde gebied bly en wei nie. Buffels moet afgesonder word van beeste deur doeltreffende wildwerningsheinings. Vanaf 1998 is dit verpligtend dat alle buffels wat verskuif word, eers getoets word vir buffelsiekte, bek-en-klouseer, brucellose en tuberkulose.

Al vier genoemde siektes is staatsbeheerde siektes. Indien die buffels negatief toets vir al die siektes, mag hulle verskuif word. Buffels wat in die verlede geteel is uit besmette buffels in die sogenoemde "siektewrye teelprojekte" moes vier keer agtereenvolgend negatief toets vir al vier die bogenoemde siektes.



Kaart 1: 'n Kaart van Suid-Afrika met die geografiese verspreiding van die bruinoorbosluis (*Rhipicephalus appendiculatus*) wat die vektor (oordraer) van buffelsiekte is. Die kolletjies verteenwoordig 1 556 bevestigde gevalle van die bruinoorbosluise se teenwoordigheid. Kaart: Arthur Spickett



Kaart 2: In Suid-Afrika is buffelsiekte blybaar beperk tot twee gebiede (die rooi-geel kol en areas om dit) waar besmette buffels (draers) en die bruinoorbosluis aanwesig is. Die twee gebiede is die oostelike laeveld van Mpumalanga en die Limpopo provinsie langs die Kruger Nasionale Wildtuin en sekere gebiede in Noord-KwaZulu-Natal.

Die buffels moes ook 'n jaar terughoutydperk in die aanwesigheid van bruinoorbosluse op hulle bestemde plaas deurloop en dan 'n finale vyfde negatiewe toets ondergaan voordat hulle as siektevry gesertifiseer kon word.

Buffelteelprojekte waar daar van besmette teeldiere gebruik gemaak is, is in 2011 gestaak. Om beeste met buffelsiekte te besmet deur besmette bruinoorbosluse en dan weer gekontroleerd te behandel (buparvaquone, langwerkende tetrasikliene of butalex) blyk tans die beste praktyk te wees om beeste te immuniseer teen die siekte.

Dit lei tot immuniteit teen buffelsiekte, maar ook tot 'n parasiet-draertoestand in die bees. Hierdie praktyk word nie in Suid-Afrika toegelaat nie, omdat 'n draertoestand in die bees geskep word. Gereelde en volgehoue dip van die beeste om die bruinoorbosluse te elimineer en te verhinder om te parasiteer op die beeste, is suksesvol. Daar moet gewaak word teen transplasentale (die buffelfetus raak in die baarmoeder besmet) oordraging van buffelsiekte. Buffelkalwers moet getoets word vir buffelsiekte.

Bestuur van 'n buffelsiekte-uitbreking by beeste

Buffelsiekte kom tans by beeste voor in die genoemde twee areas en dele aangrensend tot die areas. Uitbrekings van buffelsiekte moet aan die naaste staatsveearts gerapporteer word.

Indien buffelsiekte bevestig word, sal die volgende beheermaatregels deur die staatsveearts ingestel word:

- Die plaas word onder kwarantyn geplaas. Geen diere mag in of uit die plaas geneem word nie.
- 'n Dipprogram wat die bruinoorbosluse vernietig, word ingestel vir beeste ooreenkomsdig bestaande protokol. Dit sal die buffelsiekte-oordraging verminder.
- Die bron van besmetting wat gewoonlik rondlopende buffels is, moet verwyder word.

Daar is doeltreffende terapeutiese middels beskikbaar waarmee besmette beeste elders in Afrika vir die bees-aangepaste *Theileria*-stamme gebruik word. Hierdie behandeling word nie in Suid-Afrika toegelaat nie, omdat die behandeling nie die besmetting steriliseer nie.

Hierdie behandeling kan buffelsiektedraertoestande in beeste veroorsaak en die beeste kan die rol van die buffel oorneem as die *Theileria*-parasiet beesaangepas raak. Daar is dan 'n definitiewe risiko van terugverandering van besmetting na Ooskuskoers en Januariesiekte-sindroom. Tans is daar geen doeltreffende entstof in Suid-Afrika vir beeste teen buffelsiekte beskikbaar nie.

Toets van buffels vir buffelsiekte

Die toetsing van buffels vir buffelsiekte word deur 'n battery van toetse gedoen. Die molekulêre diagnostiese toets is die mees gevorderde toets. Indien die parasietvlak in die buffel baie laag is en daar gemengde besmettings van *Theileria*-parasiete is, raak die bloedtoets gekompromitteer. Hierdie battery van toetse bestaan uit die mikroskopiese demonstrasie van die parasiete in smere van die limfknope, milt of bloed, die aantoon van parasietspesifieke teenliggame in die bloed asook die demonstrasie van die parasiete se deoksiribonukleïen-suur (DNS) in bloedmonsters.

Die staatsveearts is verantwoordelik vir die finale interpretasie van die toetsresultate, wat gebaseer is op die huidige toetsresultate, die vorige toetsgeschiedenis van die dier, waar die buffels van afkomstig is, die aanwesigheid van bruinoorbosluse op die plaas en die toetsresultate van die buffelkudde op die plaas.

Met "probleemplase" vind die ondersoeke onder die toesighouding van die plaaslike staatsveearts plaas, wat die volgende aksies kan insluit:

- Bosluse word van die buffels en die plantegroei versamel om te kyk of die vektor (bruinoorbosluis) aanwesig is.
- Plaaslike beeste met ingeplante mikroskyfies vir identifisering van die brandwagbeeste word saam met verdagte buffels wat moontlik die buffelsiektebesmetting het, op dieselfde weidings gesit om moontlike oordraging van besmetting te monitor.
- Onbesmette bruinoorbosluse word op buffels wat positief getoets is vir buffelsiekte gesit om op hulle te voed. Hierdie bosluse word dan weer onder gekontroleerde toestande op beeste gesit om te bepaal of hulle die besmetting kry.

Buffelboerdery op plase

Buffelboerdery in die privaat sektor het die afgelope jare baie toegeneem in Suid-Afrika as gevolg van 'n verskeidenheid van faktore. Na raming is daar tans meer as 20 000 buffels in privaat besit. Geregistreerde eiendomme om met buffels te boer, was met die laaste navraag 1 918. Na raming is meer as 90% van die bogenoemde buffels wat op plase en natuurreserve voorkom, siektevry (skoon buffels) en die plase is buite die bek-en-klouseer asook buffelsiektebeheerde areas.

Alle buffels wat in die endemiese besmette gebiede van bek-en-klouseer en buffelsiekte voorkom, is agter wildweringsheinings in die nasionale parke, provinsiale reserwes en wildsplose/buffelprojekte in privaat besit. Al die bogenoemde plekke is in die verklaarde siektebeheerde gebiede.

Vir navrae, kontak dr Jan du Preez by jan.dupreez@mpo.co.za.

MULTIMIN®



MULTIMIN – die kraginspuiting vir jou vee én jou profyt!



Multimin, Virbac se multiminrale-inspuiting vir skape en beeste, bied nie net die mees omvattende aanvulling vir jou vee nie. Vir jou as boer gee dit die gemoedsrus dat jy kan staatmaak op die beste. Multimin word maklik geabsorbeer en is ontwerp om groei en immuniteit te verbeter. So as jy dit nog nie gebruik nie, waarom wag? As jy dit reeds gebruik, hou dit vol.

MULTIMIN + Se - Reg. Nr. G1853 (Wet 36/1947). Per ml: Zn 40mg, Mn 10mg, Se 5mg • MULTIMIN + Se + Cu Cattle - Reg. Nr. G2144 (Wet 36/1947). Per ml: Zn 40mg, Mn 10mg, Se 5mg, Cu 15mg • MULTIMIN + Se + Cu + Cr Cattle - Reg. Nr. G3371 (Wet 36/1947). Per ml: Zn 40mg, Mn 10mg, Se 5mg, Cu 15mg, Cr 5mg • MULTIMIN + Se + Cu Sheep & Goats - Reg. Nr. G2145 (Wet 36/1947). Per ml: Zn 40mg, Mn 10mg, Se 3mg, Cu 10mg • MULTIMIN + Se Sheep & Goats. Reg. Nr. G1852 (Wet 36/1947). Per ml: Zn 40mg, Mn 10mg, Se 2.5mg **Virbac RSA (Pty) Ltd** (Reg. Nr. 1990/003743/07) Privaatsak X115, Halfway House 1685 Tel: (012) 657-6000 • Faks: (012) 657-6067

Rig die toekoms van dieregesondheid.

Virbac

DIEREGESONDHEID

– die graanprodusent se las of belegging?

DANIE VAN NIEKERK, produkbestuurder, Virbac Dieregesondheid

By baie graanprodusente maak die veefaktor 'n wesenlike deel van hul boerdery uit. Net soos by die graanvertakkings, moet "presisieboerdery" in die veevertakking toegepas word om maksimumwins daaruit te verseker. Die veevertakking verdien om meer as net 'n "spaarvarkie" te wees.

As die reën eers geval het en die trekkers/stropers begin loop, is dit moeilik om op die veevertakking te konsentreer. Dit het menige graanprodusent egter al duur te staan gekom in terme van reproduksie/produksieverliese asook vrektes.

Naas voeding, speel dieregesondheid 'n kardinale rol om optimale produksie te verseker. Sorg dus dat jy 'n eenvoudige, dog doelgerigte, kuddegesondheidsprogram opstel in samewerking met jou plaaslike Virbac tegniese verkoopsadviseur en/of veearts en dit getrou navolg. Onthou – geen kalf/lam groei so swak soos die een wat nie gebore is nie en dié wat wel gebore word, moet so behandel word dat hulle maksimuminkomste kan verseker.

'n Doelgerigte gesondheidsprogram behoort die volgende in te sluit:

Inentingsprogram

'n Tydige en doeltreffende inentingsprogram is essensieel. Inenting is soos (hael)versekering – jy tref voorsorg en weer die belangrikste siektes af, of jy spaar die geld om nie te ent nie en vat die pyne as die voorkombare siektes, soos bloutong, bloednier, Slenkdalkoers en baie ander toeslaan. As jy wag totdat 'n siekte uitbreek, is dit in die meeste gevalle te laat om dan te begin ent. Die keuse is joune.

Parasietbeheerprogram


'n Tydige en doeltreffende parasietbeheerprogram (inwendig sowel as uitwendig) moet deel wees van jou boerdery. Beeste vrek nie maklik van inwendige parasiete nie, maar dit lei tot swakker reproduksie en produksie, wat nie altyd raakgesien word nie = indirekte verliese.

By skape is direkte verliese (vrektes) meer algemeen as behandeling nie tydig en doeltreffend plaasvind nie. Indirekte verliese in terme van reproduksie en produksie kom ook algemeen voor. Maak dus seker dat jy weet wanneer en watter parasiete op jou plaas 'n bedreiging inhoud en behandel jou diere tydig met 'n doeltreffende produk.

Spoormineraal- en vitamien-aanvullingsprogram

'n Tydige en doeltreffende spoormineraal en vitamien-aanvullingsprogram is noodsaaklik. Dit is algemene kennis dat Suid-Afrika in die algemeen 'n tekort aan spoorelemente het, of dat die opname daarvan deur antagoniste (veral Ca, Fe en S) beperk word.

Variërende lekinname vererger die probleem verder. Teen die tyd dat fisiese spoorelementtekorte gediagnoseer word, is daar reeds baie "onsigbare" skade aangerig – sien **Figuur 1**. Die volgende ge-



Figuur 1: Impak van agteruitgang in spoormineraalstatus op diereprestasie.
Dr Gordon Carstens, Texas A & M University, Texas, VSA

segde is hier baie toepaslik: "Die klein jakkalsies wat die wingerde verniel." Sorg dat jou diere lekke ontvang wat spoorminerale bevat. Maak egter seker dat jou diere tydens kritieke periodes van verhoogde spoormineraalbehoeftes, soos kalf/lam-, paar- en speentyd 'n "op top" ontvang deur middel van 'n bewese, inspuitbare spoormineraalaanvulling asook 'n vitamien A- en E-aanvulling.

Diagnose en behandeling

Die tydige diagnose en doeltreffende behandeling van siektes is 'n aspek wat baie keer afgeskeep word en tot groot verliese kan lei. Deur siek diere vroegtydig te identifiseer en korrek te behandel, word geld gespaar deurdat vrektes verminder en diere vinniger herstel. 'n Toegewyde, opgeleide toesighouer by jou vee, kan jou baie geld spaar.

Algemene aksies

Tydige en doeltreffende algemene aksies is hier van toepassing. Bulle/ramme wat byvoorbeeld onvrugbaar is gaan nie koeie/ooie dragtig kry nie. Toets ramme/bulle dus voor die aanvang van die teelseisoen vir vrugbaarheid en geslagsiektes om 'n onaangename verrassing teen lam/kalftyd te voorkom. Tydige dragtigheidsbepalings kan baie daartoe bydra om "passasiers" uit te skot en seker te maak dat diere die regte voeding ontvang.

Om bogenoemde in 'n werkbare kuddebestuursprogram saam te vat, is heeltemal haalbaar, maar dit is ongelukkig nie altyd so eenvoudig om 'n "algemene" program wat van die Kaap tot Kairo geld, op te stel nie. Daar is soveel faktore wat 'n rol speel by die opstel van 'n program – soos byvoorbeeld die omgewing waarin geboer word, die seisoen, die produksiestelsel wat gevvolg word en teelseisoene (of die gebrek daaraan).

Virbac beskik oor 'n wydverspreide en goed opgeleide span tegniese verkoopsadviseurs om jou hierin by te staan. Daarby het Virbac ook 'n wye reeks van gehalte produsante om in die meeste van jou diergesondheidsbehoeftes te kan voorsien.

Kontak dus gerus jou naaste Virbac tegniese verkoopsadviseur of die hoofkantoor vir hulp met die saamstel van jou persoonlike kuddegesondheidsprogram, algemene advies en produkinligting. ■

Presisieboerdery vir melkkuddes:

Die gebruik van maatstawwe om doelwitte te bereik

JAPIE VAN DER WESTHUIZEN, SA Stamboek

Suid-Afrikaanse melkprodusente is in die unieke posisie om presisieboerdery in hulle melkkuddes te kan toepas sonder om groot bedrae geld te belê en met min moeite.


Alhoewel basiese deelname aan melkaantekening reeds vir dekades deel is van basiese kuddebestuur en veral genetiese verbetering via metings van bulle se nageslag, maak moderne, omvattende sisteme, soos Logix Melk, dit moontlik vir individuele melkprodusente, tegniese adviseurs, professionele veekundiges, veeartse en ander kundiges om die doeltreffendheid van melkproduksie op vlakte te plaas wat volhoubaarheid verseker.

Met die beskikbaarheid van hierdie omvattende produktiwiteits-hulpmiddel word wye moontlikhede vir melkprodusente ontsluit.

Die vereistes van so 'n stelsel sluit onder andere die volgende in:

- Wetenskapsgebaseer, herhaalbaarheid en akkuraatheid van metings en inligting.
- Insluiting van relevante data en metings wat verwerk kan word na praktiese, werkbare en toepaslike inligting.


- Vrye toegang vir gebruikers, veral vir die melkprodusent self, maar ook sy professionele span wat hom van die regte advies moet voorsien.
- Buigbaarheid in die tipe en omvattendheid van verslae en aksielyste sodat bestuursaanpassings betyds gemaak kan word. Dit sluit die moontlikheid in dat spesialiste, soos veeartse en voedingskundiges hul eie pasmaak verslae en aksielyste op dieselfde stelsel kan ontwikkel en gebruik om die heel beste advies aan die deelnemende melkprodusente te verseker.
- Die insluiting van verskillende vlakke van maatstawwe (*bench marks*) wat gebruikers van die stelsel in staat stel om huidige prestasie in die kudde (totale kudde, verskillende behandelingsgroepe, voedingstelsels, gesondheids- en siektetegroepes en individuele diere) te meet en te vergelyk. Hierdie vergelykings stel melkprodusente in staat om planne te maak en soodoende totale kuddedoeltreffendheid op vlakte te plaas wat deur hierdie maatstawwe gestel word.
- Die stelsel moet melkprodusente in staat stel om besluite te maak op bedryfs- (*operational*), taktiese (*tactical*) en strategiese (*strategic*) vlakke.




Figuur 1: 'n Logiese proses vir die stel van maatstawwe en verbetering van eie prestasie om dit te bereik.
Aangepas uit www.totalqualitymanagement.files.wordpress.com



Figuur 2: Die gebruik van verskillende bronne vir die daarstel en toepassing van maatstawwe in melkkuddes.
Aangepas uit www.totalqualitymanagement.files.wordpress.com



Figuur 3: Enkele maatstawwe wat produksie en kuddegesondheid aandui in 'n Holstein-kudde.



Figuur 4: Vergelyking van die dae-in-melk en melkproduksie van 'n kudde en 'n voorafgekose maatstaf groep kuddes.

Bedryfsvlak

Besluite op bedryfsvlak word gegrond op elke individuele koei se produksie sodat die melkprodusent uitsonderingsbestuur kan toepas. Elke koei in die kudde se produktiwiteit en groepe koeie se reaksie op bestuurspraktyke vorm dus deel van totale kuddeproduktiwiteit en doeltreffendheid. 'n Sisteem wat maklik toegepas en verstaan word, is die hoeksteen om siekte, swak melkkwaliteit, lae produksie, ondoeltreffendheid en oorspandering hok te slaan.

Taktiese besluite

Taktiese besluite word sodoende gegronde op betroubare data en inligting om melkprodusente by te staan in presisiebesluite ten opsigte van die gesondheid van die kudde, reproduksievlekke, produksie, kuddesamestelling (tans en in die toekoms) en die omgewingsimpak op produktiwiteit.

Strategiese besluite

As gevolg van die feit dat 'n allesomvattende stelsel van individuele koeivlek opgebou word tot op nasionale vlakke, stel dit gebruikers in staat om ook strategiese besluite te neem op grond van die inligting in die stelsel.

Elke melkprodusent wat deelneem kan dus sy kudde se produktiwiteit (vir elke meetbare eienskap of afgeleide waardes) meet teen enige ander groep kuddes. Hierdie kuddes kan aan een of meer van die volgende vereistes voldoen: Dieselfde tipe bestuurstelsel, dieselfde ras, in dieselfde omgewing of selfs kuddes wat van dieselfde insetverskaffer of adviseur (soos 'n veearts) gebruik maak.

Uiteraard sal die stel en najaag van maatstawwe sekere prosesse op kuddevlek moet volg. **Figuur 2** dui op die logiese pad om te volg.

Die belangrikste inligtingsbronne vir die daarstel hiervan is onder andere:

- Maatstawwe wat gestel word gegronde op biologiese, finansiële, mark en ander bronne.
- Maatstawwe wat uit die kudde self opgebou word oor 'n tydperk (met inagneming van seisoenale effekte en aanpassing in voedingsbronne).
- Maatstawwe wat verkry word deur ander kuddes se prestasies en ander metings te vergelyk sodat die uitvoerbaarheid van die biologiese en ander maatstawwe getoets word.

Figuur 1 stel hierdie interaksie tussen die inligtingsbronne voor.

Presisieboerdery vir melkkuddes

Die eerste vlak waarop die melkprodusent maatstawwe wil toepas, is om bloot met 'n oogopslag te sien wat in die kudde gebeur. Vir hierdie rede is die tipiese oorsig van groot waarde.

Oogopslagverslae

Figuur 3 is kort uittreksels uit die oogopslagverslae op Logix Melk wat melkprodusente in staat stel om te sien of maatstawwe bereik word. Die betrokke voorbeeld weerspieël die situasie in 'n topproduserende Holstein-kudde van mediumgrootte.

Een vinnige waarneming uit Figuur 3 is dat die gesondheidsbe-
stuur, op grond van die hoër persentasie somatiese seltellings,
minder as 200 000 verbeter het. Radikale laer produksievlekke in laat
laktasie is egter nog 'n aspek wat moontlik aandag verg.


Figuur 4 is 'n tipiese voorbeeld waar maatstawwe toegepas word op grond van kuddes wat in dieselfde omgewing en produksiestelsels melk produseer. Uit Figuur 4 kan gesien word dat die betrokke

kudde heelwat hoër produksievlekke as die maatstaf-groep handhaaf en ook proporsioneel heelwat minder koeie het wat langer as 300 dae in melk is. Die betrokke kudde vaar dus heelwat beter as die maatstawwe wat hy oestel het.

Gesondheidsbestuur

Gesondheidsbestuur is sekerlik een van die belangrikste aspekte vir winsgewendheid van melkproduksie. Een van die belangrikste maatstawwe is die somatiese seltellings in individuele koeie se melk.

Die gemiddelde somatiese selle op kuddevlak het ook 'n direkte invloed op die produkkwaliteit en dus die prys. **Figuur 5** is 'n voorbeeld van 'n handige instrument in die hande van die melkprodusent en sy veearts om dadelik te sien of die aanvaarbare biologiese maatstawwe vir seltellings bereik word. Uit Figuur 5 kan gesien word dat die betrokke Jersey-kudde se koeie grootliks voldoen aan die gesondheidsmaatstawwe en dat hulle nie enige uierprobleme ontwikkel het tussen die twee toetse nie.



Figuur 5: Somatiese seltellingwaardes van individuele koeie se melk in twee opeenvolgende Logix-melktoeftse.

Figuur 6: Gebruik van Logix Melk om somatiese probleemkoeie op te spoor en op 'n aksielys te plaas.



Daar is egter koeie wat opeenvolgend somatiese seltellings van meer as 400 000 (kan ook 'n ander maatstaf stel, indien die veearts dit vereis). Logix Melk maak dit vir die melkprodusent en sy adviseurs moontlik om hierdie koeie eensklaps op te spoor en aandag daaraan te gee. **Figuur 6** is 'n voorbeeld van hoe die stelsel aangewend kan word om 'n aksielys saam te stel deur die koeie op te spoor.


Figuur 6 spreek vanself. Die gebruiker kan ook die net fyner span deur slegs koeie te identifiseer binne betrokke bestuursgroep (soos byvoorbeeld net dié wat reeds behandeling ontvang of spesifieke voedingsgroepe, stadium van laktasie en ouderdom).

Voerkoste


Dit is wel bekend dat die enkele faktor wat die grootste invloed het op die koste om 'n kilogram melk te produseer, voerkoste is. Om hierdie rede word doeltreffendheid in melkkuddes dikwels as marge bo voerkoste uitgedruk.

Maatstawwe wat hier getel kan word, wissel ook op grond van biologiese verwagtings, omsetsyfers of verhoudings, finansiële uitsette relatief tot insette en ander. Die uitset:inset-verhoudings word ook grootliks beïnvloed deur die metaboliese "gesondheid" van die koeie wat moet melk produseer.

Figuur 7 is een voorbeeld waar die metaboliese welvaart van die lakterende koeie gemeet word aan biologiese maatstawwe. Figuur 7 dui aan waarna die melkprodusent moet oplet om te



Figuur 7: Vroeë waarskuwing op grond van biologiese maatstawwe, vir die moontlike voorkoms van metaboliese steurnisse in 'n melkkudde.



Presisieboerdery vir melkkuddes

Uit Figuur 8 is dit duidelik dat die betrokke groep koeie hoofsaaklik binne die bepaalde biologiese maatstaf vir MUN val, maar tog effens neig na 'n ondervoeding van proteïen. Hierdie verslag, saam met ander hulpmiddels, kan die produsent en sy adviseurs help om tydig voedingaanpassings te maak.

Effektiewe kuddelewe

Hoewel daar nog baie ander aspekte van ekonomiese belang is wat aan maatstawwe onderwerp behoort te word, kan een laaste belangrike aspek ook genoem word. Dit is welbekend dat een van die grootste kostefaktore die grootmaak van vervangingsverse is. Effektiewe kuddelewe (gegewe dat koeie gereeld kalf, hoë produksievlekke handhaaf, goedkoop is om te onderhou en 'n kwaliteitproduk lewer) is dus een aspek wat 'n winsbepaler in melkkuddes is.

Ook in hierdie oopsig kan elke deelnemer aan Logix Melk hom meet aan ander kuddes wat onder dieselfde omstandighede as hy melk. **Figuur 9** is 'n goeie voorbeeld van hoe om die maatstaf prakties te gebruik. Die verslag is saamgestel uit die ouderdomsverspreiding in 'n Oos-Kaapse Jersey-kudde waar die melkprodusent sy kudde met die res van die studiegroep vergelyk het.

Dit is duidelik uit Figuur 9 dat die betrokke melkkudde heelwat beter vaar as die res van die groep in sy omgewing en effektiel die koste van die grootmaak van sy verse oor 'n baie langer kuddelewe

versprei. Bo en behalwe hierdie geweldige besparing, het dit tot gevolg dat die produsent strenger kan selekteer en 'n groter aanbod het van diere wat verkoop kan word vir 'n ekstra inkomste.


Behoorlike meting

Sonder behoorlike meting en die stel van maatstawwe is doelwitstelling nie moontlik nie. Melkprodusente is konstant in 'n kosteknyptang vasgevang en het oor die algemeen 'n beperkte invloed op die prysbepaling van hulle produk. Die meeste studies duif verder daarop dat die winsgewendheid van melkkuddes gekoppel word aan doeltreffendheid en nie noodwendig aan melkprys nie.

Dit is gevoldiglik binne elke melkprodusent se vermoë om maatstawwe te stel om juis vlakte van doeltreffendheid te verhoog. Daar is dus geen verskoning vir enige melkprodusent om nie te meet nie. Individuele stelsels wat data en inligting tot op plaasvlak beperk, bied ook nie moontlikhede vir die gebruik van wyer maatstawwe nie.

Verdere inligting

Vir meer inligting oor hoe 'n melkkudde deel kan word van die Logix professionele netwerk waar veekundiges, veeartse en ander professionele vakkundiges en tegniese persone saamwerk om maatstawwe vir melkkuddes daar te stel en produsente help om dit te bereik en sodoende volhoubare wins te verseker, kontak Suretha Francis by Suretha@studbook.co.za of Schalk Greyling by Schalk@studbook.co.za. ■



Figuur 9: Kudde-ouderdomsverspreiding van produktiewe koeie in 'n melkkudde in vergelyking met ander kuddes in die studiegroep.

FUNKSIONELE vleisbeesvoerkrale

ELMARIE STOLTZ, LNR-Instituut vir Landbou-ingenieurswese

Vir die suksesvolle, volhoubare produksie van beesvleis is voldoende pasgemaakte fasilitete nodig. Hierdie fasilitete moet die bestuur van die stelsel vergemaklik, effektiwiteit verhoog en arbeid tot 'n minimum beperk.

Fasilitete moet funksioneel wees en 'n veilige omgewing vir die diere asook werkers tot gevolg hê.

Toerusting en fasilitete is duur om aan te koop of te bou en omdat behoeftes verskil, sal die ideale voerkraal nie vir alle produsente dieselfde wees nie. Die fasilitet moet so ontwerp word dat dit alle aspekte van produksie in ag neem. Voornemende voerkraaleenaars moet dus mooi nadink oor watter tipe voerkraalfasilitete benodig word.

Die voerkraal

'n Vleisbeesvoerkraal word hoofsaaklik gebou om beeste uit voerkrippe te voer. Daar is vereistes waaraan voldoen moet word. Waterafloopbeplanning en -besoedeling vereis baie aandag. Omgewingsimpakstudies asook afvalbestuur sal verseker ook 'n vereiste wees.

Omdat 'n voerkraal 'n intensieve produksiestelsel is, sal daar 'n klomp voordele aan hierdie verbouingstegniek wees. Van die voordele sluit in:

- 'n Klein oppervlakte word benodig.
- Beter voeromset word verkry en effektiwiteit word verhoog.
- Kapitaal kan baie sinvol aangewend word.
- Gebalanseerde voeding soos benodig kan wanneer nodig, verskaf word.
- Veediefstal kan ook beperk word.
- Naspoorbaarheid kan vir die verbruiker verseker word.

Met die ontwerp en bou van voerkrale kan daar ook nuwe tegnologie ingesluit word. Hierdie tegnologie help voorts om beter vleisgehalte en beter voeromsetverhoudings tot gevolg te hê.

Die gebruik van radio-frekvensie identifisering (RFID) tegnologie kan die hantering van die beeste verminder, gepaardgaande met minder spanning vir die diere. Minder spanning beteken ook minder melksuur in die spiere, wat beter vleiskwaliteit tot gevolg het. Op die ou einde dus lekkerder vleis op die tafel.

Die beplanning

By die beplanning van 'n doeltreffende beesvoerkraal moet 'n aantal vereistes oorweeg word. Hierdie beplanningsvereistes kan een of almal van die volgende en nog baie meer insluit:

- Uitvoerbaarheidstudie
- Omgewingsimpakstudies
- Keuse van 'n geskikte terrein
- Die beplanning van 'n geheel-uiteleg
- Die beplanning en ontwerp van individuele fasilitete


'n Tipiese voerkraaluiteg (Figuur 1) bestaan uit 'n voerkraal, hanteringsgeriewe, 'n kantoorkompleks, hospitaal, voergeriewe, 'n werkswinkelkompleks, watervoorsiening, paaie, afleibane, misafloptoordamme en windskuilings.

Die plasing van hierdie geriewe is belangrik en moet so hanteer word dat die uitleg volgens die eienskappe van die betrokke terrein kompak, sindelik, ordelik en arbeidsbesparend is. Só 'n uitleg sal produktiwiteit en bestuursgerief bevorder.


Afhangende van die bepaalde opset, sal daar soms reeds bepaalde geboue op die terrein wees. Indien moontlik, moet hierdie geboue met die nuwe geboue geïntegreer word om koste te bespaar.

Tipiese geheeluiteg van 'n voerkraal

Die voerkraal bestaan nie net uit die kampe nie, maar die krip speel 'n integrale rol in die effektiwiteit van die voerkraal. Die tipe diere wat gevoer gaan word, is ook 'n bepalende faktor en die fasilitete moet vir hierdie tipe diere voorsiening maak.



▲ Figuur 1: Tipiese geheeluiteg van 'n voerkraal.



▲ Figuur 2: Voerkripuiteg.

‘N TROTSE SUID-AFRIKAANSE HANDELSMERK



Terramycin® LA

The Trusted All Rounder*

VIR DIERE. VIR GESONDHEID. VIR JOU.

zoetis™

Terramycin® Diereformule: Reg. Nr. G1344 (Wet 36/1947). Oksitetrasiklienhidrochlorid 55 mg/g.
Terramycin® LA: Reg. Nr. G777 (Wet 76/1947). 200 mg Oksitetrasiklien pro ml.

Terramycin® LA: Reg. Nr. G333 (Wet 36/1947). 200 mg Oksitetrasiklien per ml.
Terramycin® Wound Spray: Reg. Nr. G3234 (Wet 36/1947). 4 g Oksitetrasiklienhydrochlorid

Terramycin® Wound Spray: Reg. Nr. G2234 (Wet 36/1947). 4 g Oksitetrasiklienhidrochloried (met blou merker kleurstof) ISALIAH LILY 2010-2014 (GT)

*SAAHA stats: 2010 - 2014 (Q3)

Zoetis South Africa (Pty) Ltd | Reg. Nr. 2012/001825/07 | Butelaan 58, Sandton, 2196, RSA
Posbus 783720, Sandton, 2146, RSA | Tel Nr.: 0860 ZOETIS (0860 963 847)

Pneumonia in sheep

BARRY VAN HOUTEN, Zoetis

Respiratory disease usually begins when an animal is stressed. Stress from overcrowding, transportation, adverse weather, lambing or other factors such as castration or tail docking weakens the immune system. This then predisposes animals to viral infections, which sets the stage for infection with bacteria that can settle in the lungs and cause severe damage.

Animals affected

All sheep are susceptible to respiratory disease. This however increases in situations of stress. Respiratory disease, especially Pasteurellosis, is most often seen in young stock that has encountered multiple stresses. It is also a problem in all sheep when conditions are dry and dusty. Contributing factors are: Overcrowding; dust; poor ventilation; transportation; lack of adequate feed or water; weather extremes including heat, cold and moisture; and lambing.

Causes

Pneumonia in lambs can be caused by bacteria, mycoplasma and viruses:

- Bacteria: *Mannheimia haemolytica* (formerly *Pasteurella haemolytica*) and *Pasteurella* spp.
- Viruses: *Parainfluenza*-type 3 (PI-3), Adeno-virus, and *Respiratory syncytial virus*
- *Mycoplasma* spp.
- Lungworm (*Dictyocaulus filaria*)

Clinical signs are poor appetite, fever, depression (stand alone with head down; slow to move or get up), runny nose, discharge from eyes (inflammation), coughing, difficulty breathing and wheezing.

Disease management: Prevention

The key to preventing respiratory disease is to reduce stress and to vaccinate against bacteria that cause disease. Currently no registered viral vaccines are available for sheep.

To reduce stress

- Handle animals with care
- Provide adequate rest, feed and water (especially after transportation)
- Minimise exposure to environmental conditions that contribute to disease, such as dust, crowding and fumes and maintain good housing and ventilation
- Avoid overcrowding
- Minimise heat stress
- Keep animals as clean and dry as possible
- Nutritional soundness also helps prevent disease and improve immune function
- Make sure animals receive adequate levels of vitamins and minerals

Vaccination

A respiratory vaccination programme should include at least:

- *Mannheimia haemolytica*: Consider One Shot Ultra™ 7 Reg. No. G2818 (Act 36/1947)
- Primary vaccination: Administer a single 1 ml dose of One Shot Ultra 7 to healthy sheep followed by a second dose of Ultra Choice 7 (Reg. No. 2804 [Act 36/1947]), four to six weeks later
- Revaccination: Annual revaccination with a single dose of One Shot Ultra is recommended

Treatment

Viral infections do not respond to antibiotics; however these products are effective against many secondary bacterial infections. Long-acting antibiotics such as Terramycin®/LA – Reg. No. G333 (Act 36/1947) – provide multiple days of therapy.

Dosage: 1 ml/10 kg body mass by intramuscular injection. In sheep over 50 kg, it is recommended that the dose be divided and administered at two injection sites. ■

Funksionele vleisbeesvoerkrale

Daar is inderdaad sekere norms waaraan 'n voerkraal moet voldoen. Elke bees benodig 'n sekere vreetspasie, staanspasie en beskerming teen die elemente.

Vir die voerkrip word 'n minimumkriplengte van 150 mm per bees benodig indien jong beeste *ad libitum* gevoer word. Ouer beeste benodig 'n langer kriplengte. Die aanbevole kriplengte in aanpassingskrale is 300 mm per bees en die krippe by aanpassingskrale is ook vlakker. **Figuur 2** toon 'n tipiese voerkripuitleg.

Die houkrale se ontwerp is net so belangrik. Sommige houkrale kan rond wees en ander langwerpig of hoekig. Vir elke ontwerp is daar sekere voor- en nadele. Ronde komplekse raak ook 'n opsie omdat dit goedkoper is om te bou en minder materiaal vereis.

Drukgange is 'n integrale deel van 'n voerkraal. Dit moet so ontwerp word dat dit die hantering vergemaklik en die stres op diere verminder. Tog moet dit sterk genoeg wees om jarelange diens te verseker.

Die materiaal wat gebruik word om die fasilitet mee te bou, is baie belangrik. Baie plastiekgedeeltes kom in die omloop wat dalk goedkoper en sterker as staal kan wees. Hierdie keuse moet verseker met groot oorleg geneem word.

'n Volledige handleiding oor vleisbeesfasiliteite is beskikbaar by die LNR-Instituut vir Landbou-ingenieurswese. Hierdie handleiding kan help om beter idees te verkry en te implementeer. Kontak Elmarie Stoltz by 012 842 4017 of stoltze@arc.agric.za vir meer inligting oor hierdie insiggewende handleiding. ■



◀ 1: RFID-tegnologie word vergelyk met die grootte van 'n ryskorrel.
▼ 2: 'n Tipiese voerkrip.



SA Graan/Sasol Chemicals (Kunsmis) fotokompetisie
– Fred Beck 2014



SACOTA and arbitration's role in our grain and oilseed industries

STEVE HOCHFELD, Hochfeld Group

Since the dawn of time, humanity has been buying, selling, bartering and trading. As there are at least two parties to every trade, we can assume that ever since the first trade, disputes arose and a method was needed to settle these disputes.

During the middle ages, the traditional way of settling disputes was to fight to the death in the presence of the king, or one of his senior officials. It was believed that the Lord would assist the party that had the law on his side. This was clearly shown by the guilty party being killed in the fight.

Gangsters, such as the legendary Al Capone, still used these old methods, even in modern times. Luckily for us, such deadly methods are no longer popular among business people and have been replaced by more conventional methods of settling disputes.

These methods are, in order of increasing aggression:

- Negotiation
- Mediation
- Arbitration
- Litigation

With the increasing cost and complexity of litigation and the long delays in bringing disputes to court, and thereafter judgments, appeals and further appeals, mediation and arbitration have become more popular over the past decades and are generally known as alternative dispute resolution.

Advantages of alternative dispute resolution

Disputes involving technical issues as well as those requiring specific industry knowledge, lend themselves to the arbitral process, which has some distinct advantages over litigation.

These advantages are:

- The disputing parties themselves can nominate a single arbitrator or arbitral tribunal (usually a panel of three arbitrators).
- If the disputing parties cannot agree on an arbitrator, then the independent arbitral body that was agreed to by the parties will appoint an arbitrator.
- If the defendant does not participate in the process, the arbitration will continue without them. Any arbitral award will be enforceable.
- The arbitral tribunal will have specific industry knowledge that will ensure that there is no need to explain industry standards or practices to the arbitral tribunal.
- The appointment of the arbitral tribunal can usually take place quickly and the dates for the arbitral hearing can be set down without delay. Thus a quick hearing of the dispute is possible and subject to the arbitral tribunal, a decision can also be taken quickly. There is no need to wait for an available court date, which may be years in the future.
- The arbitral procedure is entirely open for the disputing parties to decide upon. The physical location of the hearing, the applicable country law, the applicable procedures, whether legal representation will be allowed or not, whether an appeal will be allowed or not – these are all open to selection by the disputing parties.

...if you do have a claim to submit, read the contract and make sure that you strictly adhere to the time limits in the contract...

- Arbitrations are usually confidential, whereas court litigation is almost always public.
- Normally there is no appeal against an award by the arbitral tribunal. This speeds up the whole process.
- The arbitration award can quickly be made an order of court and is accordingly fully enforceable both locally and in many states overseas.
- The courts will normally not interfere in the arbitral process or the award. It is only in cases where the arbitrator is found to be incapable or dishonest, that the courts will interfere.

SACOTA and SAGOS

One of the first projects that the South African Cereals and Oilseeds Traders Association (SACOTA) instigated, was to develop a Standard Contract, SAGOS 1 (South African grains and oilseeds) for members and anyone else who would like to use it. From the start, the contract incorporated a mandatory arbitration clause. No dispute could be litigated. All disputes would have to be arbitrated.

The SAGOS contract has been revised several times with the current version being SAGOS 1 Ver. 9. This latest version incorporates a major change in the arbitration procedure. From the beginning of 2013 all arbitrations would be administered by the Arbitration Foundation of South Africa (AFSA) and would use the AFSA Expedited Rules for arbitrations. More information on AFSA's role will be given below and can also be obtained from the AFSA website (<http://www.arbitration.co.za>).

Arbitrators

To ensure that there were sufficient grain experienced and arbitration trained arbitrators available, nine individuals were nominated by SACOTA, GSA, NCM, and AFMA and underwent an arbitration course funded by the Maize Trust. Over the past years a number of them did not continue with arbitration work and the requirements to become an AFSA approved grain arbitrator have changed.

Currently anyone who wishes to become a grain arbitrator must:

- Have had a minimum of ten years commercial experience in the grain and allied trades.
- Have attended and passed the AFSA arbitrators course with an optional module of international arbitration.
- Be a person with a reputation for integrity and ethical behaviour.
- Be approved by the AFSA management committee.



SA Grain/Sasol Chemicals (Fertiliser) photo competition

▲ With the increasing cost and complexity of litigation and the long delays in bringing disputes to court, and thereafter judgments, appeals and further appeals, mediation and arbitration have become more popular over the past decades and are generally known as alternative dispute resolution.

The role of AFSA in arbitrations

AFSA is the administrative body which manages the arbitration in all its aspects, but has no input in the arbitral award, which is decided by the arbitrator.

AFSA will:

- Receive the request for arbitration.
- Liaise between the parties.
- Appoint an arbitrator acceptable to both parties.
Sclerotinia stem rot of sunflower is not a direct major threat to sunflower production in South Africa. However, Sclerotinia head rot can cause major damage, particularly in early-planted crops that

ripen in cool, wet conditions. Sclerotinia head rot is not limited to the major sunflower production areas (Limpopo, North West Province, Mpumalanga and Free State), but can also occur in other provinces where sunflower is grown.

The Department of Agriculture, Forestry and Fisheries' Crop Estimates Committee report this last season indicated seasonal variation in sunflower production areas affected by Sclerotinia head rot (**Graph 1** and **Graph 2**). According to this report the 2006 and 2014 seasons showed the highest percentage area affected by Sclerotinia head rot. And this fluctuation in percentage area affected by Sclerotinia head rot observed from 2006 - 2014 is strongly influenced by seasonal changes in environmental climatic conditions. Specific producers reported up to 100% infections this last season which resulted in extremely high financial losses.

Results from the Crop Estimates Committee correlate with the sunflower disease severity surveys carried out by the ARC-Grain Crops Institute (ARC-GCI) in Potchefstroom during the 2012/2013 and 2013/2014 seasons. The report from the severity survey indicated that Sclerotinia head rot was only found in the Delmas area (30%) in 2012/2013 whereas in 2013/2014 the disease spread to all major sunflower production areas causing epidemics of up to 60%, with the North West Province being hit the hardest.

The 2012/2013 season was a dry season compared to the 2013/2014 season, hence the huge differences in Sclerotinia disease epidemics and distribution.


How to identify the Sclerotinia diseases

Sclerotinia head rot

The fungus infects the back of the head during flowering and as the disease progresses, the tissues become soft, light brown and spongy (**Photo 1**). This infection extends into the developing head and down the stalk and eventually only the fibrous strands at the back of the head and upper stalk remains (**Photo 2**). The infected seed at the front of the head eventually falls out of the head due to the sheer weight of the infected seed. Large, black sclerotia (small, bird-dropping like, black particles) (**Photo 3**) develop below the seed layer and around the seeds.


Sclerotinia stem rot

Initial symptoms are sudden wilting of the



Graph 1: Percentage area planted affected by Sclerotinia from 2006 to 2014.

Department of Agriculture, Forestry & Fisheries, 2014



Graph 2: Percentage average severity and distribution of Sclerotinia head rot for the 2013/2014 season obtained from various localities.



Sclerotinia disease of sunflower: A devastating pathogen

plant, particularly during grain fill and a light brown, water-soaked area at the stem base will become obvious. The sunflower stem pith is a white, cotton-like tissue, which includes mycelial growth where large black sclerotia form within. Sclerotia can sometimes be seen on the outside of the stalks of sunflower plants when the plants get older (**Photo 4**). The stem will often break at this point of infection and when ripped open, black sclerotia can be seen (**Photo 5**). Heads do not fill properly due to nutrients and water not being taken up by the plant.

How does Sclerotinia infect sunflower plants?

Sclerotinia head rot

The fungus survives in the field as sclerotia in the soil and in plant debris. Sclerotia may survive for a period of up to four to seven years in the soil. Infection occurs during the flowering stage when there is high rainfall and cool temperatures. Wet soil results in the production of apothecia (small, mushroom-like, fruiting bodies) (**Photo 6**) from germinating sclerotia. Apothecia form and release spores into the air, which are windborne and can infect the sunflower head during wet

weather. Wounds on the back of the sunflower heads may become infection sources and initiate head rot.

Sclerotinia stem rot

In summer, when sunflower roots come in contact with the sclerotia, the sclerotia germinate and infect the roots. The fungus grows from the infected root into the taproot and forms a canker at the stem base.

This infection prevents the plant from taking up water and nutrients and the plant eventually wilts and dies. Neighbouring plants may be infected by root-to-root contact with infected plants. Development of stem rot is almost independent of weather conditions.

How to manage the disease

Outbreaks of sunflower head rot may result in infestation of lands previously free or with low levels of Sclerotinia. The infested fields are a threat to sunflowers and various susceptible crops, which may be planted again after a season's maize, since sclerotia may survive for long periods in infested soil.



- 1: Early water-soaked symptoms of a Sclerotinia infected sunflower head.
- 2: Later symptoms of a Sclerotinia infected sunflower head showing fibrous strands.
- 3: Sclerotia which survive either in or on the soil.
- 4: Infected stem showing sclerotia on the outside.
- 5: Ripped open sunflower stem showing sclerotia on the inside.
- 6: Apothecia produced by sclerotia on the soil surface.

Landini

Globalfarm

Die merk van gehalte



ENJINOMGEWINGSTANDAARDE

Volledig in Europa
vervaardig vir uit-
staande werkverrigting
en betroubaarheid

In Suid-Afrika ontwikkel
vir Suid-Afrikaanse
toestande

Nou Landini se top
verkoper in Suid-Afrika.
Wyd deur lokale
verbruikers beproef

Aangedryf deur
 Perkins
Diesel Enjins



Landini Globalfarm:

Modelreeks: 90 (61 kW) / 100 (68 kW) / 105 (73 kW)

Landini het met die insette van Suid-Afrikaanse verbruikers
die Globalfarm ontwerp en vervaardig. 'n Trekkerreeks mees
geskik vir Suid-Afrikaanse toestande - vind gerus uit
hoe kom

Uitstaande kenmerke:

- Eerste - wêreld Perkins Turbo diesel enjins volgens TIER 3 enjinomgewingstandaarde
- Basiese ratkas 12 + 12 plus spoelkas (shuttle)
- Lugfiltreerde lokaal ontwerp vir Suid-Afrikaanse toestande
- Voetplaatuitleg met rathefboom in die middel
- Kragaftakker 540/1000 rpm met grondspoed of onafhanklik
- Meganiese drie-punt hyssstelsel. Hyskapasiteit met twee hulpsilinders tussen
3700 - 4350 kg, afhangende van die model
- ROPS en sondak standaard



SPESIFIKASIE GEMEET AAN R/kW NIE MAKLIK GE-EWENAAR

SIEN GERUS U NAASTE HANDELAAR VIR MEER INFORMASIE OF KONTAK:
HOOFKANTOOR: 011 914 1700, KAAPROVINSIE: 011 914 1700, LIMPOPO/
MPUMALANGA: 082 653 4907, VRYSTAAT/NOORD-WES: 082 879 9550,
KWAZULU-NATAL/OOS-KAAP: 082 907 4336

Webblad: www.argosa.co.za Epos: landini@argosa.co.za



ARGO Industrial (Pty) Ltd.

« Deur **innovasie**
skep ons die
toekoms »

Die beste manier om jou toekoms te
voorspel, is om dit self te skep.

~Stephen Covey

Die wind van verandering het hernude energie teweeggebring.

Ons fokus het verder verskerp om produkte te ontwikkel wat ons produsente voorsien van innoverende tegnologieë wat die werking van bemesting en gewasse verbeter.

Met ons visie om die Kynoch-handelsnaam en -voetspoor in Suid- en Suidelike Afrika uit te brei en die voorste verskaffer van volhoubare plantvoedingsoplossings te wees, gaan ons die toekoms met vertroue tegemoet.

Skaar jou dus gerus by die voorste invoerder, vermenger en kleinhandelaar van die mees uitgebreide reeks kunsmisprodukte in Suidelike Afrika ... want ons rus nooit op ons louere nie ... inteendeel, ons gryp voortdurend verandering aan, want dit is wat ons op die voorpunt van innovasie hou.

Kynoch – verbeterde doeltreffendheid deur innovasie.

011 317 2000 | info@kynoch.co.za | www.kynoch.co.za

Nie handeldrywend in die Wes-Kaap nie.

Farmisco (Edms) Bpk. h/a Kynoch Fertilizer Reg. nr: 2009/0092541/07





Sclerotinia disease of sunflower: A devastating pathogen

The suggested norm is to avoid planting sunflowers on infested lands for a period of five to eight years. Under local production conditions this may entail planting maize under monoculture for at least five seasons.

Rotation will reduce stem rot more significantly than head rot. Head rot can still develop from windborne spores blown in from surrounding areas. Deep burial of sclerotia prevents them from producing apothecia. One must however avoid bringing these buried sclerotia to the surface in following seasons as they can then result in the disease developing again.

Resistance to stem and head rot does occur. Sunflower hybrids may be resistant to head rot and not stem rot and *vice versa*. No sunflower hybrid is resistant and resistance is influenced by weather conditions.

Local sunflower hybrids need to be screened and the mechanisms of resistance need to be determined for significant progress to be made for use in local management systems. Application of Benomyl as a seed treatment is currently the only registered fungicide on sunflowers in South Africa.

Researchers at the ARC-GCI in collaboration with the University of the Free State are presently involved in the evaluation of various biological control products and modelling of disease epidemics to optimise fungicide sprays for use in South Africa. Control of broadleaf weeds and volunteer sunflowers reduces possible inoculum increase

by reducing possible alternate hosts of Sclerotinia. Avoid planting sunflowers next to infested fields that could be a source of spores. Plant clean sunflower seed as infected seed may be a primary source of inoculum in uninfected fields.

Why is it crucial to prevent the disease?

Reports from the Crop Estimates Committee and the ARC-GCI survey shows that epidemics fluctuate yearly due to changes in environmental climatic conditions. This indicates that in a dry season the epidemics could be very low whereas in wet seasons when conditions are favourable, epidemics can be devastating.

This disease is capable of wiping out the entire sunflower planting on an individual producer's fields causing total sunflower loss in one season. The disease was so severe in the Lichtenburg area during the 2013/2014 season that some producers had to spray chemicals to dry their crops and stop the infection from progressing to the rest of the sunflower head.

This was done so that they could harvest earlier. Others opted to plough their crops down. The potential economic impact caused by this disease is so severe that it could lead to producers abandoning the crop thereby reducing the total area planted. This will result in increased imports and sunflower prices and a risky maize rotation crop.

For more information, contact Moses Ramusi at ramusim@arc.agric.za.



THE GSI GROUP SA

EXPAND YOUR OPERATION

MEET GOALS, INCREASE PROFITS AND SAVE TIME.
TURN YOUR PLANS INTO A REALITY.

A man wearing a yellow baseball cap and sunglasses is shown from the side, looking at a large architectural blueprint of a grain storage facility. In the background, several large, modern grain silos are visible under a clear blue sky. The GSI Group SA logo is in the top left corner of the advertisement.

Plan for your future with a complete farm system from GSI

Whether you are planning to farm more hectares or want to increase your marketing flexibility, use our expertise to design a system to meet your specific grain facility needs with the utmost efficiency.



produktief, ekonomies
CH 500C REEKС



Rotorstropers wat byhou

- Enkelrotor – beter materiaalbeheer en graanmonster
- 3,6 m lang rotor en groot 180° skeidingsarea
- Vinnigste aflaaispoed van 159 liter per sekonde
- Doeltreffende inlyn-enjinontwerp
- Drie modelle met graantenks van tot 12 300 liter

Vir meer inligting, kontak jou Challenger-handelaar of skakel Robbie Hall by 082 6111 972, Gary Halvorsen by 079 692 1478 of Hennie van der Walt by 072 110 8225.



CHALLENGER is 'n wêreldwye handelsmerk van AGCO



Die onkruidsaadbanks se effek op gewasverbouing

ELBÉ HUGO, LNR-Instituut vir Graangewasse

Die term saadbanks beskryf die versameling van alle onkruidsaade wat bo-op en binne-in die grondprofiel versprei is. Dit kan vergelyk word met 'n buis grond waarin die sade vertikaal en horisontaal versprei is.

Hierdie saadbanks is dus saamgestel uit sade wat onlangs vrygestel is (vars saad) en ook sade wat lankal vrygestel is en in die grond kan oorleef (ouer sade). Elke land waarop gewasse verbou word, se saadbanks sal verskil na aanleiding van die grondtipe, grondvog, omgewingstoestande en dominante onkruidspesies wat voorkom.

Die onkruidsaadbanks gee 'n belangrike aanduiding van die fisiese geskiedenis van onkruid wat oor die jare teenwoordig is op 'n land asook waar produksiepraktyke noemenswaardige verskille in die getalle van onkruidspesies tot gevolg gehad het.

Horizontale verspreiding van onkruidsaad in die saadbanks sal ooreenstem met die rigting waarin gewasse geplant word, terwyl vertikale verspreiding bepaal sal word deur die tipe grondbewerking.

In gopleegde lande sal die meeste onkruidsaad in die boonste 10 cm tot 15 cm voorkom, terwyl saad in minimumbewerkte lande (byvoorbeeld rip-op-ry) in die eerste 5 cm tot 10 cm gekonsentreerd sal wees. In geenbewerkte lande word meeste van die onkruidsaad bo-op die grond of net onder die grondoppervlakte aangetref.


Die grootte van onkruidsaad speel ook 'n rol in die ontkieming van kleinsadige onkruid, soos byvoorbeeld grasonkruid, withondebossie en gewone misbriedie – wat vlak ontkiem. Grootsadige onkruid van byvoorbeeld oliebome en kankerroos, wat meer voedingsreserwes het, kan dus dieper in die grondprofiel ontkiem.

Onkruidsaad kan langer onder die grond (5 cm - 15 cm) oorleef (bewerkte lande), terwyl dit bo-op die grond (geenbewerkte lande) meer blootgestel is aan predasie deur voëls en knaagdiere asook omgewingstoestande.

Onkruidsaad se suksesvolle oorlewing en ontkieming in die grond hang grootliks af van die inherente saaddormansie (die vermoë van saad om ongunstige toestande te oorleef) van elke onkruidspesie, maar die hoeveelheid saad en omgewingsfaktore speel ook 'n groot rol. Die oorgrote meerderheid van onkruidsaad se oorlewingstydperk wissel tussen twee en vier jaar, maar sommige grootsadige onkruidspesies kan tot tien jaar of langer oorleef.

Die hoofbron van onkruidsaad in 'n saadbanks is afkomstig van onkruidspesies wat beheer "ontsnap", of waar oneffektiewe beheer verkry is en onkruidse saad stort ná blom.

- 1a en 1b: Die gewone misbriedie (*Amaranthus hybridus*) se volwasse plant en saad.
- 2a en 2b: Die olieboom (*Datura spp.*) se volwasse plant en saad.
- 3a en 3b: Die withondebossie (*Chenopodium album*) se volwasse plant en saad.



Bewaringsbewerking of bewaringslandbou?

ANDRÉ NEL, LNR-Instituut vir Graangewasse

In die omgangstaal word baie terme gebruik as daar van bewerking gepraat word – terme soos konvensionele, verminderde, bewarings-, geen- en strookbewerking. Nog 'n term wat van tyd tot tyd gehoor word, is direkte plant.

Hierdie verskeidenheid van terme en hoe hul aangewend word, skep verwarring en misverstande, want wat een persoon met byvoorbeeld bewaringsbewerking bedoel, kan totaal verskil van dit wat iemand anders daaruit verstaan. Om misverstande te voorkom, is dit nodig dat dieselfde terme vir die dieselfde praktyke of begrippe gebruik word.

Konvensionele bewerking

Konvensionele bewerking verwys na hoe bewerking tans nog op groot skaal gedoen word. Die eerste of primêre bewerking voordat geplant word, is dan gewoonlik 'n ploegbewerking. Die ploegaksie versteur die bogrond met 'n mengaksie.

Onkruide word sodoende vernietig en die grootste gedeelte van die oesreste met die bogrond vermeng. Dit word soms met 'n tweede, vlakker bewerking opgevolg met die doel om 'n goeie saadbed te skep en onkruide te vernietig. Verdere bewerkings gedurende die seisoen word gedoen om bemesting toe te dien, onkruid te beheer, vog te bewaar of erosie te bekamp.



▲ 1: Bewaringsbewerking waar al die oesreste op die grondoppervlakte gelaat word terwyl die grond bewerk word, is nie bewaringslandbou nie.

Skaar-, skottel- en tandimemente word in konvensionele stelsels gebruik. Die herhaalde grondversteuring wat met konvensionele bewerking gepaard gaan, het die nadeel dat dit die grond se erosiekwasbaarheid verhoog, terwyl die struktuur vernietig word. Nie net neem die humusinhoud verder ook af nie, maar die mikro-organisme se balans word versteur wat op sy beurt ook daartoe bydra dat die grond se kwaliteit daal.

Ten spyte van die suksesvolle graanproduksie wat met konvensionele bewerking behaal is en steeds behaal word, ondermynt dit egter die langtermynvolhoubaarheid daarvan.

Bewaringsbewerking

Bewaringsbewerking is 'n ou term wat sy ontstaan in die VSA gehad het as *conservation tillage*. By bewaringsbewerking word 'n primêre bewerking gedoen, maar die grootste deel van die vorige seisoen se oesreste word op die grondoppervlakte agtergelaat. Verder word daar dan hoofsaaklik van chemiese in plaas van meganiese onkruidebeheer gebruik gemaak.

Met die oesreste op die grond behoue, word gronderosie, veral winderosie, beperk en vandaar die term "bewaringsbewerking". Die gebruik van 'n beitelploeg in plaas van 'n skaarploeg kan as bewarings-

bewerking beskou word. Die grond word egter steeds deur die bewerking versteur.

Bewaringsbewerking het 'n groot impak op erosie in die Vrystaat gemaak. Die sandgrond van die Noord- en Noordwes-Vrystaat is aanvanklik geploei wat dit besonder kwesbaar vir winderosie gemaak het. Gedurende die 1970's het die rip-opy-bewerkingstelsel die lig gesien waar die meeste oesreste op die grondoppervlak gelaat word.

Die oesreste bekamp erosie en kan dit selfs voorkom indien die bedekking van die grond voldoende is. Onkruiddoders se toenemende beskikbaarheid en die gebruik daarvan het ook bewaringsbewerking bevorder. Met bewaringsbewerking word erosie bekamp, maar dit laat steeds die grond se kwaliteit daal.

Geenbewerking

Geenbewerking is maar bloot die Afrikaans vir *no-till*. Geen primêre grondbewerking word toegepas nie en daar word in 'n onversteurde grond geplant. Die enigste versteuring van die grond vind tydens die plantproses plaas. Dit is dus sinoniem met "direkte plant", soos dit in Argentinië genoem word. Met geenbewerking word erosie en die kwaliteitsagteruitgang van die grond beperk.



▲ 2: Konvensionele bewerking verhoog die erosiekwasbaarheid van grond.

Strookbewerking

Strookbewerking, of die sogenaamde *strip-till*, is waar 'n strook sowat 30 cm breed, van die grond bewerk word. Die bewerking word slegs gedoen waar geplant gaan word, met 'n onbewerkte gedeelte tussen die plantrye. In 'n 90 cm-ryspasiëring word 'n derde van 'n land dus bewerk.

Die saadbed word in stroke gemaak en 'n konvensionele planter sonder enige aanpassing kan steeds gebruik word. Die nadeel van strookbewerking is dat 'n gedeelte van die grond steeds onderhewig is aan die nadele van konvensionele bewerking.

Bewaringsbewerking, geenbewerking en strookbewerking is dus terme wat spesifiek met bewerking te doen het.

Bewaringslandbou

Baie mense gebruik die term bewaringsbewerking, maar bedoel eintlik bewaringslandbou of bewaringsboerdery. Bewaringsbewerking en bewaringslandbou is nie dieselfde ding nie.

Bewaringslandbou, soos van die naam afgelei kan word, is 'n produksiestelsel en konsentreer met ander woorde nie net op bewerking nie. Indien graan in 'n bewaringslandboustelsel geproduseer word,

word minstens drie praktyke of beginsels saam toegepas. Die eerste praktyk is minimumgrondversteuring en indien 'n betrokke grond daarvoor geskik is, geenbewerking. Geenbewerking het die voordeel dat die grond se erosiekwesbaarheid laag gehou word en dat voordelige organismes in die grond kan gedy deurdat hul habitat nie versteur word nie.

Die tweede praktyk is die behoud van oesreste op die grondoppervlak. Dit beperk ook erosie, veral winderosie en bevorder die infiltrasie van water. Die voordeel is dat die effektiewe reënval verhoog word weens minder afloop. 'n Groter hoeveelheid graan kan dus per millimeter reën wat val, geproduseer word. Dit is 'n baie belangrike voordeel in die semi-ariede klimaat waarin ons graan produseer en waar water gewoonlik die mees beperkende produksiefaktor is.

Die derde praktyk is wisselbou en ons weet reeds baie lank dat wisselbou 'n manier is om die siekterisiko so laag as moontlik te hou. Die grond se kwaliteit of gesondheid word ook bevorder, veral met die insluiting van peulgewasse in die gewasstelsel. Die graankwaliteit word gewoonlik ook deur wisselbou bevorder. Ondervinding wys duidelik dat in seisoene waartydens mieliekwaliteit 'n probleem

raak, oortref mielies wat deur sonneblom voorafgegaan is, se kwaliteit gewoonlik dié van monokultuur-mielies.

In bewaringslandboustelsels word implemente soos skeurploeë, skottelée en ploeë nie meer gebruik nie, omdat dit die erosiekwesbaarheid van die grond verhoog en die kwaliteit van die grond laat agteruitgaan. Dit is implemente wat 'n belangrike rol in konvensionele gewasproduksiestelsels speel, waar dit vir primêre grondbewerking en onkruidbeheer gebruik word.

In bewaringslandboustelsels word die genoemde implemente slegs in uitsonderlike gevalle (en beperk) aangewend, soos om 'n ernstige probleem met verdigting op te hef of om kalk in te werk.

Alle aanduidings is dat konvensionele gewasstelsels, waar die grond by herhaling versteur word en mielies in monokultuur verbou word, nie volhoubaar is nie. Bewaringslandboustelsels is die enigste wyse waarop volhoubare graanproduksie bevorder kan word. Ons uitdaging is om die fynere besonderhede van die stelsel op alle grondsoorte uit te werk om dit te laat slaag. ■



Die onkruidsaadbanks effek op gewasverbouing

“ Die goue reël van effektiewe verminderung van onkruidsaad in die saadbanks is om te verhoed dat onkruide volwasse word, blom en saad stort. ”

Onkruidsaade kan egter ook versprei word deur wind, water, diere en besmette implemente tydens grondbewerking en die oesproses.

Meeste onkruide is bekend daarvoor dat dit hoë getalle saad vrystel, maar die ontkieming en opkoms van saad kan drasties afneem wanneer geen nuwe, vars saad in die saadbanks gedeponeer word nie, dit wil sê wanneer onkruide effektief beheer word.

Om die storting van saad te verhoed, is die beste manier om onkruidgetalle effektief te beheer. In een studie is die saadbanks van gras- en breëblaaronkruide tot 5% verlaag oor 'n periode van vyf jaar, maar toe onkruide in die sesde jaar nie beheer is nie, het onkruidgetalle in die saadbanks met 90% verhoog. Een jaar se oneffektiewe beheer van onkruide het dus verreikende gevolge

op die onkruidgetalle in die saadbanks. Soos reeds genoem, produseer onkruidspesies duisende of selfs miljoene sade per plant, byvoorbeeld een porseleinplant produseer 52 000 sade, withondebossie 72 000 sade per plant en gewone misbredie 117 000 sade per plant.

Grasspesies is ook bekend vir hulle saadproduksie en een kruisingerplant produseer ongeveer 180 000 sade en een uintjeknol kan gedurende een jaar tot 1 900 plante met 7 000 knolle produseer. Hierdie prentjie skets dus die belangrikheid daarvan om onkruidsaadgetalle so ver as moontlik te verminder gedurende 'n plantseisoen.

Die hele dinamika en bestuur van die onkruidsaadbanks in die grond het ook omvattende gevolge wanneer onkruiddoderweerstandige onkruidspesies in 'n land voorkom. Alle populasies van onkruidspesies het tot 'n mindere of meerder mate 'n "natuurlike" weerstand teen sekere onkruiddoders.

Wanneer slegs een of twee plante in 'n onkruidpopulasie beheer "ontsnap" en saad stort, gee dit oorsprong aan 'n volgende, meer weerstandige populasie. Só kan 'n klein weerstandige populasie dan binne die bestek van twee tot drie jaar 'n hele land besmet.

Die goue reël van effektiewe verminderung van onkruidsaad in die saadbanks is om te verhoed dat onkruide volwasse word, blom en saad stort. Effektiewe beheer deur middel van grondbewerking en/of onkruiddoders moet vroegtydig toegepas word om sodende die onkruidsaadbanks te bestuur en oor tyd te verminder.

Vir meer inligting, kontak Elbé Hugo by HugoE@arc.agric.za of 018 299 6298. ■



Hoe akkuraat was die Oesskattingskomitee?

- 13 Februarie 2015

PETRU FOURIE, ekonom, Bedryfsdienste, Graan SA

Die 2013/2014-produksieseisoen, veral in die westelike dele van Suid-Afrika, sal as een van die beste in terme van landboustende onthou word, als te danke aan reën wat op net die regte tyd voorgekom het. In hierdie artikel word 'n oorsig van die verloop van die oesskatting vir die 2013/2014-produksieseisoen (pas afgelope seisoen) gegee. Daar word gepoog om te kyk hoe die Nasionale Oesskattingskomitee (NOK) sedert die bekendmaking van die eerste produksieskatting (Februarie 2014) tot die finale mielie-oes (Februarie 2015) verander en afgewyk het. Die bekendmaking van akkurate en tydige inligting is van kritieke belang aangesien dit 'n direkte impak op prysvorming in die vrye mark het.

Verloop van die 2013/2014-produksieseisoen

Die seisoen het afgeskop met grondvogvlakte wat feitlik uitgeput was in die westelike dele van die land. Hierdie situasie het egter handomkeer verander as gevolg van tydige reën wat die grondvog beduidend aangevul het. In die meeste van Suid-Afrika se produksiegebiede het voldoende opvolgreën gevallen wat tot rekordsomergraan- en oliesaadopbrengste bygedra het.

Onderskatting van die witmielie-oes

In **Grafiek 1** kan die maandelikse produksieskattingsyfers vir witmielies, vanaf die eerste skatting (Februarie) tot die finale skatting (September), soos bekend gemaak deur die NOK, gesien word. Die rooi lyn dui die gerealiseerde witmielie-oesyfer wat Februarie 2015 bekend gemaak is aan en die verskil tussen dié syfer en die maandelikse skattings (geel) is duidelik sigbaar. Die toename in produksieskattings danksy die gunstige produksiotoestande kan vanaf Februarie tot Mei duidelik waargeneem word, waarna die skattings vanaf Junie tot September feitlik dieselfde as die finale skatting wat Februarie vrygetel is, was.

Oorskating van die geelmielie-oes

In **Grafiek 2** kan die maandelikse produksieskattingsyfers vir geelmielies, vanaf die eerste skatting tot die finale skatting, gesien word. Oor die algemeen is goeie geelmielie-opbrengste behaal en die toename in die geelmielieproduksieskattingsyfers is ook duidelik sigbaar in die grafiek. Soos die gunstige landboustende in die oostelike dele van die land voortgeduur het, het die verwagte geelmielie-opbrengste ook toegeneem. Die NOK se eerste skatting in Februarie vir geelmielies was 5,854 miljoen ton teenoor die werklike grootte van die finale oes wat 6,540 miljoen was. Die NOK het die geelmielie-oes gedurende die laaste twee skattings (Augustus en September) met ongeveer 69 700 ton oorskot.

Norm waarbinne die NOK moet skat

In Suid-Afrika het die graanindustrie 'n norm/grens vir die Oesskattingskomitee gestel waarbinne die oesskatting moet wees, naamlik om vanaf die eerste tot die vierde skatting (Februarie tot Mei) nie meer as 8% vanaf die finale oes af te wyk en om vanaf die vyfde tot die agtste skatting (Junie tot September) nie meer as 5% vanaf die finale oes af te wyk nie. **Grafiek 3** dui die boonste en onderste aanvaarbare grens waarbinne die Oesskattingskomitee moet wees, aan. Indien die skatting (syfer) op 'n groter afwyking as die toelaatbare norm/grens dui, kan daar met retrospek na 'n oor- of onderskatting verwys word. In die grafiek kan gesien word dat


die afgelope seisoen se skattinge afsonderlik vir wit- en geelmielies, vanaf Februarie tot en met April buite die gestelde norm/grens gevall het. Met dié dat die wit- en geelmielie-oes albei gedurende Februarie tot en met April onderskat is, het dit meegebring dat die totale mielie-oes ook gedurende daardie periode onderskat is, waarna dit vanaf die vierde skatting (Mei) tot die finale skatting, baie mooi tussen die voorgestelde norm/grense beweeg het.

Slotsom

Dit is vir Graan SA, saam met die Oesskattingskakelkomitee (CELC), van kardinale belang dat geloofwaardige skattinge vrygestel moet word. Die bepalings van korrekte gemiddelde opbrengste is een van die NOK se moeilikste take, aangesien klimaat so 'n groot rol speel. Uitgesluit die ongewenste afwykings wat afsonderlik vir wit- en geelmielies gedurende Februarie tot April voorgekom het, was die res van die skatting baie goed binne die norm/grens. ■



Grafiek 1: Witmielies: Maandelikse produksieskatting versus finale oes (2013/2014-produksieseisoen).



Grafiek 2: Geelmielies: Maandelikse produksieskatting versus finale oes (2013/2014-produksieseisoen).



Grafiek 3: Die persentasie oor-/onderskatting van die mielie-oes teenoor die finale oes (2013/2014-produksieseisoen).



Die oes van grondbone:

Meganiese oes versus die pak van hopies

LOUREINE SALOMON, LNR-Instituut vir Graangewasse

Met die huidige stand van die ekonomie, is dit uiterst belangrik vir die grondboonprodusent om alle aspekte rondom grondboonverbouing noukeurig te ondersoek om sodoende koste-effektiewe besluite te kan neem.

Oestyd is een van die mees intense tydperke van die grondboonproduksiesiklus. Besluite wat hier geneem word, kan groot impakte hê op die finale winsmarge wat in die produsent se sak eindig. Dit hang nie net af van die korrekte oesdatum nie, maar ook van die oesmetode wat gevvolg word.

Die besluit of daar meganies geoes gaan word, kan gedoen word as die meganisasieterusting beskikbaar is en wanneer die toestande tydens oestyd die meganiese oes van grondbone toelaat en of daar gebruik gemaak gaan word van handearbeid vir die pak van hopies.

Watter oesmetode?

Wanneer die twee tipes oesmetodes aan die skaal gehang word, is daar beide voordele en nadele aan elk verbonde en sal die produsent elk moet opweeg teenoor sy eie unieke situasie op die plaas, om sodoende die korrekte besluit te kan maak.

Die meganiese oes van grondbone behels die lig van grondbone deur spesiale aangepaste grondboonuithalers (**Foto 1**) wat die grondbone lossny en uitskud voordat dit in windrye geplaas word wat bestaan uit twee tot vier aangeplante rye.

Hierdie windrye word dan op die land gelaat om winddroog te word en, afhangende van die weerstoestande, mag die windrye omgedraai word om eweredige afdroging te verseker. Wanneer die grondboonpeule 'n voginhoud van tussen 18% - 20% bereik het,

sal die plukproses 'n aanvang neem. Daarvoor word gespesialiseerde grondboonplukkers (**Foto 2**) ingespan om die taak te behartig.

Hantering

Hier kan die peule in beide losmaat of in sakvorm hanter word. Indien losmaathantering verkie word, moet daar vooraf met die verwerker reëlings getref word vir die droging van die losmaatgrondbone in spesiale drogingsaanlegte.

Indien grondbone gesak word ná die plukproses, sal die sakke op die land gelaat word om natuurlik af te droog waarna dit vervoer sal word na die verwerkingsaanleg. Hierdie metode van oes verg presisiebeplanning aangesien hier aspekte in gedagte gehou moet word, soos wat die hoeveelheid hektare is wat 'n plukker per dag kan behartig om sodoende net die regte hoeveelheid grondbone te lig vir 'n bepaalde dag.

Weer eens moet oesgereedheid in ag geneem word aangesien daar nou aanpassings gemaak sal moet word omdat die hele oes nie op optimale oesgereedheid geoes kan word nie en daar dus ingeboet sal moet word.

Verder sal daar peulverliese wees tydens die omdraai van die windrye, wat oesverliese tot gevvolg sal hê. Wat egter tot voordeel van die meganiese oesplosies is, is die feit dat daar tot 88% minder tyd bestee word aan man-ure wanneer die grondbone gelig word en 91% aan man-ure wanneer die bone gepluk word.

Die verkorte tydperk wat die grondboonoes op die plaas is nadat dit gepluk word indien meganiese droging beoog word, beteken ook 'n verlaagde risiko vir die produsent.



◀ 1: 'n Grondboonuithaler besig om grondbone te lig en in windrye te gooie.
▲ 2: 'n Meganiese grondboonplukker.

“ Grondbone bly winsgewend, maak nie saak of daar meganies geoes word of hopies gepak word nie... ”



▲ 3: Handearbeid besig om grondboonplante te skud nadat dit losgesny is met 'n uithaler-leem.
▼ 4: 'n Slattery-plukker waarmee grondboonhopies gepluk word.



Die oes van grondbone: Meganiese oes versus die pak van hopies

Hierdie metode is uiters gesik vir kommersiële grondboonproduksie aangesien daar met groot hoeveelhede gewerk word. Waak egter teen die vermenging van kultivars, wat uiters maklik kan gebeur aangesien meganiese oestoerusting soms baie moeilik is om skoon te maak nadat daar met 'n spesifieke kultivar gewerk is en so doende die kans van kultivarvermenging verhoog.

Met al die voordele uitgelig, is daar wel ook 'n nadelige kant. Die droging van grondbone in sakvorm nadat dit meganies gepluk is, is ook 'n proses op sy eie wat beplanning en toesighouding verg aangesien sakke grondbone geneig is om oor nag "voete te kry" en van die plaas af te verdwyn. Sulke diefstal veroorsaak aansienlike oesverliese en verg dus goeie bestuur om dit hok te slaan.

Die aankoop van meganiese toerusting wat benodig word vir die grondboonoesproses moet geregverdig word deur die hoeveelheid hektaar aanplantings wat jaarliks beplan word. Die toerusting is duur en gewasspesifiek. Daar moet dus besin word of die produsent 'n grondboonprodusent is en of daar net grondbone aangeplant gaan word.

Om met die ou, bekende metode grondbone in hopies te pak, behels die gebruik van baie handearbeid en is 'n tydsame proses wat goeie mensebestuur behels. Die uithaalproses geskied met 'n lem-tipe uithaler wat grondbone onder die grond lossny en dan 'n span arbeiders wat agterna kom en die grondbone fisies skud om van oortollige sand ontslae te raak (**Foto 3**).

Die plante word dan in grondboonhopies gepak waar hulle gelaat word om natuurlik te droog oor 'n tydperk van ses tot agt weke. Hierna word die plante gepluk en die peule gesak, waarna die oes na die verwerkeraanleg vervoer word.

Hierdie metode van grondbone oes is arbeidsintensief en tydsuur, maar lewer 'n hoër kwaliteit gradering van 'n grondboonoes as wat by die meganiese oesproses verkry word en word dus aanbeveel vir saadproduksie. Met hierdie metode van oes kan vermenging van kultivars baie goed bestuur word aangesien die plukkers wat gebruik word vir die pluk van hopies nog van die ouer tipes is,

soos die ou Slattery-plukkers (**Foto 4**) en dus maklik is om skoon te maak ná die oes van elke kultivar.

Natuurlik beïnvloed die weersomstandighede ook die keuse van watter oesmetode gebruik gaan word. In droogtejare gebeur dit dat die grondboonplante nie hoog genoeg groei nie en dus word daar probleme ondervind tydens die uithaalproses waar die uithalers nie die plantmateriaal opgetel kan kry nie en ook dat die kort plante deur die kettings val.

Dit lei sodoende tot groot verliese wat nie gedurende die uiterste toestande bekostig kan word nie. In baie nat jare, wanneer hoë reënval tydens oestyd ondervind word en daar nie voldoende afdroogtyd vir windrye op die lande is nie; asook die nat toestande op die lande wat veroorsaak dat swaar masjinerie vasval in die lande, sal die ou metode van hopies pak eerder gevolg moet word om sodoende oesverliese tot 'n minimum te bekamp.

Die meganiese oesproses wat in Amerika gevolg word, kan glad nie vergelyk word met die Suid-Afrikaanse oesproses nie aangesien daar in Amerika op 'n ryphedsgraad van 60% reeds begin oes word en daar meestal Runner-tipe grondbone verbou word.

Kwaliteit, soos gesien in Suid-Afrika, speel in Amerika ook nie so 'n groot rol nie. In Suid-Afrika word steeds gefokus op Spaanse-tipe grondbone waar daar op 75%-ryphedsgraad begin oes word om optimale kwaliteit en opbrengs te verkry. Dit is dus uiters belangrik vir die Suid-Afrikaanse produsent om in gedagte te hou dat hy 'n hoë kwaliteit produk moet lewer om die beste prys daarvoor te kry.

Grondbone bly winsgewend, maak nie saak of daar meganies geoes word of hopies gepak word nie – dit hang alles af van hoe die somme op plaasvlak klop. Die uiteinde van die saak bly: Wat is die winsmarge wat in die produsent se sak eindig en die kwaliteit van die produk wat gelewer word?

Vir navrae, kontak Loureine Salomon by SalomonL@arc.agric.za. ■



**MET 'N GROEIENDE
HANDELAARSNETWERK IS ONS
PRODUKTE NOG NADER AAN JOU...**



Bok Barnard 082 223 4890
Rieme Smith 082 902 7707
Niel Marais 082 442 2478
Bertus van Zyl 084 563 1647
Kantoor 058 863 2452

info@vanzylstaal.co.za
www.vanzylstaal.co.za





I invest in agriculture because I want to lead from the front

Profile: Minister Senzeni Zokwana

 JOHAN SMIT, SA Graan/Grain editorial team

The honourable minister of Agriculture, Forestry and Fisheries, Mr Senzeni Zokwana (59), dedicated time in his busy schedule to answer questions put to him by the *SA Graan/Grain* editorial team. Here he speaks openheartedly about the fact that for him, farming is a way of life; how he sees the way forward for farming in our country, and the fact that he wants to be remembered as an agricultural activist.

Q: Tell us more about growing up in the Eastern Cape?

A: Like all boys in the rural villages I grew up looking after family livestock. Children growing up in rural villages and homesteads participate in the planting, ploughing and harvesting of maize which is the staple food for many rural households.

I attended Nquthurha Primary School, then Cwicwini Junior Secondary School and finally finished my basic education at Ezizweni Secondary School at Nqamakwe in the Eastern Cape.

Q: Are you a family man?

A: Yes, I am married and have six children, three boys and three daughters. I do not have grandchildren yet, but I am blessed to see my children grow up.

Q: What is your motto in life?

A: "Live and let live," South Africans have achieved a lot more under peaceful existence than all the years of strife we endured. I believe there is always a better way of doing or achieving something and still being civil about things.

Q: Give three words to best describe your character.

A: Patience; attentiveness; resilience.

Q: Do you cultivate crops or livestock?

A: I do not identify myself as a farmer, nor do I communicate that about my homestead. I am merely continuing the legacy given to me by my father, and his father before him. We have always been a people of production and land tenure; this is the legacy I want to leave my children. The land is to be worked and is a valuable source in feeding the people of South Africa.

I have 45 goats, 120 sheep and 34 cattle; I also cultivate maize, potatoes and other vegetables; all for family consumption and helping my community when the need arises.

Q: What makes farming special for you? Why did you decide to invest in agriculture?

A: Farming is a way of life, not necessarily a career choice, though many commercial farmers contribute valuably to feeding the country. I farm because I grew up in a rural setting where one grew his own food, meat came from livestock, and we hardly bought food.

Times have changed and almost everything these days can be outsourced, this has brought a challenge of not getting enough young people being interested in farming, commercially or otherwise. I invest in agriculture because I want to lead from the front and work

FACT FILE

- Place of birth: Eastern Cape
- Date of birth: 04 March 1956

Current Positions

- Minister of Agriculture, Forestry and Fisheries with effect from 26 May 2014.
- Chairperson of the South African Communist Party and a Member of Parliament.

Career/memberships/other activities

- He previously served as the president of the National Union of Mineworkers (NUM). He became involved in trade union activism in 1980 during the apartheid-era in South Africa at the President Steyn gold mine in the Free State. He joined the ranks of NUM in 1983, became a shaft steward in 1984 and was elected to the branch executive committee at the President Steyn mine in 1985.
- He subsequently moved up the ranks to become branch chairperson in 1987, vice regional chairperson in 1992 and regional chairperson from 1993 to 1994. He was first a shift overseer on safety matters and in 1995, he joined the NUM staff as a safety officer, after proving himself a dedicated advocate of modern mine safety techniques.
- Zokwana was elected as vice-president in 1994; a position he held until 2000 when he was elected president. He was subsequently re-elected for the role and held the position until 2014.
- In 2005, he was elected as president of the International Chemical, Energy and Mine Workers' Federation at a special election and was re-elected in November 2011.
- Zokwana was also elected as vice-president of the Industrial Global Union at its founding congress on 19 June 2012.

the land; I am in solidarity with farmers when drought hits, certain diseases that attack livestock and various other factors that affect the industry, a minister that farms is a minister that understands.

Q: After almost nine months in office as minister, what is your view on how South African agriculture features compared to First World countries in general?

- A:** South African agriculture contains mostly three features:
1. Commercial producers: This sector of the industry contains highly mechanised means of production, large area of land(s) used to cultivate and/or keep livestock.
 2. Smallholder farmers: This a hugely mushrooming part of the

▲ Minister Zokwana attended the official opening of Grain SA's third Eastern Cape regional office in Maclear during August of last year.



industry, many people with small to medium plots of land are beginning to cultivate, breed livestock with the intention to export one day or specialise a product into the market. Many budding farmers also fail in this stage of farming as support may not reach them in time.

3. Pheasant farming is the farming I am currently involved in. I farm for myself and my family. There is no real intention to find a market for produce in this type of farming.

At present, the government does not subsidise any of the above. However, I feel support and growth initiatives should be provided for all citizens in agriculture and those with real interest to get involved in agricultural activity.

Q: What challenges does the South African agricultural industry face and how can it be addressed?

A: Access to land is currently the biggest challenge to citizens with an interest to farm, as arable agricultural land takes precedence in its preservation and in ensuring it is used to secure food for the nation. Citizens have various intentions for land which might not necessarily be at par with the government's intentions in land redistribution.

We cannot give land for the sake of giving. We need to ensure the stability of food production, transformation of the agricultural sector and that the skills and processes involved in the sector are preserved, transferred and taught to cater for a long-term sustainability of food production. Input costs into producing certain crops hamper high yielding of these crops. This factor can be overlooked sometimes and it is of a vital nature.

Access to markets for farmers in the industry is already a challenge we take seriously as a department. When the weather has been good for a particular produce, farmers need to be able to export their produce to markets where favourable pricing and conditions exist for trade. Current markets are being re-evaluated for expansion or re-entry if we do not currently trade in those markets.

Global competition in certain produce that South Africa also produces has hampered South African products getting a fair market share due to phenomena such as global dumping, e.g. chicken from Brazil. Certain market blocks also subsidise their products to such an extent that domestic agriculture suffers. As a department we are looking into long-term solutions for all these occurrences.

Q: Securing sufficient and affordable food for the people of South Africa is becoming increasingly important in your portfolio as minister. What are your views on food security and how the challenges surrounding it can be addressed?

A: Promotion of family food gardens is a key component of getting citi-

